

**POLITIEK-KONSTITUSIONELE VERANDERING IN
ANGOLA EN MOSAMBIEK SEDERT
ONAFHANKLIKWORDING: 'N VERGELYKENDE
PERSPEKTIEF**

MARIUS JOHAN BESTER, HONNS. B.A.

Verhandeling aanvaar vir die nakoming van die vereistes vir die graad **MAGISTER
ARTIUM** in Staatsleer in die Departement Politieke Wetenskappe aan die
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Studieleier : **DR. J. F. KIRSTEN**

POTCHEFSTROOM
Mei 1996

VOORWOORD

Die skryf van hierdie verhandeling sou nie moontlik gewees het sonder die vriendelike bystand wat deur die Afrika Instituut van Suid-Afrika verleen is nie. Dank moet ook gaan aan Mev. Elsa Brandt vir die taalversorging en aan Dr. Kirsten vir sy leiding, geduld en akademiese advies.

ABSTRACT: Political-constitutional change in Angola and Mozambique: A comparative study

When Angola and Mozambique became independent in 1975 they were two of the last countries on the continent of Africa to do so. The objective of this study is to supply a critical assessment of constitutional changes caused by and reflected in the above political changes in Angola and Mozambique since independence. This is done by drawing a comparison between the political-constitutional changes in these two countries.

Chapter one introduces the study. Chapter two looks at concepts like Marxism-Leninism and democracy and democratization in relation to Angola and Mozambique. In chapter three and four constitutional change during the period of Marxist-Leninist dominance in Angola and Mozambique is discussed respectively. Chapter five and six does the same, but for the period of the start of democratization, and until the end of 1994. Chapter seven draws some comparative conclusions about the process of change reflected in the constitutions of these countries. The most important findings are:

- *That political change in both countries was severely influenced by the civil wars that erupted shortly after independence.*
- *Marxism-Leninism never evolved away from its first step wherein a vanguard or ruling elite comes to power, supposedly to govern in the interest of the working class. Both Angola and Mozambique were thus never really Marxist-Leninist. Rather the Constitutions of both countries between 1975 and 1989 reflect countries that are only socialistically orientated.*
- *West-block international involvement delayed democratic and free-market reforms in both Angola and Mozambique.*
- *The United Nations played a decisive role in the failure of the democratization process in Angola by not supplying enough logistical support to ensure that demobilization could be completed before the 1992 elections. In Mozambique they did however not make the same mistake, allowing for enough troop support and time to complete the process.*

INHOUDSOPGAWE

1	INLEIDING	1
1.1	Probleemstelling	1
1.2	Doelstellings	3
1.3	Hipotese	4
1.4	Metodologiese verantwoording	4
1.5	Hoofstukindeling	5
2	STRATEGIESE KONSEPTE EN IDEOLOGIESE PERSPEKTIEWE: 'N TEORETIESE FUNDERING	7
2.1	Inleiding	7
2.2	Politiek-konstitusionele verandering: Definiëring van sleutelbegrippe	8
2.2.1	Politiek	8
2.2.2	Konstitusioneel	9
2.2.3	Verandering	9
2.3	Marxisme-Leninisme en demokratisering as politiek-konstitusionele invloede op Angola en Mosambiek	10
2.3.1	Marxisme-Leninisme	11
2.3.1.1	Die wesentlike aard van die Marxisties-Leninistiese ideologie	11
2.3.1.2	Praktiese toepassing van die sosialistiese ideologie	11
2.3.2	Demokratisering	13
2.3.2.1	Demokrasie	13
2.3.2.2	Demokratisering	15
2.3.2.3	Demokratisering en politiek-konstitusionele verandering in Afrika	16
2.4	Samevatting en gevolgtrekking	17

3	POLITIEK-KONSTITUSIONELE VERANDERING IN ANGOLA: 1975	
	TOT 1989	19
3.1	Inleiding	19
3.2	Aanloop tot onafhanklikwording en die politiek-konstitusionele posisie van Angola in 1975	20
3.2.1	Die rol van interne bevrydingsbewegings in die bevrydingstryd . . .	21
3.2.1.1	Die MPLA	21
3.2.1.2	Die FNLA	22
3.2.1.3	Unita	23
3.2.2	Onafhanklikwording	23
3.2.3	Die MPLA-oorname	24
3.3	Die politiek-konstitusionele posisie van Angola na die 1976 en 1980 grondwetlike veranderings	25
3.3.1	Inleiding	25
3.3.2	Die onafhanklikheidsgrondwet	25
3.3.2.1	Die 1980-grondwet	26
3.4	Die politiek-konstitusionele verandering van Angola: 1980 tot 1989	28
3.4.1	Grondwetlike konsolidering van mag (1980–1981)	29
3.4.2	Aanpassing in die verkiesingsmetode van die “ <i>People’s Assembly</i> ”	29
3.4.3	Die stigting van regionale rade	30
3.4.4	Aanstelling van vier “superministers”	30
3.4.5	Die Verdedigings- en Veiligheidsraad	30
3.4.6	Sleutelposisies in die regering	31
3.4.7	Aanpassings aan ekonomiese beleid	31
3.4.8	Die invloed van die burgeroorlog op konstitusionele verandering	32
3.4.9	Die invloed van die internasionale gemeenskap	32
3.5	Samevatting en gevolgtrekking	35

4	POLITIEK-KONSTITUSIONELE VERANDERING IN MOSAMBIEK: 1975 TOT 1990	37
4.1	Inleiding	37
4.2	Aanloop tot onafhanklikwording en die politiek-konstitusionele posisie van Mosambiek in 1975	38
4.2.1	Die rol van interne bevrydingsbewegings in die bevrydingstryd . . .	39
4.2.1.1	Frelimo	39
4.2.2	Onafhanklikwording — Frelimo-oorheersing	39
4.2.2.1	Die MNR — opposisie na onafhanklikheid	40
4.3	Die politiek-konstitusionele posisie van Mosambiek en die 1975–1978-onaf- hanklikheidsgrondwet	41
4.3.1	Die 1978 Mosambiekse grondwet: 'n situasieskets	42
4.4	Politiek-konstitusionele verandering in Mosambiek: 1978 tot 1990	43
4.4.1	Die MNR	44
4.4.2	Internasionale kritiek en Frelimo se politiek-ekonomiese beleid . . .	45
4.4.3	Die politiek-ekonomiese ommeswaai, 1987–1990	47
4.4.4	Internasionale verhoudinge	48
4.5	Samevatting en gevolgtrekking	50
5	POLITIEK-KONSTITUSIONELE VERANDERING IN ANGOLA: 1989 TOT 1994	53
5.1	Inleiding	53
5.2	Beëindiging van die burgeroorlog	54
5.3	Die September 1992 algemene verkiesing	56
5.4	Voortsetting van die burgeroorlog	57
5.5	Internasionale pogings om die burgeroorlog te beëindig	59
5.6	Politiek-konstitusionele verandering in Angola	60
5.7	Die MPLA-PT- en Unita-konsep-grondwette van 1991	61
5.8	Samevatting en gevolgtrekking	63

6	POLITIEK-KONSTITUSIONELE VERANDERING IN MOSAMBIEK: 1990 TOT 1994	66
6.1	Inleiding	66
6.2	Die 1990-grondwet	67
6.3	Die ooreenkoms tussen die MNR en Frelimo	69
6.4	Die algemene verkiesing van Oktober 1994	71
6.5	Reaksie op die verkiesingsuitslae	72
6.6	Samevatting en gevolgtrekking	74
7	ANGOLA EN MOSAMBIEK IN VERGELYKENDE PERSPEKTIEF: 'N SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING	76
7.1	Inleiding	76
7.2	Die onafhanklikwording van Angola en Mosambiek	77
7.3	Die Marxisties-Leninistiese tydperk	79
7.4	Die tydperk van demokratisering	83
7.5	Afsluiting	85
	BIBLIOGRAFIE	86

Hoofstuk 1

INLEIDING

1.1 Probleemstelling

Die sosio-politieke verandering van 'n samelewing is 'n dinamiese en voortdurende proses. In Afrika is hierdie proses sedert Maart 1957, met Ghana se onafhanklikwording, gekenmerk deur dekolonisasie (Calvocoressi, 1987: 363). Tans bestaan die neiging onder Afrika-state om te demokratiseer. As bewys van hierdie verskynsel wys Esterhuysen (1992: 55) daarop dat sewentien Afrika-state, insluitende Botswana, Gambië, Namibië, Egipte, Benin, Zambië en Zimbabwe, reeds in 1992 van veelparty politieke stelsels begin gebruik maak het. Hy wys ook daarop dat nie minder nie as 26 Afrika-state, byvoorbeeld Angola, Mosambiek, Kenia, Lesotho, Kameroen, Tsjaad, Algerië en Mali, in daardie stadium in die oorgangsproses na demokrasie verkeer het.

Angola en Mosambiek was twee van die laaste state om die koloniale juk af te skud. Met sy onttrekking uit hierdie state in 1975, het Portugal as voormalige koloniale moondheid Marxistiese diktatorskappe agtergelaat (Calvocoressi, 1987: 196). In Angola en Mosambiek, soos die meeste Marxisties-Leninistiese state, was hierdie nuwe politieke stelsels egter volslae mislukkinge as gevolg van die onvermoë om politieke stabiliteit en ekonomiese groei te bewerkstellig (Huntington, 1993: 57-58). In beide die geval van Angola en Mosambiek het burgeroorlog op onafhanklikwording gevolg. Hierdie burgeroorloë is gekenmerk deur die stryd om 'n einde te bring aan die twee langdurige eenparty regeringstelsels (volgens die Marxisties-Leninistiese oogmerke van die "*Movimento Popular de Libertacao de Angola*" (MPLA) in Angola en die "*Frente de Libertacao de Mocambique*" (FRELIMO) in

Mosambiek) wat na onafhanklikwording die leisels by Portugal oorgeneem het.

Burgeroorlog en die internasionale gemeenskap se siening van die oogmerke van die betrokke partye was dan ook tot en met die einde van die Koue Oorlog (\pm 1989 tot 1990) die belangrikste faktor in die konstitusioneel-politieke veranderingsproses van hierdie state. Met die einde van die Koue Oorlog het verandering egter ingetree. Soos wat met talle Afrika-state gebeur het, het ook Mosambiek en Angola begin om te demokratiseer.

Daar kan geargumenteer word dat veral Westerse internasionale druk en interne omstandighede hierdie twee state op die pad van demokratisering geplaas het. Instansies soos die Internasionale Monetêre Fonds (IMF), die Wêreldbank en verskeie Westerse state het naamlik begin om demokratisering as voorwaarde vir lenings en ander vorms van ekonomiese hulpverlening daar te stel (Gibbon, 1992: 214).

Nadat die MPLA 'n verkiesing in 1992 in Angola gewen het, het hul opposisie (en vyand in die voormalige burgeroorlog) die "*União Nacional para a Independência Total de Angola*" (UNITA) egter weereens die wapen opgeneem en het Angola tot teen die einde van 1994 teruggekeer na 'n staat van burgeroorlog. Die hervormingspogings in Angola het met die hernude uitbreek van burgeroorlog tydelik tot stilstand gekom, maar is in November 1994 weer hervat. In Mosambiek is in 1994, te midde van relatiewe vrede en grootskaalse Verenigde Nasies (VN)-betrokkenheid, ook 'n verkiesing gehou. In hierdie staat het dit 'n meer suksesvolle einde aan die burgeroorlog gebring (Meldrum, 1993: 47). Samewerking tussen die ou vyande, Frelimo en die "*Resistência Nacional Mocambicana*" (RENAMO), het hier plaasgevind.

Bestaande navorsing oor Angola en Mosambiek kan in vier kategorieë ingedeel word. Eerstens bestaan heelwat navorsingsresultate wat te make het met die onafhanklikwording van hierdie state in 1975 en die voorafgaande onafhanklikheidsstryd, beide ten opsigte van interne weerstand teen koloniale beheer asook ten opsigte van Afrika se betrokkenheid by die stryd. Voorbeelde sluit artikels in soos "*Establishing people's power to serve the masses*" deur Machel (1976) en "*The Portuguese colonies and decolonization*" deur Maxwell (1990).

Tweedens bestaan werke wat aandag gee aan die oorsprong van die burgeroorloë in hierdie state. Ten opsigte van Angola kan hier verwys word na Gervasi (1975) se werk "*Continuing escalation in the Angola crises*" en Gonzalez (1991) se werk "*Changes in*

Angola". Ten opsigte van Mosambiek skryf Meldrum (1993) "*Avoiding another Angola*" en lewer Hoile (1994) 'n werk getiteld "*Mozambique, resistance and freedom.*"

'n Derde kategorie stel ondersoek in na internasionale betrokkenheid na dekolonisasie — eerstens ten opsigte van die Oos/Wes-magstryd voor 1989 en tweedens ten opsigte van die periode wat geassosieer word met die post-Koue Oorlog-fase en laastens ten opsigte van Afrikastate en buurstate self in organisasies soos die Organisasie vir Afrika-eenheid (OAE) en die Southern African Development Council (SADC). Hier kan die volgende voorbeelde genoem word, naamlik: Neethling (1989) se "*Die OAE en die bevrydingstryd in Suider-Afrika*", Munslow (1990) se "*Ending the Cold War in Southern Africa*", "*Frontline Africa: the right to a future*" deur Smith (1990) en "*Economic dependence and regional cooperation in Southern Africa: SADCC and South Africa in confrontation*", deur Abegunrin (1990).

Vierdens en laastens kan 'n kategorie ook onderskei word wat aandag gee aan die algemene geskiedenis van die proses van verandering. Newit (1994) se "*A history of Mozambique*", en "*The political economy of Mozambique since independence*" onder redaksie van Covance (1994), is hier van belang.

Hoewel heelwat dus reeds geskryf is oor Angola en Mosambiek, kom leemtes egter steeds voor. Navorsing ontbreek byvoorbeeld oor 'n meer omvattende histories-kontemporêre vergelyking tussen die politiek- konstitusionele verandering wat in dié twee oud-Portugese kolonies plaasgevind het. Die enigste uitsondering is die genoemde artikel van Meldrum (1993) "*Avoiding another Angola*", waarin slegs 'n kort vergelyking tussen die mees onlangse verwickelinge in Angola en Mosambiek getref word. Die vergelyking wat hierdie verhandeling beoog, is meer omvattend van aard en wil hierdie leemte vul.

1.2 Doelstellings

Die doel van hierdie verhandeling is om die verskille en ooreenkomste in die na-koloniale politiek-konstitusionele verandering in Angola en Mosambiek te vergelyk. Dit sal gedoen word aan die hand van 'n beskrywende ontleding van die politiek-konstitusionele verandering en die proses van demokratisering in hierdie state.

Die volgende sub-doelstellings vloei uit die hoofdoelstelling voort:

- (a) Die mate waartoe die politiek-konstitusionele verandering in Angola en Mosambiek onderskeidelik as demokratisering beskou kan word;
- (b) die invloed wat die internasionale gemeenskap op die demokratiserings proses gehad het;
- (c) die rol van Afrika in die bevordering van demokratisering binne hierdie twee state;
- (d) die invloed van die beëindiging van die Koue Oorlog op die politiek-konstitusionele verandering van hierdie state;
- (e) die interne faktore wat die veranderingsprosesse in Angola en Mosambiek beïnvloed het; en
- (f) die wyse waarop laasgenoemde invloede plaasgevind het.

1.3 Hipotese

Die sentrale teoretiese uitgangspunt van hierdie verhandeling is dat twee duidelike ideologiese tydperke in die na koloniale, politiek-konstitusionele verandering van Angola en Mosambiek weerspieël word. Eerstens was daar 'n tydperk waarin Marxisme-Leninisme die belangrikste invloed op politiek-konstitusionele verandering was. Met die einde van die Koue Oorlog het demokratisering as gevolg van toenemende internasionale druk en interne politiek-ekonomiese faktore egter die belangrikste invloed geword wat politiek-konstitusionele veranderinge help teweegbring het. Die aanduidings is dus dat daar bepaalde ooreenkomste en verskille van die twee state bestaan.

1.4 Metodologiese verantwoording

Hierdie verhandeling word in sy geheel op 'n histories-kontemporêre en beskrywend-ontledende vergelyking gebaseer. Soos blyk uit die literatuurstudie, is die historiese verandering en ook die demokratiserings pogings van beide Angola en Mosambiek goed gedokumenteer. Wat hierdie verhandeling egter van bestaande navorsing onderskei, is dat dit spesifiek aandag gee aan die faktore wat konstitusionele verandering teweegbring het

asook dat dit 'n vergelyking van hierdie politiek-konstitusionele prosesse vanaf onafhanklikwording tot die einde van 1994 aanbied.

Deur gebruik te maak van 'n teoretiese fundering, sal die leser bekend gestel word met die konsepte politiek-konstitusionele verandering en demokratisering en sal ook aandag gegee word aan die agtergrond van die proses van politiek-konstitusionele ontwikkeling in Angola en Mosambiek in die Afrika-konteks. Hierna sal die verandering in Angola en Mosambiek afsonderlik beskryf word. Ten opsigte van elk sal van twee afdelings gebruik gemaak word, naamlik een wat aandag gee aan die proses sedert onafhanklikwording en tweedens een wat fokus op die periode sedert die einde van die Koue Oorlog tot en met 1994. Die doel van hierdie spesifieke indeling is om die effek van die beëindiging van die Koue Oorlog en die begin van die sogenaamde "Nuwe Wêreldorde" weer te gee. Die vraag wat in hierdie geval gevra word, is watter effek bogenoemde gebeure in die politiek-konstitusionele verandering van Angola en Mosambiek gehad het. Hierin sal die werk "*Constitutions of the Countries of the World*", onder redaksie van onderskeidelik Blaustein en Flanz (1981 & 1992) en Blaustein en Lessick (1992), wat 'n Engelse vertaling van die Angolese en Mosambiekse grondwette¹ verskaf, 'n belangrike rol speel.

Daar sal so ver as moontlik gepoog word om geen inligting weer te gee wat nie spesifiek op die Angolese en Mosambiekse konstitusionele veranderingsprosesse van toepassing is nie. Soos reeds aangedui, is heelwat reeds in die algemeen geskryf oor die politieke geskiedenis van Angola en Mosambiek. Hierdie verhandeling konsentreer egter op politiek-konstitusionele verandering en sal fokus op politieke faktore wat konstitusionele verandering beïnvloed het. Ten slotte sal 'n vergelyking getref word tussen die politiek-konstitusionele verandering in Angola en Mosambiek aan die hand van die teoretiese fundering in Hoofstuk 2.

1.5 Hoofstukindeling

Die hoofstukindeling lyk daarom soos volg:

Hoofstuk 2 bied 'n bespreking van begrippe en ideologiese perspektiewe wat strategies

¹Ander vertalings van die onderskeie Angolese en Mosambiekse grondwette bestaan wel, maar verskil nie in inhoud van hierdie werk nie. Om hierdie rede sal by die werk "*Constitutions of the Countries of the World*" volstaan word.

tot die verhandeling is aan. In hierdie hoofstuk sal gekyk word na die betekenis van die begrip “politiek-konstitusionele verandering” asook na temas soos Marxisme-Leninisme, die ontwikkeling van sosialisme, sosialistiesgeoriënteerde state, Afrika-Marxisme, demokratisering en demokrasie, wat deel uitgemaak het van hierdie verandering in Angola en Mosambiek.

Hoofstuk 3 bekijk politiek-konstitusionele verandering in Angola gedurende die periode 1975 tot 1989 toe Marxisme-Leninisme die belangrikste invloed op hierdie staat se veranderingsproses gehad het.

Hoofstuk 4 konsentreer op politiek-konstitusionele verandering in Mosambiek gedurende 1975 tot 1990 toe Marxisme-Leninisme, soortgelyk as in Angola gedurende 1975 tot 1989, die belangrikste invloed op die veranderingsproses was.

Hoofstuk 5 sit die bespreking van verandering wat in Hoofstuk 3 begin is, voort. In hierdie hoofstuk word die politiek-konstitusionele verandering in Angola van 1989 tot 1994 bespreek aan die hand van pogings tot demokratisering wat in hierdie periode aangepak is.

Hoofstuk 6 doen dieselfde as Hoofstuk 5, maar ten opsigte van die politiek-konstitusionele verandering tydens pogings tot demokratisering in Mosambiek gedurende 1989 tot 1994.

Hoofstuk 7 sal die politiek-konstitusionele verandering in Angola en Mosambiek vergelyk. Hierdie vergelyking, asook die gevolgtrekkings wat uit die vergelyking moontlik gemaak word, sal aangebied word as 'n samevatting van die voorafgaande hoofstukke.

Hoofstuk 2

STRATEGIESE KONSEPTE EN IDEOLOGIESE PERSPEKTIEWE: 'N TEORETIESE FUNDERING

2.1 Inleiding

Om die politiek-konstitusionele verandering wat sedert 1975 in Angola en Mosambiek plaasgevind het te vergelyk, is dit noodsaaklik om drie metodologiese stappe te onderneem. Die eerste stap, en die doel van hierdie hoofstuk, behels die kontekstualisering en definiëring van die konsepte verwant aan politiek-konstitusionele verandering sowel as die skets van 'n breër agtergrond in terme waarvan hierdie konsepte op Angola en Mosambiek van toepassing is. Tweedens moet die geskiedkundige veranderingsproses, soos wat dit sedert 1975 plaasgevind het, afsonderlik vir Angola en Mosambiek uiteengesit word. Hierdie stap sal in hoofstukke 3 tot 6 volg. Derdens, en slegs indien die eerste twee stappe afgehandel is, sal dit moontlik wees om 'n vergelyking te tref tussen die politiek-konstitusionele verandering in hierdie state in 'n slothoofstuk.

Kortweg saamgevat, is dit dus noodsaaklik dat die teoretiese agtergrond waarop die onderwerp gebaseer word, duidelik gestel sal word en dat die veranderingsproses in hierdie state uiteengesit word. Eers dan sal 'n vergelyking of oorwoë gevolgtrekking oor die aard van verandering moontlik wees.

Eerstens sal die konsep "politiek-konstitusionele verandering" verduidelik word. Twee-

dens sal die konsep Marxisme-Leninisme soos wat dit in die sosialisties georiënteerde state¹ van toepassing is, verduidelik word. Derdens word gekyk na demokratisering om 'n grondslag te lê in die lig waarvan verdere hoofstukke beter verstaan sal kan word en wat dit moontlik sal maak om die vergelyking tussen Angola en Mosambiek meer sinvol te maak.

2.2 Politiek-konstitusionele verandering: Definiëring van sleutelbegrippe

Wanneer die konsep politiek-konstitusionele verandering opgedeel word in die verskillende dele (a) politiek, (b) konstitusioneel en (c) verandering, kan die konsep makliker verduidelik word.

2.2.1 Politiek

Kotze en Van Wyk (1989: 130) wys daarop dat daar 'n menigte definisies vir "politiek" bestaan. Die kern van hierdie begrip lê egter vir hulle in die idees en instellings wat dit verteenwoordig of die aktiwiteite wat dit veronderstel in die daarstel van die reëls wat vir 'n bepaalde samelewing geld en afgedwing word. Isaak (1985: 22) beaam hierdie definisie van politiek wanneer hy sê dat politiek gesien behoort te word as 'n aktiwiteit, 'n aktiwiteit wat te make het met die uitoefening van mag met die doel om reëls vir 'n samelewing te maak en dit af te dwing. Roth et al., (1989: 3) bestempel, in ooreenstemming met bogenoemde skrywers, politiek as 'n proses wat te make het met die instellings en prosesse van regering, die manier waarop wette gemaak en afgedwing word. Hy gaan egter verder deur te sê dat dit die manier insluit waarop leiers verkies word en verhoudinge tussen regerings gevoer word.

Die konsep "politiek" kan dus gedefinieer word as die bedrywigheide van 'n samelewing wat die wyse waarop wette gemaak en afgedwing word, bepaal. Onderliggend aan hierdie konsep is die feit dat dit strukture of instellings skep wat oor 'n sekere mate van mag

¹Sosialisties georiënteerde state word gedefinieer as Derdewêreld-state wat daarop ingestel was of is om die sosialistiese ideaal te bereik sonder om deur die kapitalistiese fase te gaan (Chirkin & Judin, 1978: 7). Die amptelike Sowjet siening van hierdie tipe state, soos weergegee deur Chirkin (1985: 191), redeneer egter dat juis omdat sekere kapitalistiese elemente in hierdie state figureer, hul nie as volwaardige sosialistiese state gesien kan word nie. Vandaar die klassifikasie as sosialisties georiënteerd.

en verantwoordelikheid moet beskik om die bogenoemde basiese funksie te kan uitvoer. Politiek bepaal dus ook die verspreiding van mag binne 'n samelewing.

2.2.2 Konstitusioneel

Hierdie begrip word ook verklaar aan die hand van die reëls van 'n betrokke politieke stelsel. Dit beteken in die praktyk egter ook meer as dit, naamlik dat die aard en werking van politieke prosesse en instellings, sowel as die politieke norme van die samelewing, in die grondwet omskryf is (Kotze en Van Wyk, 1989: 79). Maar wat behels 'n grondwet?

'n Grondwet, aldus Kotze en Van Wyk (1989: 53), is "... 'n versameling van geskrewe en ongeskrewe maatreëls of wette wat die samestelling van die regeringstelsels, die verspreiding en verdeling van gesag onder die verskillende regeringinstellings en die algemene beginsels op welke grondslag hierdie gesag uitgeoefen moet word, bepaal." In die HAT (1992: 328) word die woord grondwet beskryf as die wet "...wat onder alle omstandighede geldend is, of waarop ander gegrond is...". Verder dui dit ook aan dat dit betrekking het op die wet wat "...in hooftrekke die regeringvorm van 'n staat, die funksies van staatsorgane en die verpligtinge en regte van burgers..." bepaal. 'n Grondwet behels dus 'n stel vasgestelde reëls of norme wat die wyse waarop die besluitneming plaasvind en die uitvoering van daardie besluitneming deur die gesagstrukture, verduidelik.

Indien politiek gesien word as die een kant van 'n munt (die reëls en magstrukture van 'n samelewing) kan die begrip "konstitusioneel" gesien word as die ander kant daarvan (die bestaande wet wat die politieke reëls bepaal).

2.2.3 Verandering

Die HAT (1992 : 1231) verduidelik dat die woord "verander" dui op 'n proses wat iets "Anders maak..." of wat dit "In 'n ander ding, toestand, vorm [laat] oorgaan". Gevolglik beteken die woord verandering die "Handeling..." of "...proses van te verander" (HAT, 1992 : 1231).

Kotze en Van Wyk (1989: 99) meen dat politieke verandering dui op die ingewikkelde

en wisselwerkende verband tussen die sosiale, ekonomiese, politieke, sielkundige, kulturele, godsdienstige, geografiese en ander faktore wat die gang van 'n samelewing beïnvloed.

Baradat (1988: 20) identifiseer 'n wye spektrum wyses en resultate van politieke verandering. Hy is van mening dat daar 'n direkte verband bestaan tussen die wyse waarop sulke verandering plaasvind en die eindresultaat wat bereik word².

Hoe die probleem ook al benader word, vir die doel van hierdie verhandeling dui verandering op die handeling of proses wat 'n politiek-konstitusionele *status quo* in 'n nuwe vorm laat oorgaan. Dit dui dus ook op die dinamika van die wyse waarop politieke reëls en norme bedryf word om die nuwe vorm wat dit aanneem, te veroorsaak. Hierdie reëls bly ook nie altyd dieselfde nie maar is eerder geneig om deur die norme en waardes van beleidmakers beïnvloed te word. Ten opsigte van beide Angola en Mosambiek kan twee sulke invloede onderskei word.

In die dekadende en 'n half wat op die onafhanklikwording van albei hierdie state in 1975 gevolg het, het die Marxistiese-Leninistiese ideologie die politiek-konstitusionele verandering oorheers. Teen die einde van die Koue Oorlog in 1989 het daar egter 'n tydperk aangebreek waarin demokratisering die Marxistiese-Leninistiese invloed vervang het. Vervolgens word in meer besonderhede op hierdie twee invloede (die Marxisme-Leninisme en demokratisering) ingegaan.

2.3 Marxisme-Leninisme en demokratisering as politiek-konstitusionele invloede op Angola en Mosambiek

Soos reeds kortliks aangedui, was daar twee belangrike invloede in Angola en Mosambiek wat bepalend was vir hul politiek-konstitusionele veranderingsrigting, naamlik Marxisme-Leninisme en demokratisering. Marxisme-Leninisme word eerste van nader beskou.

²Die wyse waarop verandering plaasvind en die politieke ingesteldheid van deelnemers tot die *status quo*, staan vir Baradat (1988: 20-38) in direkte verband. Verskillende ingestelthede van politieke deelnemers — hetsy radikaal, liberaal, gematig, konserwatief of reaksionêr — bepaal die rigting wat politiek-konstitusionele verandering inneem.

2.3.1 Marxisme-Leninisme

2.3.1.1 Die wesentlike aard van die Marxisties-Leninistiese ideologie

Baradat (1988: 163-164) wys daarop dat Marx se teorie van sosialisme drie basiese uitgangspunte behels, naamlik:

- (a) Dat produksie middele deur die publiek as kollektiewe geheel beheer en besit word;
- (b) dat die staat verantwoordelik is vir die totale onderhoud en versorging van sy burgers in 'n welvaartstaat; en
- (c) dat sosialisme die daarstel van 'n samelewing van oorvloed, gelykheid en die verdeling van hulpbronne voorsien (op so 'n wyse dat dit die burgers van die betrokke staat bevry van materiële nood).

Lenin se belangrikste toevoeging tot die Marxisties-sosialistiese denkrigting was om die idee van 'n oorgangsfase tussen die fase van kapitalisme en die einddoel van die utopiese sosialisme daar te stel en te definieer. Volgens Lenin is dit noodsaaklik dat 'n leierskorps uit die middelklas tevoorskyn sal tree om die werkersklas in rewolusie teen 'n kapitalistiese stelsel te lei. Om seker te maak dat die sosialisme in die betrokke staat suksesvol gevestig word moet die staat verder vir 'n tyd lank as diktatorskap deur bogenoemde leierskorps beheer word (Baradat, 1988: 165-167; Meyer, 1957: 108-112).

2.3.1.2 Praktiese toepassing van die sosialistiese ideologie

Daar is reeds kortliks in afdeling 2.1. van hierdie hoofstuk op gewys dat die voorskrifte vir die ontwikkeling van sosialisme in Derdewêreld-state en die sosialisme soos toegepas in die voormalige Oosblok-state nie dieselfde was nie. Volgens Chirkin (1985: 191) was sosialisme in Derdewêreld-state slegs 'n ideaal, gekenmerk deur 'n voortdurende proses van populêre rewolusie, terwyl dit in die meerderheid Oosblok-state (teen 1985), waar sulke rewolusies reeds suksesvol afgehandel is, meer van 'n realiteit was. Verdere voorskrifte vir sosialisties georiënteerde state is onder meer:

- (a) Die voortgesette teenwoordigheid van kapitalistiese elemente in die politiek en ekonomie. Botha (1995: 56) verwys na 'n "...onverminderbare minimum..." waaraan sosialisties georiënteerde of nasionalistiese bevrydingsbewegings moet voldoen om bewys te lewer dat hulle van kapitalisme af wegbeweeg. Hierdie minimum is dat pogings tot industrialisering plaasvind, dat beweeg word na 'n sisteem van sentrale ekonomiese beplanning, dat die landbousektor gekolektifiseer word (onder direkte staatsbeheer geplaas sal word) dat ekonomiese sleutelbedrywe genasionaliseer word en laastens dat streng staatsbeheer geskied ten opsigte van waar en hoe Westerse kapitaal geïnvesteer word;
- (b) dat eksterne invloede beskuldig word as rede vir onderontwikkeling in sosialisties georiënteerde state (Botha, 1988: 7); en
- (c) dat die sosialistiese rewolusie as deel van 'n wêreldwye rewolusie gevoer word (Botha, 1988: 25).

Rothchild en Foley (1987: 282-284), voer die argument verder. Hulle verwys na sosialisties georiënteerde state in Afrika as Afrika- Marxistiese state wat hul eie tipe Marxisme-Leninisme ontwikkel het. Hierdie tipe Marxisme-Leninisme vertoon die volgende kenmerke:

- (a) Dat die analise van 'n samelewing plaasvind met die klem op klas, eerder as op gelyke beklemtoning van klas en die mense ("*the people*") soos in egte Marxisties-Leninistiese state;
- (b) dat 'n oortuiging dat die staat deur een politieke party gelei moet word wat die werkersklas moet verteenwoordig, maar wat nie noodwendig uit werkers bestaan nie, posvat;
- (c) dat 'n doelgerigte beweging na sentralisme in die staatsvorm ontstaan (wat noodwendig tot meer sentralistiese instellings aanleiding gee);
- (d) dat 'n openlike insiklikheid en geneigdheid ontstaan om geweld te gebruik ten einde sosialistiese norme op die samelewing af te dwing; en
- (e) dat die oortuiging ontstaan dat 'n sosialistiese oriëntasie aanleiding gee tot natuurlike vriende in Oosblok-lande en dat hierdie beginsel die grondslag van internasionale beleid vorm.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat Marxisme-Leninisme in Afrika nie met die Marxisme-Leninisme in die Oosblok verwar moet word nie. Marxisme-Leninisme in Afrika (en dus ook in Angola en Mosambiek), het 'n aard en karakter van sy eie.

Die ander invloed wat in die Angolese en Mosambiekse politiek-konstitusionele veranderingsproses sigbaar is in die tydperk wat deur hierdie verhandeling gedek word (1975–1994), is die demokratisering (of pogings daartoe) wat plaasgevind het. Hieraan word vervolgens aandag gegee.

2.3.2 Demokratisering

Om die demokratiseringsproses te verduidelik, is dit noodsaaklik dat die betekenis van die konsep “demokrasie” duidelik gedefinieer word.

2.3.2.1 Demokrasie

Die woord demokrasie is afgelei van die Griekse woorde “*demos*” en “*kratos*”, wat onderskeidelik mense en krag beteken. Dit het oorspronklik verwys na die direkte stemreg (of krag van die mense) wat Griekse mans in hul stadstate geniet het (Laqueur, 1971: 144; Robertson, 1993: 129).

In die moderne konteks verwys demokrasie volgens die werk “*A Dictionary of Politics*” (Laqueur, 1971: 144) na 'n aantal basiese beginsels wat in 'n demokratiese politieke stelsel vervat is, naamlik:

- (a) Dat die regering die wil van sy burgers sal verteenwoordig (vandaar die voorvereiste vir gereelde verkiesings waarin alle burgers die reg tot geheime stemming sal hê);
- (b) dat daar ten minste twee, maar moontlik ook meer, politieke partye aan verkiesings moet deelneem (sodat daar 'n effektiewe opposisie kan bestaan);
- (c) dat die “*Rule of Law*”-beginsel sal geld (dit wil se dat geen burger sonder 'n regverdige verhoor aangehou sal word nie); en

(d) dat daar 'n skeiding sal wees tussen die uitvoerende, wetgewende en juridiese magte van die staat.

Demokrasie verteenwoordig volgens die *“Oxford Companion to Politics of the World”* (Krieger, 1993: 220–224) 'n spesifieke tipe politieke stelsel waarin die verhouding tussen die regering en die burgers waaroor dit regeer, bepaal word deur die gemeenskaplike waardes van die gemeenskap. Die regering regeer deur toestemming van sy burgers en is verantwoording verskuldig aan die burgers vir sy aksies.

Baie verskillende menings bestaan oor die presiese wyse waarop demokrasie bogenoemde verhouding tussen 'n regering en sy burgers bewerkstellig. Faure *et al.*, (1988: 5) spesifiseer byvoorbeeld die beginsels vir die bestaan van 'n suksesvolle demokrasie as 'n politieke stelsel waarin basiese menseregte beskerm word, die beginsels van meerderheidsregering en regering deur instemming geld, waar verantwoordelik geregeer word en konstitusionele magte geskei is. Dahl (1984: 2) daarenteen, glo dat demokrasie die vryheid van spraak, die reg om aan organisasies te behoort (en nuwe organisasies te stig), algemene stemreg (en die reg om tot die regering verkies te word), regverdige verkiesings en 'n wetgewende gesag onderhorig aan die burgers van die staat, behels. Die presiese bepalinge van 'n demokratiese politieke stelsel is egter nie so belangrik as die waardestelsel wat dit onderlê nie.

Hierdie waardestelsel veronderstel volgens Schmitter en O'Donnel (1989: 8) asook Kotze en Van Wyk (1988: 30), dat die basis van demokrasie burgerskap is. Verder impliseer dit ook 'n balans tussen die regte en verpligtinge van individue in 'n samelewing waarin alle volwasse burgers insae moet hê (in die besluitneming wat hul lewens raak) en ook dat die individu sekere regte besit waarvan hy nie vervreem mag word nie. Hy moet egter ook bereid wees om 'n bydrae (in die vorm van wetsgehoorsaamheid, byvoorbeeld) aan die samelewing te lewer.

Alhoewel baie Marxisties-Leninistiese en sosialisties georiënteerde state hulself ook as demokraties beskou het, is dit noodsaaklik om aan te dui dat 'n ander waardestelsel in hul geval van toepassing was. Waar hierdie state van die woord “demokrasie” gebruik gemaak het, het dit gedui op regerings wat daarop aanspraak gemaak het dat hulle die belange van die gemeenskap wat hulle gedien het, verteenwoordig het. Dit het nie noodwendig beteken dat daardie gemeenskap die reg gehad het om hul regering op 'n vry en regverdige wyse te verkies nie, dat meer as een party homself verkiesbaar kon stel, dat die *“Rule of Law”*-

beginsel gegeld het, of dat daar skeiding tussen die uitvoerende, wetgewende en juridiese gesag in daardie state was nie (Robertson, 1993: 130). Omdat bogenoemde beginsels die grondslag van 'n demokratiese stelsel behels, kan sulke state dus nie as demokraties beskou word nie.

Vir die doel van die verhandeling sal by hierdie beginsels gehou word om die konsep demokrasie te definieer. Vervolgens sal kortliks gekyk word na die konsep "demokratisering", die proses waardeur 'n demokratiese staat geskep word.

2.3.2.2 Demokratisering

Demokratisering verwys na die neiging of beweging van state in die rigting van die demokrasie (Lindblom, 1988: 83). Voor demokratisering kan plaasvind, moet daar egter eers 'n periode wees waarin die waardes van die samelewing sodanig verander dat dit op verandering aandring. Schmitter en O'Donnel (1989: 56) verwys na hierdie proses as die liberalisering van die gemeenskap. Liberalisering begin wanneer die gemeenskap aandring op verandering en druk op die regering plaas om in die rigting van 'n demokratiese politieke stelsel te hervorm. Gewoonlik bied die regering teenstand teen sulke druk. Indien die regering egter toegee en 'n meer tolerante politieke kultuur hieruit tot stand kom, het die liberaliseringsproses suksesvol plaasgevind.

Indien laasgenoemde fase plaasgevind het, behoort die hou van 'n verkiesing in die betrokke staat moontlik te wees. So 'n verkiesing word gesien as die afhandeling van 'n demokratiseringsproses. Wanneer die demokratiseringsproses afgehandel is, beteken dit egter nie noodwendig dat 'n demokratiese politieke stelsel geskep is nie, wel dat in die rigting van 'n demokratiese stelsel beweeg is. Die reëls van die verkiesing en die aanvaarding van die uitslag daarvan is die bepalende faktore in die vraag of die verkiesing die demokratiseringsproses suksesvol tot 'n demokratiese staat gelei het, al dan nie³ (Przeworski, 1988: 59; Schmitter en O'Donnel, 1989: 59-60).

Wat was die invloed van demokratisering op die politiek-konstitusionele verandering in Angola en Mosambiek? Om 'n antwoord op hierdie vraag te verkry, is dit noodsaaklik

³Die aanvaarding van demokrasie as politieke stelsel geskied slegs indien die waardes wat demokrasie ondersteun, deur die gemeenskap aanvaar word, 'n proses wat Schmitter en O'Donnel (1989: 60) die sosialisering van demokratiese waardes noem.

dat die posisie van demokratisering in die algemeen in Afrika kortliks ondersoek word.

2.3.2.3 Demokratisering en politiek-konstitusionele verandering in Afrika

Waar staan Afrika ten opsigte van demokratisering? Afrika-state is oor die algemeen ver agter die Eerste Wêreld⁴ ten opsigte van die bereiking van die demokratiese ideaal. 'n Bemoedigende verskynsel is egter dat Afrika oor die algemeen sedert 1989 al hoe nader aan die Eerstewêreld-posisie van "demokrasie" begin beweeg het. Aan die einde van 1992 het 'n mate van veelparty-politiek reeds amptelik in 41 state voorgekom (Marais, 1992: 47). Hierdie situasie vertoon 'n heel ander beeld as byvoorbeeld die situasie in 1985 toe slegs in twintig van die 51 state 'n mate van veel-party politiek beoefen is (Esterhuizen, 1992: 44-49). Hierdie verandering het hoofsaaklik plaasgevind as gevolg van twee redes. Eerstens kan geredeneer word dat die bestaande outoritere regerings onderwerp was aan interne druk vanuit die betrokke state self, dat die massas, arbeiders en die middelklasse nie meer bereid is om onder sulke regerings te leef nie (Fatton, 1990: 456). Tweedens moet die internasionale druk wat deur verskeie Eerstewêreld-state en internasionale organisasies soos die Internasionale Monetêre Fonds, die Wêreldbank, die Europese Gemeenskap en die Verenigde Nasies, op bogenoemde state om te demokratiseer, in ag geneem word.

Demokratisering is gesien as 'n voorvereiste vir politieke en ekonomiese stabiliteit. Indien Afrika nie bewys kan lewer van wesentlike demokratisering nie, bestaan die gevaar dat die kontinent uit die internasionale politiek geïsoleer sal word (Gambari, 1993: 10).

Tog was daar ook teenkanting teen demokratisering in Afrika. Marais (1992: 48) verwys daarna as die simptoom van die "Groot Manne". Volgens hom is dit hierdie einste "Groot Manne" wat voordeel getrek het uit ondersteuning van die grootmoondhede tydens die Koue Oorlog, wat nie hul bestaande magsbasisse wou skend deur demokratisering toe te laat nie.

Gambari (1993: 10) wys daarop dat baie van die leiers van Afrika-state wel geglo het dat dit wenslik was om polities te hervorm. Die enigste ander alternatief was 'n versekerde ineenstorting van die betrokke state se ekonomiese stelsels en/of revolusionêre opstande. Teenkanting teen die aandrang op demokratisering is egter 'n algemene tendens

⁴Die Westerse sogenaamde "geïndustrialiseerde" state word na verwys as die Eerstewêreld (Baradat, 1988: 244).

wat in Afrika as gevolg van outokratiese leiers wat hul magposisies probeer beskerm het, voorgekom het. Tog het demokratisering toegeneem en is outokratiese leiers stadig maar seker deur meer demokratiese instellings vervang. Dit kan toegeskryf word aan 'n besef wat posgevat het dat demokratisering onafwendbaar was indien totale ekonomiese verval verhoed wou word.

2.4 Samevatting en gevolgtrekking

Hierdie hoofstuk skep die teoretiese agtergrond waarop die res van die verhandeling gebaseer word. Daar is gekyk na drie sleutelbegrippe. Die eerste hiervan was die konsep “politiek-konstitusionele verandering”.

“Politiek” is gedefinieer as die proses verantwoordelik vir die daarstel van die reëls wat vir 'n bepaalde samelewing geld en wat die wyse bepaal waarop hierdie reëls afgedwing word. “Konstitusioneel” verwys na die grondwetlike beskrywing van die politieke reëls waarna hierbo verwys is. Die verband tussen politiek en konstitusioneel is dus dat politiek gesien moet word as die reëls en magstrukture van 'n samelewing, terwyl konstitusioneel die bestaande wet of wette, geskrewe of ongeskrewe, wat die politieke reëls bepaal, verteenwoordig. “Verandering” impliseer die proses waardeur iets anders gemaak word. Vir die doel van hierdie verhandeling dui dit op die handelings en prosesse waardeur die politiek-konstitusionele *status quo* in 'n nuwe vorm oorgaan. Dit gee dus 'n aanduiding van dinamika (beweging) in die politiek-konstitusionele proses.

Die tweede konsep waaraan aandag gegee is, was Marxisme-Leninisme. Ten opsigte van hierdie konsep is tot die gevolgtrekking gekom dat Marxisme-Leninisme in die Derde Wêreld en in Afrika verskil van die oorspronklike Marxisties-Leninistiese model soos dit in die Oosblok van toepassing was. In sosialisties georiënteerde state het die bereiking van die Marxisties-Leninistiese ideaal nog nie die gevorderde stadium van die Oosblok-state bereik nie. Kapitalistiese eienskappe en 'n groter beklemtoning van klas het byvoorbeeld steeds in die sosialisties georiënteerde (of Afrika-Marxistiese) state voorgekom.

Laastens is aandag gegee aan demokratisering. Demokratisering is gedefinieer as die neiging of beweging van state in die rigting van die demokrasie, 'n proses wat bestaan uit drie verskillende fases. Die eerste fase, liberalisering, verteenwoordig die daarstel van

'n stel nuwe waardes wat die regering van 'n staat dwing tot demokratiese verandering. Die tweede fase is die daarstel van die reëls waarvolgens 'n verkiesing gehou moet word in die proses om demokratisering af te sluit. Die derde fase verteenwoordig 'n tydperk waarin die gemeenskap gewoon gemaak word aan die nuwe reëls wat vir die staat geld en waarin die mate van aanvaarding van hierdie reëls die sukses van die proses bepaal. Daar is ook daarop gewys dat die afhandeling van die proses nie noodwendig bepaal dat 'n demokratiese staat geskep is nie, slegs dat in die rigting van 'n demokratiese politieke stelsel beweeg is.

Verder is ook kortliks aandag gegee aan die stand van die demokratiseringsproses in Afrika. Daar is gedui op die tendens van demokratisering in Afrika-state sedert 1989 onder politieke en ekonomiese druk vanuit die internasionale gemeenskap en spesifiek vanuit organisasies soos die Internasionale Monetêre Fonds en die Wêreldbank.

'n Paar gevolgtrekkings kom dus uit hierdie hoofstuk na vore wat belangrik is vir die verdere ontplooiing van die studie. Dit is eerstens dat die model van Marxisme-Leninisme in die Derde Wêreld en Oosblok-state verskil; tweedens dat demokrasie nie noodwendig die eindresultaat van demokratisering is nie en derdens dat daar tans in Afrika 'n beweging bestaan om te demokratiseer.

Vervolgens word in Hoofstuk 3 begin met 'n bespreking van die belangrikste politiek-konstitusionele veranderings in Angola.

Hoofstuk 3

POLITIEK-KONSTITUSIONELE VERANDERING IN ANGOLA: 1975 TOT 1989

3.1 Inleiding

Angola het in 1975 onafhanklikheid van Portugal verkry. Na onafhanklikwording het 'n oorgangsregering, bestaande uit die "*Movemento Popular de Libertacao de Angola*" (MPLA), "*Uniao Nacional para a Independencia Total de Angola*" (UNITA) en "*Frente Nacional de Libertacao de Angola*" (FNLA) (Lazitch, 1988: 22) bestaan. Weens die uitbreek van geweld tussen bogenoemde partye kort na onafhanklikwording, het die MPLA alleenbeheer oor die Angolese regering verkry (Warner, 1991: 39). Die MPLA was in die posisie om na eie goeddunke 'n grondwet vir Angola op te stel, 'n grondwet wat teen 1980 Marxisme-Leninisme as staatsideologie ondersteun het.

In Hoofstuk 3 word beoog om die politiek-konstitusionele situasie waarin Angola hom tydens onafhanklikwording in 1975 bevind het, uiteen te sit. Verder word ook beoog om chronologies die politiek-konstitusionele veranderings wat vanaf 1975 tot 1989 in hierdie staat plaasgevind het, te identifiseer, te verduidelik en die impak daarvan op die Angolese grondwet te bespreek.

Die 1975-situasieskets bied dan ook 'n ideale verwysingspunt om 'n vergelyking met 'n 1994-situasieskets te tref. Die 1994 situasieskets volg in Hoofstuk 5. Die rede hiervoor

is die 1989 afsnypunt waarvan in hierdie hoofstuk gebruik gemaak word. Maar waarom word in hierdie hoofstuk van so 'n afsnypunt gebruik gemaak en waarom juis 1989?

Die antwoord op die eerste gedeelte van die bogenoemde vraag, is metodologies van aard. Die skrywer beoog om meer as net die veranderingsproses in die grondwet van Angola aan te dui. Soos wat in hierdie hoofstuk en Hoofstuk 5 duidelik sal word, was daar twee verskillende denkbenaderings wat die konstitusionele politiek van Angola beïnvloed het. Die eerste denkbenadering of-raamwerk is die Marxisties-Leninistiese ideaal wat sedert onafhanklikwording van toepassing was op Angola en wat in hierdie hoofstuk veral na vore sal kom. Die tweede denkraamwerk of politiek-konstitusionele invloed is demokratisering. Die demokratisering van Angola, wat min of meer sedert 1989 (in antwoord op die vraag van waarom juis 1989 as afsnypunt) 'n meer prominente rol in die politiek-konstitusionele verandering van hierdie staat begin speel het (Dos Santos, 1990: 2), word in Hoofstuk 5 van nader bekyk.

Die eerste vraag wat dus beantwoord moet word is wat die politiek-konstitusionele posisie van Angola in 1975 was toe die land sy onafhanklikheid van Portugal gekry het.

3.2 Aanloop tot onafhanklikwording en die politiek-konstitusionele posisie van Angola in 1975

Die belangrikste rede waarom Angola in 1975 sy onafhanklikheid verwerf het, is die 1974-staatsgreep in Portugal (Barratt, 1976: 4). Die invloed wat laasgenoemde gebeurtenis op Angola, 'n Portugese provinsie¹, se politiek-konstitusionele verandering sou hê, kan as niks anders as fenomenaal beskryf word nie. Net soos in Portugal voor 1974, het daar in Angola voor 1975 'n sterk Marxisties-Leninistiese opposisie teen die bestaande regering posgevat as gevolg van 'n gebrek aan politieke vryheid. In Portugal was hierdie opposisie gemik op die omverwerping van die regering. In Angola sou dit geslaagd wedywer om

¹Angola was sedert 1915 'n Portugese kolonie (Warner, 1991: 21). Met aanvaarding van die Wet op Kolonies in 1930 het 'n ekonomiese assimilasiëproses begin met die doel om Angola amptelik 'n provinsie van Portugal te maak. Politieke ontevredenheid, veral ten opsigte van rassediskriminasie het egter tot die opkoms van verskeie nasionalistiese groepe gelei (Klinghoffer, 1980: 31). Hoewel Angola wel een van Portugal se provinsies geword het, is spesiale wetgewing geskep om Europese waardes en belange in Angola te verstewig. Dit het politieke ontevredenheid aangemoedig (Birmingham, 1992: 34-35; Warner, 1991: 21-25). Na die afloop van 'n suksesvolle staatsgreep in Portugal, onttrek die nuwe Portugese regering hom uit Angola en word die rol wat hierdie eens magtige koloniale moonheid daar gespeel het, drasties verklein (Barratt, 1976: 10).

die verkryging van onafhanklikheid (Lazitch, 1988: 21–22; Warner, 1991: 25–36) gesteun deur druk vanuit die internasionale gemeenskap om Angola sy eie gang te laat gaan.

Met onafhanklikwording was die enigste effektiewe interne politieke groeperings die nasionalistiese organisasies wat in opposisie tot die Portugese regering tot stand gekom het. Die stryd tussen hierdie groepe sou in die toekoms die lot van Angola se politiek-konstitusionele verandering bepaal.

Drie bevrydingsbewegings het in die Angolese konteks 'n belangrike rol gespeel. Hierdie organisasies was die MPLA, Unita en FNLA (Lazitch, 1988: 22). Vervolgens sal na hulle bydrae tot die politiek-konstitusionele verandering in Angola tydens en kort na onafhanklikwording gekyk word.

3.2.1 Die rol van interne bevrydingsbewegings in die bevrydingstryd

3.2.1.1 Die MPLA

Gestig in Desember 1956 uit die samesmelting van verskeie selle van die Angolese Kommunisteparty, het die MPLA aanvanklik bestaan uit intellektuele blankes met 'n Marxistiese-Komunistiese oriëntering² (Barratt, 1976: 4; Klinghoffer, 1980: 9).

Reeds op 4 Februarie 1961 het die MPLA vir die eerste keer gepoog om van die Portugese regering ontslae te raak toe ondersteuners van hierdie organisasie 'n polisiestrasie en gevangenis aangeval het om MPLA politieke gevangenes, onder andere dr. Augustino Neto wat later die eerste president van 'n onafhanklike Angola sou word, te bevry (Barratt, 1976: 5; Birmingham, 1992: 36; Mozambique, Angola and Guine Information Centre, 1976: 7). Die moontlikheid bestaan dat hulle ook gehoop het dat hierdie optrede as voorbeeld sou dien en tot algemene opstand sou lei, veral in die noorde van die land waar mense reeds geruime tyd hul ontevredenheid met die Portugese regering uitgespreek het (Barratt, 1976: 5). Hierdie stap van die MPLA was 'n totale mislukking en is gevolg deur grootskaalse blank-op-swart geweld en verdere vervolgings deur die regering van die dag op swart nasionaliste (Birmingham, 1992: 36).

²Marxistiese-Kommunisme verwys na die utopiese gelyke verdeling van hulpbronne onder die werkerburgers van 'n staat (Baradat, 1988: 164).

Gedurende 1966 het die MPLA 'n basis in Zambië tot stand gebring met die doel om gewapende weerstand teen die Portugese bewind in Angola te bied. Met Sowjet-toerusting en opleiding asook bykomende basisse in die Belgiese Kongo³ slaag hulle daarin om 'n effektiewe militêre weerstand teen Portugal binne Angola op die been te bring en word hulle tydens die aanloop tot onafhanklikwording (1974–1975) die sterkste weerstandsbeweging.

3.2.1.2 Die FNLA

Die FNLA is oorspronklik in 1954 gestig as die "*Uniao das Populacoes do Norte de Angola*" (UPNA) om die belange van die Bakongo-stam te verteenwoordig in sy strewe na die herstel van 'n Kongo-koninkryk. Gedurende 1957 is besef dat bogenoemde ideaal nie haalbaar was nie en het UPNA sy naam na "*Uniao das Populacoes de Angola*" (UPA) verander, verskeie kleiner weerstandsgroeperings in die destydse Belgiese Kongo(3) geïnkorporeer en is sy doelwit verskuif na die verkryging van onafhanklikheid vir Angola (Barratt, 1976: 5; Warner, 1991: 27).

Gedurende 1961 het UPA se militêre vleuel, "*Exercito de Libertacao Nacional de Angola*" (ELNA), betrokke geraak in stamgevegte in die noorde van Angola. Die geweld is egter gou onderdruk met die aankoms van versterkings uit Portugal (Warner, 1991: 29). Voortaan het die UPA/ELNA hom toegespits op die guerilla-opleiding van sy troepe sowel as die motivering van hierdie troepe as soldate teen die Portugese owerheid. Dit alles het plaasgevind onder leiding van Holden Roberto, die nuwe sekretaris-generaal van die FNLA (Klinghoffer, 1980: 13) en het dit die fokus weggeneem van onderlinge stamgeweld (Barratt, 1976: 6).

In Maart 1962 het die UPA weer eens 'n naamsverandering ondergaan vanaf die Unie van die Mense van Angola na die Nasionale Organisasie vir die Bevryding van Angola (FNLA) ondergaan, en het dit 'n regering in ballingskap saamgestel in 'n poging om die organisasie 'n meer nasionalistiese karakter te gee. Daar is gepoog om die regering verteenwoordigend te maak van die stamme van Angola. Jonas Savimbi van die Ovimbundu-stam is byvoorbeeld tot minister van buitelandse sake benoem (Klinghoffer, 1980: 13). Steeds was die oorgrote meerderheid van die ondersteuners en leierskap van die FNLA Bakongo's en was hul guerilla-bedrywighede gekonsentreer in Noord-Angola waar die Bakongo teenwoordigheid die sterkste was (Barratt, 1976: 6–7).

³Die Belgiese Kongo is vandag die staat Zaire (Calvocoressi, 1987: 388).

3.2.1.3 Unita

Jonas Savimbi en die FNLA se paaie het in 1964 geskei na beskuldigings van stamgerigheid en korrupsie binne die FNLA. In 1966 het Savimbi Unita as wegbreekgroep van die FNLA, met Ovimbundu-steun in die sentrale hooglande en in die suide van Angola, gestig (Barratt, 1976: 7 & Klinghoffer, 1980: 13).

Aanvanklik het Unita ook sy operasies vanuit Zambië geloods met steun van die Zambiese regering. Na beskuldigings in 1967 dat Unita guerilla-vegters die Benguela-spoorlyn opgeblaas het — 'n spoorlyn wat Zambië met die Atlantiese Oseaan verbind — het Zambië egter sy steun aan hierdie organisasie onttrek. Voortaan het hierdie land uitsluitlike steun aan die MPLA gebied en moes organisasies soos Unita en die FNLA sonder hulp van die Zambiese staat opereer, 'n feit wat hul effektiwiteit gekortwiek het. Eers in 1975 toe dit duidelik geblyk het dat die MPLA daarin sou slaag om algehele beheer van Angola op militêre wyse te bekom het Zambië weer steun aan Unita begin gee (Warner, 1991: 32).

In 1975 was Angola in drie gebiede verdeel. In die noorde het die FNLA sterk gestaan onder die Bakongo-stam (Klinghoffer, 1980: 13). In die suide en sentrale hooglande was dit Unita wat die sterkste steun onder die plaaslike Ovimbundu-bevolking geniet het (Warner, 1991: 32) terwyl die MPLA sy steun hoofsaaklik van die Mbundu oos van Luanda getrek het (Barratt, 1976: 8).

3.2.2 Onafhanklikwording

Soos reeds aangedui, verkry Angola sy onafhanklikheid van Portugal op 11 November 1975 (Klinghoffer, 1980: 18) nadat 'n nuwe regering in Portugal dit toegestaan het.

Volgens die *“Free Angola Information Service”* (1990: 1) hou die staatsgreep, wat op 25 April 1975 deur Portugese leëroffisiere uitgevoer is, direk verband met die koste wat Portugal moes aangaan om deur sy militêre vermoëns sy voormalige kolonies te probeer behou. Een van die eerste doelwitte van die nuwe regering in Portugal was om van sy kolonies ontslae te raak. Slegs die wyse waarop te werk gegaan sou word, moes nog bepaal word.

As gevolg van die bemiddeling van president Kenyatta van Kenia het die leiers van die MPLA, Unita en die FNLA (Neto, Savimbi en Roberto)(Lazitch, 1988: 22) reeds in Januarie 1975 in Mombassa, Kenia, ooreengekom om gesamentlike bemiddeling vir onafhanklikheid te doen (Free Angola Information Service, 1990: 1; Klinghoffer, 1980: 15). Daar kon nou met die nuwe regering in Portugal onderhandel word (Klinghoffer, 1980: 15).

Die ooreenkoms wat met Portugal bereik is, die Alvor-ooreenkoms, het voorsiening gemaak vir die instel van 'n oorgangsregering, die skryf van 'n eie grondwet, die hou van verkiesings en laastens die verkryging van onafhanklikheid op 11 November 1975 (Blaustein et al., 1977: 20-21; Lazitch, 1988: 22-23).

3.2.3 Die MPLA-oorname

Die voormalige bevrydingsbewegings het hierna begin om gereed te maak vir die hou van die verkiesings wat Portugal vereis het vir die verkryging van onafhanklikheid. Verskeie voorvalle van geweld tussen MPLA- en FNLA-ondersteuners op 28 Maart en 9 April 1975 en tussen Unita en die MPLA gedurende Mei 1975 het daartoe gelei dat op 14 Junie, met 'n byeenkoms in Nakuru, Kenia, al drie partye die uitbreek van geweld veroordeel en hulself verbind het tot die hou van verkiesings voor die einde van September (Lazitch, 1988: 24). Hierdie verkiesing het egter nooit plaasgevind nie.

Die voorneme om geweld te beëindig, het nooit tot uitvoering gekom nie. Op 15 Julie 1975 het die MPLA die FNLA met wapengeweld uit Luanda verdryf en op 8 Augustus het laasgenoemde hom aan die tussentydse koalisieregering onttrek. Op 11 Augustus, na hernude voorvalle van gewapende konfrontasies met beide die FNLA en die MPLA, het ook Unita hom aan die regering onttrek (Lazitch, 1980: 25; Warner, 1991: 39). Met die val van die koalisieregering het Portugal weer eens alle uitvoerende magte oorgeneem, en is Admiraal Rosa Coutinho as die Portugese hoëkommissaris in Angola aangestel. Hy het toegelaat dat die MPLA, onder leiding van Neto, die regering in Luanda oorneem (Warner, 1991: 39; Lazitch, 1988: 25).

3.3 Die politiek-konstitusionele posisie van Angola na die 1976 en 1980 grondwetlike veranderings

3.3.1 Inleiding

Alhoewel Angola reeds in November 1975 met 'n onafhanklikheidsgrondwet vorendag gekom het, was dit eers na aanpassings daaraan in 1976 en 1980 dat die sosialistiese aard daarvan duidelik na vore gekom het. Gedurende die volgende dekade het sosialisme die gang van die samelewing in hierdie staat oorheers. Dit is daarom sinneloos om te veel aandag alleen te gee aan die grondwetlike posisie van Angola direk na onafhanklikwording. In plaas daarvan word — as situasieskets — gekyk na die 1975-grondwet soos wat dit aangepas is in 1976 en 1980.

3.3.2 Die onafhanklikheidsgrondwet

Met onafhanklikwording was die MPLA die enigste party in die regering en was hierdie organisasie gevolglik in staat om 'n grondwet aan Angola voor te skryf. Aanvanklik het die 1975 grondwet 'n Revolusionêre Raad as wetgewende liggaam daargestel. 'n Premierspos is ook geskep om te dien as skakel tussen die president van die Angolese Republiek en die uitvoerende gesag ('n Raad van Ministers) (Shaw-Kerpen, 1981: 2-3).

In 1976 is Marxisme-Leninisme amptelik as MPLA partybeleid aanvaar en is dit ook amptelike staatsbeleid gemaak (Warner, 1991: 41; Klinghoffer 1980: 121). Verdere aanpassings aan die grondwet, tot einde 1980, het gepoog om inhoud aan bogenoemde besluit te gee en al hoe meer mag is aan die MPLA-PT⁴ verleen in reaksie op interne en eksterne bedreigings tot hierdie party se 1975 toe-eiening van die alleenreg tot regering in 'n eenpartystaat⁵.

Reeds in November 1976 is probleme egter ondervind met die nuwe sosialistiese grondwet. Kritiek daarteen uitgespreek op 'n populêre radioprogram het die regering genoodsaak om die program te staak. Hierdie optrede is gevolg deur 'n protesoptog deur die

⁴In 1977 verander die MPLA sy naam na die MPLA Werkersparty of MPLA-PT ("*Movimento Popular de Libertacao de Angola-Partido de Trabalho*") (Warner, 1991: 41).

⁵Volgens Artikel 2 van die 1975-grondwet van die Republiek van Angola (Blaustein & Flanz, 1981: 4).

strate van Luanda (Warner, 1991: 41). Om die MPLA se toekomstige posisie in die media te beskerm, is wetgewing deurgevoer wat die media genasionaliseer het en is Angop, as die amptelike nuusagentskap van die Angolese regering, op die been gebring. Voortaan het die MPLA-PT volmag oor die binnelandse media gehad en het dit gelei tot die begin van 'n breë propogandaveldtog vanaf 1977 om sosialisme as regeringstelsel te regverdig (Byrnes, 1991: 190).

Gedurende 1977 het die MPLA verder ook sy naam verander na die MPLA-PT, het daar op groot skaal 'n reorganisasie van die party plaasgevind en is 25 nuwe lede tot die Sentrale Komitee van die MPLA-PT verkies (Shaw-Kerpen, 1981: 1). Dit het egter nie die verbrokkeling wat reeds in die MPLA-geledere na vore gekom het gestuit nie.

Reeds in 1976 het interne protes teen die sosialistiese beleid van Neto vanuit linksgesinde organisasies in die MPLA-geledere na vore gekom. In Mei 1977 is twee lede van die Sentrale Komitee van die party, Nito Alves en Jose van Dunem, daarvan beskuldig dat hulle verantwoordelik was vir voedseltekorte en is hulle uit hul posisies geskors. Alves en Van Dunem lei hierop 'n opstand in Luanda wat tot die dood van 'n aantal senior regeringsamptenare gelei het. Alhoewel die opstand 'n duidelike aanduiding van ontevredenheid met MPLA-PT-beleid was, het dit misluk (Somerville, 1986: 84). Die Neto-regime het egter kennis geneem van die ontevredenheid binne eie geledere en daar is begin met 'n reorganisasie van die MPLA-PT om 'n herhaling van die gebeure te probeer voorkom (Warner, 1991: 41). Duisende Alves- en Van Dunem-ondersteuners is uit hul regeringsposte ontslaan, alle massa-organisasies is direk onderhorig gemaak aan die MPLA-PT en nasionale en provinsiale herstruktureringkomitees is op die been gebring (Warner, 1991: 41).

Teen Desember 1980 het die MPLA-PT partylidmaatskap verminder van 110,000 tot 32,000 lede, maar was interne kritiek uitgewis en was die MPLA-PT se magsposisie in hierdie opsig gekonsolideer (Delury, 1987: 21; Warner, 1991: 42).

3.3.2.1 Die 1980-grondwet

In die grondwet het Artikel 2 (Blaustein & Flanz, 1981: 4) bepaal dat *“The MPLA-Workers’ Party constitutes the organized vanguard of the working class and as a Marxist-Leninist party shall be responsible for the political, economic and social leadership of the*

State". Hierdeur is Angola effektief as 'n eenpartystaat geproklameer. Verdere artikels wat hierdie transformasie ondersteun het, is die volgende:

Artikel 6 (Blaustein & Flanz, 1981: 5) waarin FAPLA, die militêre vleuel van die MPLA, geïnstansionaliseer is as die nasionale weermag van Angola. Deur hierdie maatreël in te stel, is die MPLA-PT se posisie as die enigste wettige party in Angola versterk.

Artikel 9 (Blaustein & Flanz, 1981: 6) waarin "*The Foundations of economic and social development...*" aangedui word as "...*socialist ownership...*" en Artikel 26 wat dit die plig maak van elke individu "...*to produce according to ability and be remunerated according to his work*". Deur hierdie maatreëls te implementeer, is gepoog om die Marxistiese werkerstaat-ideologie⁶ na te streef. Die Marxistiese ideaal waardeur werkers beloon word volgens hul behoefte (nie volgens die werk wat hulle doen nie), is egter nie toegepas nie.

In Artikel 31 (Blaustein & Flanz, 1981: 10) is die funksionering van die staat volgens die beginsels van "...*democratic centralism...*" geproklameer. Artikel 32 (Blaustein & Flanz, 1981: 10-11) verduidelik "*democratic centralism*" soos volg:

32(a) Dat elke instelling van die regering sy eie inisiatiewe moet bepaal met die doelwit om die deelname van massa-organisasies aan die politieke proses te waarborg;

32(b) dat die besluite van hoër instellings bindend is op laer instellings; en

32(c) dat laer instellings verantwoordelik is vir hul besluite en aktiwiteite aan die hoër instellings.

Artikel 32(a) waarborg dus die deelname van massa-organisasies, artikel 32 (b) en (c) maak egter hierdie organisasies onderhorig aan die sentrale regering. Wanneer bogenoemde wetgewing gekoppel word aan Artikel 37 (Blaustein & Flanz, 1981: 13) wat stel dat "*The People's Assembly is the supreme organ⁷ of State power in the People's Republic of Angola*" en dat "*The People's Assembly shall promote carrying out of the objectives of the People's Republic of Angola as defined by the MPLA Workers' Party*" en Artikel

⁶Vergelyk Hoofstuk 2 (bladsy 11).

⁷In 1980 verklaar die Rewolusionêre Raad dat 'n "Peoples Assembly" van 206 lede op die been gebring gaan word (wat die Rewolusionêre Raad sal vervang) as verteenwoordigende liggaam en dat die premier-spos afgeskaf word (Shaw-Kerpen, 1981: 3).

45 (Blaustein & Flanz, 1981: 15) wat die Sentrale Komitee en Politburo van die MPLA-PT die alleenreg gegee het om wetgewing voor die *“People’s Assembly”* te lê⁸, is nie net die eenpartystelsel van Angola onderstreep nie, maar ook ’n elite as wetgewende orgaan geskep. Slegs die hoër liggame van die MPLA-PT kon wetgewing voorlê, die *“People’s Assembly”* kon dit slegs goed- of afkeur. Die hoër liggame van die MPLA-PT verkry dan deur die beheer wat dit oor die *“People’s Assembly”*, gehad het, ook indirekte beheer oor al die massa-organisasies en ander instellings van die staat op wetgewende en uitvoerende vlak.

Artikels 41 en 52 (Blaustein & Flanz, 1981: 14 & 17) het bepaal dat die president van die Republiek die president van die *“People’s Assembly”* moes wees. Verder moes hy ook ’n lid wees van die Politieke Buro of die Sentrale Komitee van die MPLA-PT asook president van die MPLA-PT. Wanneer hierdie bepalings gekoppel word aan Artikel 53(a) (Blaustein & Flanz, 1981: 17) wat bepaal het dat die president van die Republiek die alleenreg gehad het om ministers aan te stel en dat artikels 56 en 58 (Blaustein & Flanz, 1981: 18–19) bepaal het dat *“The Council of Ministers shall be the highest organ of administration of the State and shall constitute the Government of the People’s Republic of Angola”* met die taak om die interne en eksterne beleid van die staat soos bepaal deur die *“People’s Assembly”* uit te voer, het die president indirek volle uitvoerende magte tot op die hoogste vlak van regering verkry. Tesame met die ministers, die Sentrale Komitee van die MPLA-PT asook die Politburo het hulle die elite gevorm wat deur die Leninistiese ideologie voorgeskryf word.

3.4 Die politiek-konstitusionele verandering van Angola: 1980 tot 1989

Voordat die veranderings in die Angolese politiek-konstitusionele posisie na 1980 bespreek kan word, is dit noodsaaklik om aan te dui wat hierdie veranderings was. Vervolgens word die belangrikste wysigings aan die 1980 politiek-konstitusionele posisie van Angola aangedui en kortliks bespreek.

⁸Alhoewel Artikel 45 ook aan ’n permanente kommissie van die *“People’s Assembly”* (afgevaardigdes van bogenoemde kan ook in die kommissie dien) en die Raad van Ministers die reg gee om wetgewing voor te lê, bepaal Artikel 50 (Blaustein & Flanz, 1981: 16) dat die permanente kommissie saamgestel word uit die president van die Angolese Republiek, die lede van die Politburo en Sentrale Komitee van die MPLA-PT en elf afgevaardigdes van die bogenoemde *“People’s Assembly”* aangewys deur die president. Dit is dus die Politburo, Sentrale Komitee en president wat alle voorlegging van wetgewing beheer.

3.4.1 Grondwetlike konsolidering van mag (1980–1981)

Met sy eerste party-kongres in 1980 is algemene, verpligte militêre opleiding en twee jaar diensplig vir alle Angolese burgers, manlik en vroulik, vanaf 18-jarige ouderdom ingestel (Smaldone, 1991: 222). Hierdie stap is genoodsaak deur 'n tekort aan FAPLA troepe om Unita teen te staan.

Na die dood van president Neto in 1979, is Jose Eduardo dos Santos deur die Politburo as president van Angola en die MPLA-PT aangewys (Byrnes, 1991: 176). Om sy posisie te verstewig, het die MPLA-PT by sy eerste partykongres in Desember 1980 die ledetal van die Sentrale Komitee van die MPLA-PT uitgebrei van 58 tot sewentig. Meeste was ondersteuners van Dos Santos. In Maart 1981 het die Sentrale Komitee die MPLA-PT se posisie verder versterk deur aan homself toesighoudende magte oor die Raad van Ministers toe te eien (Warner, 1991: 39).

3.4.2 Aanpassing in die verkiesingsmetode van die “*People’s Assembly*”

Die grondslag van “*people’s power*”, een van die basiese beginsels van regering wat deur die MPLA-PT gepropageer is, was die daarstel van die “*People’s Assembly*” as pseudo wetgewende liggaam wat die “mense” verteenwoordig. Hierdie liggaam het aanvanklik bestaan uit 223 lede, van wie 203 in driejaarlikse algemene verkiesings en twintig deur die Sentrale Komitee van die MPLA-PT aangestel is. Dit was ook nie vir lede verpligtend om aan die MPLA-PT te behoort nie. Gedurende die tagtigerjare het hierdie voorskrifte verander (Byrnes, 1991: 168).

In 1980 het die Sentrale Komitee van die MPLA-PT al die verteenwoordigers van die “*People’s Assembly*” aangestel. In 1983 is die verkiesing in sy geheel weens 'n tekort aan akkurate sensusinligting — weens die burgeroorlog in Angola het die MPLA-PT in daardie stadium weinig toegang tot plattelandse streke gehad — uitgestel tot 1986. Die 1986-verkiesing is ook uitgestel. Toe dit wel in 1987 plaasvind, was dit in die vorm van 'n aantal massabyeenkomste waarby slegs kandidate soos benoem deur die bestaande “*People’s Assembly*”, verkiesbaar was (Byrnes, 1991: 168). Die voorskrifte in die Angolese grondwet vir die aanstelling van die “*People’s Assembly*” is geignoreer (Lavy, 1992: 4).

3.4.3 Die stigting van regionale rade

Op 4 Julie 1983, met spesiale magte verkry vanaf die Sentrale Komitee van die MPLA-PT op 10 Desember 1982, het president Dos Santos regionale militêre rade geskep om die Angolese samelewing beter te koördineer ten opsigte van die voortslepende burgeroorlog (Lavy, 1992: 2). Militêre offisiere wat direk aan Dos Santos rapporteer, is aan die hoof van hierdie rade gestel. Aan hulle is die mag gegee om te enige tyd krygswet af te kondig en totale beheer van provinsies oor te neem (Byrnes, 1991: 170).

3.4.4 Aanstelling van vier “superministers”

In Februarie 1986 het president Dos Santos vier sogenaamde “superministers” aangestel met die taak om die Raad van Ministers te koördineer. Slegs twaalf van die sewentien ministeriële poste is egter onder die beheer van die vier superministers geplaas. Die ministeries van Verdediging, Buitelandse Sake, Binnelandse Sake, Justisie en Staatsveiligheid moes voortaan direk aan Dos Santos rapporteer (Byrnes, 1991: 167). Met hierdie maatreël is gepoog om die oorvleueling van werksaamhede te beperk asook om die ministers te dwing om die invloed van hul beleidmaking ondergeskik aan die MPLA-PT-beleid te maak (Lavy, 1992: 4).

3.4.5 Die Verdedigings- en Veiligheidsraad

In 1984 is die Verdedigings- en Veiligheidsraad, met die doel om die Angolese samelewing beter te koördineer teen die Unita-bedreiging, gestig onder voorsitterskap van president Dos Santos. Oorspronklik het hierdie liggaam slegs die ministeries van Staatsveiligheid, Verdediging en Binnelandse Sake ingesluit (Smaldone, 1991: 213). In Mei 1986 is dit egter uitgebrei om ook die vier “superministers” in te sluit en word dit die staande liggaam van die Raad van Ministers wanneer laasgenoemde nie in sitting is nie (Smaldone, 1991: 213). Hiermee het die president groter mag oor ’n vereenvoudigde besluitnemingstelsel verkry en kon hy die Raad van Ministers ignoreer en op sy eie besluite neem (Lavy, 1992: 3).

3.4.6 Sleutelposisies in die regering

Gedurende die tweede MPLA-PT party-kongres in Desember 1985 is president Dos Santos se magsbasis verder versterk deur die aanstelling van 'n aantal van sy sterkste ondersteuners in sleutelposisies in die regering (Warner, 1991: 50). Die Sentrale Komitee van die MPLA-PT se ledetal is onder meer uitgebrei van sewentig tot 75 (Lavy, 1992: 4). Oor die algemeen was dit jonger, meer idealistiese ondersteuners van Dos Santos wat tydens hierdie kongres in poste aangestel is wat voorheen beman was deur ondersteuners van president Neto. In 1986 het die afdanking van Ludy Kissasunda (voormalige hoof van DISA, Angola se veiligheidspolisie) deur die Sentrale Komitee en die Politburo gevolg (Legum, 1986: 1).

3.4.7 Aanpassings aan ekonomiese beleid

Die burgeroorlog met Unita het 'n negatiewe invloed op die Angolese ekonomie gehad. Die landbousektor, waar produkte soos koffie en suiker verbou is, is telkens deur Unita-aktiwiteite in die plattelandse gebiede gekortwiek (Clark, 1991: 114). In 1981 het Angola se koffieproduksie byvoorbeeld tot net 10% van wat hierdie gebied voor onafhanklikwording geproduseer het, gedaal (Lavy, 1992: 1).

Die MPLA-PT kon homself nog net op olie- en petroleumuitvoer beroep om buitelandse valuta te verkry en om sodoende Angola se ekonomie aan die gang te probeer hou (Clark, 1991: 115). Unita het egter ook begin om hierdie oorblywende ekonomiese slagjaar 'n teiken te maak. 'n Aanval deur Unita op Angola se enigste olie raffinadery in Luanda gedurende 1981 het gelei tot 'n verdere verswakking in die Angolese ekonomie. Om algehele ekonomiese ineenstorting te probeer voorkom, is die invoer van alle verbruikersgoedere na Angola in September 1981 opgeskort (Lavy, 1992: 1).

Ondanks sy probleme om petroleum te ontgin, het dit die belangrikste ekonomiese uitvoerprodukt vir die MPLA-PT-regering geword. In 1985 het olie en petrol reeds 90% van Angola se totale buitelandse inkomste verteenwoordig (Augusto, 1989: 16-17). Gedurende die tydperk 1985-1986 het die internasionale olieprys egter ineengestort en is president Dos Santos in Augustus 1987 gedwing om ekonomiese herstrukturering aan te kondig. Volgens die nuwe ekonomiese plan het 'n markgerigte strategie die voormalige streng bepalings

van 'n sosialisties beheerde ekonomie vervang, is die Angolese geldeenheid (die Kwanza) gedevalueer, 'n beperkte vryemarkstelsel op die been gebring, is pryse voortaan bepaal deur vraag en aanbod en het privatisering van staatsbesit begin plaasvind (Gonzalez, 1991: 111; Lavy, 1992: 5).

Die interne ekonomiese hervormings wat Angola ondergaan het, het heelwat deure vir hom in die buiteland oopgemaak. Op 19 September 1989 het Angola met die hulp van België en Frankryk by die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) en die Wêreldbank aangesluit en is hierdie staat toegelaat om te onderhandel vir die uitstel van sy internasionale skuld terugbetaling (Lavy, 1992: 6).

3.4.8 Die invloed van die burgeroorlog op konstitusionele verandering

Die burgeroorlog teen die MPLA-PT is gevoer deur dr. Jonas Savimbi se Unita-beweging⁹. Unita se bedreiging vir die MPLA-PT was tweeledig. Eerstens het hierdie organisasie 'n militêre bedreiging vir die MPLA-PT verteenwoordig. Hierdeur het Unita die MPLA-PT gedwing tot politieke hervorming, wat die vorm van konsolidering van mag en die koördinerende van die samelewing teen die Unita-bedreiging ingeneem het. Die stigting van regionale rade in 1983 was byvoorbeeld die gevolg van Unita-welstand in die suide van Angola (Lavy, 1991: 2).

Tweedens het die volgehoue burgeroorlog 'n groot negatiewe ekonomiese impak op Angola gehad en is die MPLA-PT gedwing om vroër van sy staatsbeheerde ekonomiese beleid af te sien as wat andersins die geval sou wees.

3.4.9 Die invloed van die internasionale gemeenskap

Die MPLA-PT het uit verskillende oorde steun en teenkanting ontvang. Een van sy grootste hulpbronne en 'n faktor wat volgens Unita grootliks tot die voortduur van die

⁹Die FNLA se effektiwiteit as militêre en politieke organisasie is reeds in 1976 kort na die opbreek van die tussentydse onafhanklikheidsregering deur FAPLA (met behulp van Kubaanse troepe) beëindig (Lavy, 1991: 3). FNLA-insurgensie het steeds in die noorde van Angola plaasgevind, maar nie naastenby op dieselfde skaal as Unita se stryd in die suide nie (Warner, 1991: 42 & 45-46).

oorlog gelei het, was die dubbele rol wat die Verenigde State van Amerika (VSA) gespeel het.

Reeds met onafhanklikwording het die MPLA-PT regering teenkanting van die VSA gekry. As gevolg van die eenpartystaat wat in Angola op die been gebring is en Kubaans/Sowjet-betrokkenheid in Angola, het die VSA Angola se toelating tot die VN geblokkeer (Klinghoffer, 1980: 95; Lavy, 1991: 1) en die FNLA in die burgeroorlog teen die MPLA gesteun (Calvocoressi, 1989: 457; Klinghoffer, 1980: 87). Die FNLA het egter nie lank as effektiewe militêre opposisie bly voortbestaan nie. Die VSA het homself derhalwe toegespits op die politieke terrein in die vorm van 'n deurlopende blokkasie van Angola uit die Verenigde Nasies, 'n weiering om diplomatieke betrekkinge met die MPLA-PT aan te gaan en die verlening van geldelike hulp aan Unita (Lavy, 1991: 4; Byrnes, 1991: 1).

In teenstelling met laasgenoemde optrede was die VSA egter ook die grootste invoerder van Angolese produkte (hoofsaaklik olie uit die Cabinda-streek) en kon die MPLA-PT-regering sy deelname in die burgeroorlog gedeeltelik finansier uit die inkomste wat hy uit hierdie oord ontvang het. Vandaar die argument van Unita dat die VSA 'n dubbele rol gespeel het deur bystand aan beide die strydende partye te verleen (Singleton, 1984: 106; Lavy, 1991: 2). Self na die opskorting van die Amerikaanse "*Clark Amendment*" wat vanaf 1975 tot 1985 hulp aan Unita verbied het, het handel tussen die VSA en die MPLA-PT Angolese regering toegeneem (Byrnes, 1991: 200).

Kuba- en Sowjet-steun aan slegs die MPLA-PT, daarenteen, het sedert 1975 deurlopend toegeneem. Reeds voor onafhanklikwording het die Sowjet-Unie die MPLA as vryheidsbeweging gesteun. In 1975 is hierdie verhouding geformaliseer met die Verdrag van Vrienskap en Samewerking en 'n reeks militêre ooreenkomste (Byrnes, 1991: 197; Krause, 1984: 112). Sowjet-steun aan Angola is ook uitgebrei om kundigheid (in landbou, gesondheid, vissery en onderwys), verteenwoordiging in die VN (aangesien Angola as gevolg van die VSA-blokkasie homself nie kon verteenwoordig nie) en ander internasionale forums, militêre adviseurs en toerusting in te sluit (Byrnes, 1991: 197; Marcum, 1987: 70; Singleton, 1984: 108).

Anders as die meeste ander sosialisties georiënteerde state het Angola egter steeds na die Weste gekyk vir ekonomiese ondersteuning en het die eerste toets van Sowjet-Angolese verhoudinge in die vroeë tagtigerjare plaasgevind toe Angola begin het om toenadering tot die VSA te soek om sodoende sy handelsbetrekkinge met laasgenoemde staat te probeer

verbeter¹⁰ (Byrnes, 1991: 197).

Ondanks sy handelsbande met die VSA was daar geen verslegting in die Kubaans-Angolese verhouding nie. Kuba het steeds een van die MPLA-PT se belangrikste vennote gebly. Dit was in 'n groot mate te danke aan die teenwoordigheid van Kubaanse troepe in Angola dat die MPLA-PT regering teen Unita staande kon bly. Reeds in die onafhanklikwordingsproses was Kuba¹¹, militêr aktief betrokke in Angola ter ondersteuning van die MPLA en dié se militêre vleuel FAPLA. Die beplande onttrekking van Kubaanse troepe in 1977 is egter gestaak weens die verslegtende posisie van Fapla in die burgeroorlog (Gunn, 1987: 2). Suid-Afrikaanse steun aan Unita het veroorsaak dat 'n Kubaanse onttrekking nie vir die MPLA-PT wenslik was nie. Kubaanse teenwoordigheid het eerder toegeneem totdat 30,000 van die totale Kubaanse leër van sowat 160,000 soldate na Angola gestuur is (Calvocoressi, 1989: 457).

Suid-Afrika se regionale betrokkenheid in Suidwes-Afrika/ Namibië¹² en ter ondersteuning van Unita binne Angola, het veral na 1980 'n belangrike rol gespeel in MPLA-PT-beleidsformulering. Byrnes (1991: 193-194) maak die stelling dat Suid-Afrika se hoofdoelwitte in sy optredes in Angola was om die ANC (*"African National Congress"*) en SWAPO (*"South West Africa People's Organization"*) se basisse daar te vernietig en om die Benguela-spoorwegsisteem¹³ te saboteer (waardeur Angola afhanklik gemaak sou word van die uitgebreide Suid-Afrikaanse vervoerstelsel). Om hierdie doelwitte te verwesentlik en om seker te maak dat Fapla nie die oorhand oor Unita kry nie, het Suid-Afrika laasgenoemde in sy operasies gesteun. Selfs nadat Suid-Afrika in 1984 die Lusaka-akkoord (waarin Suid-Afrika ooreengekom het dat hulp aan Unita gestaak sou word indien die MPLA-PT sy hulp aan Swapo en die ANC onttrek) met Mosambiek gesluit het, het sy steun aan Unita voortgeduur. Die rede wat hiervoor aangevoer is, was die nuwe Kubaanse troepe wat voortdurend in Angola aangekom het (Byrnes, 1991: 194; Chan, 1990: 58 & 243-244).

Eers nadat die onafhanklikheid van Namibië, in hierdie stadium onder Suid-Afrikaanse beheer, direk gekoppel is aan die Kubaanse onttrekking uit Angola, kon 'n finale ooreenkoms bereik word (Coker, 1984: 78). Op 22 Desember 1988, na agt jaar van onderhande-

¹⁰Aangesien die VSA steeds amptelik geweier het om met die MPLA-PT te onderhandel, het niks van hierdie poging tot toenadering gekom nie en het die Sowjet-Unie voortgegaan om hulp aan Angola te verleen.

¹¹Soos in die begin van hierdie hoofstuk aangedui is.

¹²Hierna slegs na verwys as Namibië.

¹³Die Benguela-spoorlyn verbind Zaire met Lusaka (en die Atlantiese Oseaan) (Clark, 1991: 148).

ling, het Suid-Afrika, Kuba en Angola 'n reeks ooreenkomste onderteken wat bepaal het dat Kubaanse soldate uit Angola onttrek sou word in ruil vir die onafhanklikheid van Namibië en die staking van alle hulp aan Unita (Byrnes, 1991: 194; Lavy, 1991: 6). Hiermee het die Suid-Afrikaanse regering se militêre optredes in Angola tot 'n einde gekom.

Die einde van die Koue Oorlog het ook 'n invloed op die Angolese politiek-konstitusionele veranderingsproses gehad. Die vredesamesprekings tussen die MPLA-PT en Unita, wat gevolg het uit Sowjet- en Amerikaanse samewerking na 1990, is bewys hiervan (Coetzee 1990: 50; Finkel, 1993: 26), en met die ineenstorting van die Oosblok en die verbrokkeling van die Sowjet-Unie het die daadwerklike hulp wat uit daardie oord gekom het nie voortgeduur nie. Die MPLA-PT het besef dat daar in die toekoms slegs na die Weste gekyk sou kon word vir hulpverlening.

Ekonomiese hervormings binne Angola self het beteken dat Europese toenadering gesoek kon word. Portugal was ekonomies nie in staat om self voortdurend hulp aan Angola te verleen nie (Klinghoffer, 1980: 37), maar het soos die res van Wes-Europa hulle by die VSA geskaar met die besef dat handel met Angola voordelig kon wees. Europese betrekkinge met Angola was op die ekonomiese eerder as op die ideologiese dimensie gebaseer. Soos die VSA het Portugal egter ook 'n dubbele rol gespeel en het dié land deurentyd finansiële hulp aan Unita verleen (Byrnes, 1991: 200).

Die onttrekking van Suid-Afrikaanse hulp aan Unita, die vooruitsig van verbeterde betrekkinge tussen die VSA en die MPLA-PT en die groter aansien wat die MPLA-PT in die internasionale gemeenskap geniet het, het beteken dat Unita homself, soos die MPLA-PT, ook tot die onderhandelingsstafel moes wend (Coetzee, 1990: 49-51).

3.5 Samevatting en gevolgtrekking

Drie duidelike politiek-konstitusionele tendense kan sedert Angola se onafhanklikwording in 1975, tot en met 1989, onderskei word. Die eerste hiervan het plaasgevind onder president Neto in die tydperk 1975 tot 1980 waarin die Angolese MPLA-PT regering slegs sy magsposisie probeer konsolideer het in die aangesig van groeiende interne weerstand teen die Marxisties-Leninistiese beleid wat die regering voorgestaan het.

Die tweede tendens of rigting, onder die Dos Santos-regime (sedert 1980), het gekonsentreer op die konsolidering van die MPLA-PT se magsposisie en die stryd teen ekonomiese verval, beide as gevolg van die voortslepende burgeroorlog teen Unita.

Derdens, met die verandering in die internasionale milieu en as gevolg van 'n interne verandering van ekonomiese beleid, die onttrekking van Kubaanse troepe uit Angola en die staking van Suid-Afrikaanse hulp aan Unita, is beide die MPLA-PT en Unita daartoe gedwing om teen die einde van die dekade vredesonderhandelinge met mekaar aan te knoop.

Onder leierskap van president Neto is die sosialistiese karakter van Angola dus daargestel en het dit reeds teenkanting ondervind. Hierdie teenkanting was egter hoofsaaklik uit die geledere van die MPLA-PT self. Onder president Dos Santos was dit egter bedreigings buite die MPLA-PT, hoofsaaklik die burgeroorlog teen Unita, wat die hoofbedreiging van die MPLA-PT se posisie was. Slegs nadat veranderinge in die internasionale milieu Unita en die MPLA tot onderhandeling gedwing het, is bogenoemde bedreiging verwyder.

Die grondwet van 1975 (met enkele veranderinge in 1976 en 1980) het die grondslag gelê waarvolgens die politieke stelsel, wat vir die volgende tien jaar politiek-konstitusionele verandering in Angola oorheers het, bepaal is. Veranderinge aan die grondwet is telkens gemaak om bedreigings teen die MPLA-PT se alleenbeheer van die staat die hoof te bied. Met die veranderinge wat teen die einde van die tagtigerjare in die internasionale gemeenskap plaasgevind het (die einde van ekonomiese en ander hulpverlening uit die Oosblok asook die ooreenkomste wat met Suid-Afrika en Kuba aangegaan is), het die druk vir hervorming na 'n vryemark ekonomie en 'n demokratiese politieke bestel toegeneem. Gevolglik kon onderhandelinge tussen die MPLA-PT en Unita vir 'n vreedsame oplossing in Angola begin.

Die bereiking van hierdie ooreenkoms en verdere politiek-konstitusionele verandering in die tydperk 1989 tot 1994 word in Hoofstuk 5 behandel. Die volgende hoofstuk, Hoofstuk 4 sal hom toespits op die politiek-konstitusionele verandering in Mosambiek gedurende 1975 tot 1989, 'n tydperk waarin laasgenoemde staat soortgelyke politiek-konstitusionele veranderinge ervaar het as wat ten opsigte van Angola in hierdie hoofstuk bespreek is.

Hoofstuk 4

POLITIEK-KONSTITUSIONELE VERANDERING IN MOSAMBIEK: 1975 TOT 1990

4.1 Inleiding

Mosambiek het sy onafhanklikheid van Portugal op 25 Junie 1975 verkry (Birmingham, 1992: 57). Die nuwe regering het 'n grondwet aanvaar waarvolgens Mosambiek as eenpartystaat geproklameer is. Die eenparty-aard van die Mosambiekse grondwet het tot 1990 as staatsregtelike beginsel die besluitneming ten opsigte van politiek-konstitusionele verandering in hierdie staat oorheers. Na 1990, as gevolg van toenemende binnelandse asook internasionale druk, is politieke deelname egter verbreed en is daar begin met die demokratisering van Mosambiek (Tenney, 1992: 6-7).

Hierdie hoofstuk fokus op die politiek-konstitusionele verandering van Mosambiek in die eersgenoemde tydperk (1975-1990). In Hoofstuk 6 volg 'n soortgelyke bespreking van die tydperk 1990 tot 1994 .

Soos wat in Hoofstuk 3 die geval met Angola was, word eerstens beoog om die politiek-konstitusionele situasie tydens onafhanklikwording — in hierdie geval dié van Mosambiek — uiteen te sit. Sodoende word dit moontlik om die politiek-konstitusionele veranderings wat tot 1990 plaasgevind het, te identifiseer, waarna hierdie veranderings bespreek en die impak daarvan op Mosambiek verduidelik kan word.

Weer eens sal, soos in die geval van Angola, gebruik gemaak word van 'n situasieskets van die grondwetlike posisie na onafhanklikheid. 'n 1975 grondwetlike situasieskets (met aanpassings tot 1978 vir redes wat in die toepaslike afdeling verduidelik sal word) dien as grondslag vir hierdie hoofstuk. Dit word gevolg deur 'n bespreking van die politiek-konstitusionele verandering in Mosambiek tot 1990. Later in die verhandeling (Hoofstuk 6) sal die bespreking van die politiek-konstitusionele verandering in Mosambiek tot 1994 voortgesit word en afgesluit word met 'n situasieskets van die posisie aan die einde van hierdie tydperk. Hiermee word beoog om die verandering in die politiek-konstitusionele posisie van Mosambiek sedert onafhanklikwording in twee fases te kategoriseer — eerstens ten opsigte van die oorheersing van Marxisties-Leninistiese beginsels vanaf 1975 tot 1990 en tweedens ten opsigte van pogings tot demokratisering van 1990 tot 1994.

Omdat hoofstukke 3 en 5 soortgelyke besprekings van Angola se politiek-konstitusionele verandering bevat is 'n vergelyking met die politiek-konstitusionele verandering in Mosambiek dan ook moontlik. Hierdie vergelyking volg in Hoofstuk 7.

Die eerste tema waaraan in hierdie hoofstuk aandag geskenk sal word, is dus die politiek-konstitusionele posisie van Mosambiek in 1975 met die onafhanklikwording van hierdie staat van Portugal.

4.2 Aanloop tot onafhanklikwording en die politiek-konstitusionele posisie van Mosambiek in 1975

Mosambiek was voor onafhanklikwording 'n Portugese kolonie (Van Aswegen, 1984: 7) en een van die laaste Europese besittings op die vasteland van Afrika. Die politieke beheer van Portugal oor Mosambiek was egter beperk. In die noorde van Mosambiek het nasionalistiese teenstand teen Portugal in die vorm van die "*Frente de Libertacao de Mocambique*" (FRELIMO) politieke onstabieleit¹ veroorsaak (Van Aswegen, 1984: 9). Na 'n suksesvolle staatsgreep in 1974 in Portugal, na aanleiding van 'n veranderde siening ten opsigte van die bekostigbaarheid van kolonies en internasionale druk wat in die voorafgaande periode

¹Kotze & Van Wyk (1988: 138) definieer politieke onstabieleit as 'n tydperk wanneer dit ontmoontlik word vir 'n politieke stelsel om normaal met sy aktiwiteite voort te gaan. Met "normaal" word verwys na daardie aktiwiteite wat deur 'n gemeenskap gesien word as die aanvaarbare funksionering van die politieke proses.

vir die onafhanklikheid van Mosambiek na vore gekom het², is 'n skietstaking in September 1974 tussen Portugal en Frelimo onderteken (Machel, 1974: 3). Volgens hierdie ooreenkoms is 'n oorgangsregering daargestel en het Mosambiek sy onafhanklikheid op 25 Junie 1975 verkry (Birmingham, 1992: 57-58).

4.2.1 Die rol van interne bevrydingsbewegings in die bevrydingstryd

4.2.1.1 Frelimo

Frelimo het oorspronklik ontstaan as weerstandsbeweging teen Portugese koloniale beheer in Mosambiek. Gestig op 25 Junie 1962 onder leiding van dr. Eduard Mondlane (Odendaal, 1977: 11), was Frelimo die enigste politieke organisasie wat 'n daadwerklike stryd vir die onafhanklikheid van Mosambiek gevoer het. Alhoewel Frelimo dus reeds in 1962 gestig is, het die militêre stryd egter eers in 1964 (met 'n aanval op Cabo Delgado in die noordelike stamgebiede van Mosambiek) begin (Birmingham, 1992: 53; Odendaal, 1977: 11). Mondlane is in 1969 vermoor, waarna Dos Santos die presidentskap van Frelimo oorgeneem het (Odendaal, 1977: 12). Onder sy leiding is die aanslag teen die Portugese owerhede in die tydperk 1970-1974 verskuif na aanvalle op die spoorweë en die Zambezi hidro-elektriese skema in suid- en sentraal-Mosambiek (Birmingham, 1992: 53).

Die 1974-skietstilstand tussen Frelimo en Portugal het dus gevolg op 'n tydperk waarin eersgenoemde steeds 'n aktiewe militêre stryd gevoer het, 'n stryd wat 'n belangrike rol gespeel het in die aanloop tot die onafhanklikheidsproses deurdat dit Frelimo se oorheersing van hierdie proses verseker het.

4.2.2 Onafhanklikwording — Frelimo-oorheersing

Na die skietstilstand volg die ondertekening van die Lusaka-ooreenkoms tussen Frelimo en Portugal op 7 September 1974. Hiervolgens is 'n oorgangsregering hoofsaaklik uit die

²Met Portugal se aanvaarding van die Wet op Kolonies (1930), het 'n ekonomiese assimilasiëproses begin met die doel om Mosambiek, soos Angola, 'n provinsie van Portugal te maak. Politieke bevoordeling van blankes het egter tot voortdurende ontevredenheid gelei en dat Frelimo die stryd teen die Portugese owerhede voortgesit het (Birmingham, 1992: 57; Klinghoffer, 1980: 31).

geledere van Frelimo saamgestel om Mosambiek se oorgang na onafhanklikheid te behartig (Lusaka Agreement, 1974: 1). Hierdie regering het hom onmiddellik daarvoor beywer om die voorheen Portugees-beheerde soldate met sy eie militêre magte te laat saamsmelt en om vrese van rassisme teen blankes te voorkom met die belofte van 'n geïntegreerde samelewing met volle burgerskap vir alle bevolkingsgroepe (Birmingham, 1992: 55–56).

In 'n beleidstoespraak gelewer kort na die ondertekening van die Lusaka-ooreenkoms, het Samora Machel op 20 September as leier van Frelimo byvoorbeeld beloof dat in die toekoms geen diskriminasie op grond van ras, etniese groep of geloof geduld sou word nie (Machel, 1974: 7).

Met onafhanklikwording op 25 Junie 1975 was Frelimo in die magsposisie om politieke leierskap by die Portugese owerhede te kon oorneem, met geen ander party in 'n soortgelyke magsposisie om as doeltreffende opposisie op te tree nie. Kort na onafhanklikwording het hierdie *status quo* egter drasties verander.

4.2.2.1 Die MNR — opposisie na onafhanklikheid

Twee weke nadat die Lusaka-ooreenkoms onderteken is, is alle politieke partye deur Frelimo verban en is bekende lede van sulke partye volgens Hoile (1989: 67) aangekeer en in konsentrasiekampe opgesluit. Op 16 Maart en in April 1975 is hierdie gevangenes geparadeer as politieke misdadigers en is hulle daarna nooit weer gesien nie. Die reaksie op hierdie optrede van Frelimo was die ontstaan van verskeie opposisie-groepe.

In Januarie 1976 is die "*Frente Unido Democratica de Mocambique*" (FUMO) in die lewe geroep, 'n organisasie wat onmiddellik die optrede van Frelimo veroordeel het. Soortgelyke organisasies, soos die "*Cabo Delgado Front*" en die "*Magaia Movement*" het hierdie standpunt ondersteun. Verdere politieke vervolging as gevolg van bogenoemde en soortgelyke teenstand teen die Frelimo-regering het daartoe gelei dat duisende vlugteling die land verlaat het. Die kern van die opposisie het hulself in Rhodesië³ gevestig, en dit was dan ook in laasgenoemde staat waar die "*Mozambique National Resistance*" (MNR)⁴ in Maart 1977 op die been gebring is (Hoile, 1989: 68–69; Finnegan, 1993: 31 & 65).

³Sedert 1980 bekend as Zimbabwe.

⁴Ook genoem RENAMO weens die Portugese vertaling van "*Mozambique National Resistance*", naamlik: "*Resistência Nacional Mocambicana*" (Hoile, 1994a: 40).

Dit is ironies dat die MNR se oorspronklike leierskap bestaan het uit oud Frelimo-vegters. Voormalige Frelimo-ondersteuners wat ontnugter was met die resultaat van die oorwinning wat behaal is en die rigting waarin Samora Machel die staat gestuur het, het die kern van die MNR leierskap gevorm. Andre Matesangaissa, die eerste leier van die MNR, was byvoorbeeld voorheen in bevel van 'n Frelimo-peloton en is na die onafhanklikheid van Mosambiek aangestel as die bevelvoerder van die Donde-basis naby Beira. Afonso Dhlakama, sy tweede in bevel, was 'n voormalige Frelimo-leier in die Naissa-provinsie en later, na die onafhanklikwording van Mosambiek, die logistieke bevelvoerder vir die Sofala-provinsie (Hoile, 1994b: 21).

Gesteun deur Rhodesië vanaf 1977 tot 1979, het die MNR sy operasies in hierdie tydperk vanuit bogenoemde staat self onderneem. Met Rhodesië se onafhanklikwording in 1980, is alle hulp aan die MNR egter gestaak. Voortaan sou hierdie organisasie se basisse in Mosambiek gevestig wees en het die belangrikste steun vanuit die Republiek van Suid-Afrika gekom (Finnegan, 1993: 32).

Ondanks die ontstaan van die MNR het Frelimo steeds die organisasie met die hef in die hand gebly. Laasgenoemde was steeds die enigste party waaruit die regering van Mosambiek bestaan het en die belangrikste amptelike besluitnemer in die Mosambiekse politiek-konstitusionele veranderingsproses.

4.3 Die politiek-konstitusionele posisie van Mosambiek en die 1975–1978-onafhanklikheidsgrondwet

Op 20 Junie 1975, vyf dae voor onafhanklikwording, het die Sentrale Komitee van Frelimo sy goedkeuring aan 'n grondwet gegee. Met die grondwet van 1975 het Frelimo formeel aan homself die oppergesag in Mosambiek toegeëien. Enkele hervormings aan die grondwet in 1978 het egter hierdie magsposisie nog verder verbreed. Die doelwit van die grondwet was duidelik: dit moes aan Frelimo die mag gee om sy beleid van “...*power to serve the people...*” deur te voer. Totale politieke mag is aan Frelimo toegesê onder die voorwendsel dat dit die enigste wyse was waarop die belange van die werkers op grondvlak gedien sou kon word. Streng beheermaatreëls⁵ is onder meer op Frelimo se eerste nasionale konferensie

⁵Die media is byvoorbeeld aangesê om alle beriggewing vir goedkeuring aan die staat voor te lê. Kritiek teen die staat sou voortaan nie meer geduld word nie.

van sy Informasie- en Propaganda-departement van 26 tot 30 November 1975 teen die media ingestel (Hoile, 1994a: 28). Om Frelimo se magsposisie verder te konsolideer, is alle privaatgrond op 3 Februarie 1976 genasionaliseer (Hoile, 1994a: 29). Voortaan was die Mosambiekse samelewing georden volgens die konsep van staatsbesit van grond (Hoile, 1994a: 28-29).

Tesame met enkele aanpassings tot en met 1978 was die 1975-grondwet die basis waarop Mosambiek sy binnelandse en buitelandse beleid tot 1990 sou baseer. Vervolgens word kortliks na hierdie grondwet, met aanpassings wat tot 1978 gemaak is, gekyk.

4.3.1 Die 1978 Mosambiekse grondwet: 'n situasieskets

Reeds in die aanhef tot die grondwet was die aard van die staat wat dit voorskryf, duidelik. Frelimo as party se rol in die verkryging van onafhanklikheid is ook herhaaldelik uitgespreek. Die pertinente aanduidings van Frelimo se rol as die party “...which made possible the Mozambican people’s organized and united struggle” (Mozambique, Angola and Guine Information Centre, 1990: 20) kom byvoorbeeld voor, asook die uitspraak dat dit hierdie party se leierskap was wat die geslaagde stryd teen Portugese kolonialisme moontlik gemaak het.

Uit die staanspoor was dit ook duidelik dat Mosambiek volgens die grondwet 'n eenparty-staat sou wees. Reeds in artikels 2 en 3 (Mozambique, Angola and Guine Information Centre, 1990: 21) is geproklameer dat die Volksrepubliek van Mosambiek deur Frelimo gelei sou word. Artikel 2 stel dit dat Frelimo as leidende party moes optree. Artikel 3 gaan egter verder deur ook aan te dui dat “...the People’s Republic of Mozambique is guided by the political line laid down by Frelimo, which is the leading force in state and society. Frelimo lays down the basic political orientation of the State and directs and supervises the work of state organs, in order to ensure that the State policy is in conformity with the people’s interests”. Frelimo was dus nie net as leidende party aangestel nie, maar ook as die organisasie wat die belang van die gemeenskap moes bepaal. Frelimo se aanvaarding van die vaandel van 'n Marxisties-Leninistiese voorhoede- (“vanguard”) party in 1977 (Finnegan, 1993 : 30 & 112) het die party se oorheersende posisie volgens die Mosambiekse grondwet bevestig.

Artikel 37 het verder bepaal dat “The People’s Assemblies are the supreme organs of

State power...” en dat laer vlakke van die “*People’s Assembly*” onderhorig moes wees aan die hoër vlakke “*People’s Assemblies*” (Mozambique, Angola and Guine Information Centre, 1990: 23).

In Artikel 43 is weer eens beaam dat “*The People’s Assembly is the supreme organ of State power...*”. Dit het egter nie beteken dat demokraties te werk gegaan is nie. Alhoewel in Artikel 45 bepaal is dat ’n Permanente Kommissie van die “*People’s Assembly*”, die Raad van Ministers en kommissies van die “*People’s Assembly*”, wetgewing aan die “*People’s Assembly*” kon voorlê, bepaal Artikel 50 dat die Permanente Kommissie saamgestel moes word uit lede wat deur die Sentrale Komitee van Frelimo goedgekeur is, en dat die president van Frelimo (wat ook volgens Artikel 53 die president van Mosambiek was) Ministers en die lede van kommissies van die “*People’s Assembly*” kon aanstel en afdank. Die mag om besluite te neem en uit te voer het dus volgens die 1975-grondwet uitsluitlik by Frelimo en indirek by die president van Frelimo gelê. Laasgenoemde se magposisie is ook nog verder uitgebrei in Artikel 5, deurdad die militêre vleuel van Frelimo as die nasionale weermag van Mosambiek aangewys is met die president as opperbevelvoerder. In ’n 1978-wysiging aan die grondwet is die president verder ook as bevelvoerder van die polisie, veiligheidsmagte en para-militêre groepe aangestel (Mozambique, Angola and Guine Information Centre, 1990: 21).

4.4 Politiek-konstitusionele verandering in Mosambiek: 1978 tot 1990

Die MNR was sedert 1976 in ’n guerrilla-oorlog teen Frelimo gewikkel (Esterhuysen, 1985: 86). Vanaf 1980 tot en met 1990 sou hierdie aktiwiteite egter sodanig toeneem dat die Mosambiekse politiek-konstitusionele veranderingsproses, gelei deur Frelimo, amper eksklusief daarop gemik sou wees om antwoorde vir die toenemende bedreiging vanuit hierdie oord te vind.

Interne weerstand en kritiek teen die politieke beleid van Frelimo asook die onvermoë van hierdie beleid — volgens Hoile (1994a: 35) geïdentifiseer as die Wetenskaplike Marxisme-Leninisme⁶ — om aan ekonomiese verwagtinge te voldoen, sou egter ook deurlopend tot politiek-konstitusionele veranderings lei. Die ekonomiese beleid, ook geskoei op Marxisties-

⁶Sien Hoofstuk 2 (bladsy 11) vir ’n verduideliking van Wetenskaplike Marxisme-Leninisme.

Leninistiese voorskrifte, was dus ook verantwoordelik vir verandering in die politiek-konstitusionele posisie van Mosambiek.

In 1987 aanvaar Frelimo 'n aantal voorwaardes wat die Wêreldbank aan Mosambiek gestel is vir ekonomiese hulpverlening en in 1989 het politieke hervormings plaasgevind wat die MNR toegang tot die parlementêre proses gegee het (Anderson, 1992: 43).

Laastens moet die internasionale gemeenskap se rol ook in ag geneem word. Dit is onmoontlik om 'n volledige beeld van die veranderingsproses in Mosambiek te gee sonder om ook na die Koue Oorlog tussen Oos en Wes en ander internasionale insette soos die betrokkenheid van buurstate in Mosambiek te kyk.

Vervolgens word in hierdie afdeling na die MNR, Marxisme-Leninisme as Frelimo partybeleid (interne kritiek en die rol van Frelimo se politiek-ekonomiese beleid self), die politiek-ekonomiese beleidsommeswaai van 1987-1989, en die internasionale gemeenskap se invloed op die politiek-konstitusionele veranderingsproses in Mosambiek gekyk.

4.4.1 Die MNR

MNR bedrywighede in Mosambiek het teen 1978 in so 'n mate toegeneem, dat Frelimo in 1978 verpligte militêre diens ingestel het (Hoile, 1994a: 34). In Februarie 1979 is wetgewing ook daargestel wat die doodstraf opgelê het vir wat die Frelimo-party noem "*...crimes against the security and people of the state*" (Blaustein & Lessick, 1992: 3). Op 30 Maart is hierdie wetgewing verder uitgebrei deur ook militêre howe die reg te gee om die doodstraf op te lê (Finnegan, 1993: 121-122).

Die MNR het egter voortgegaan met sy stryd teen die regering. Herhaalde aanvalle het plaasgevind en in November 1981 het die MNR selfs daarin geslaag om die haweverkeer in Beira te ontwrig (Hoile, 1994a: 43). Teen 1986 was die MNR in al tien die provinsies van Mosambiek bedrywig en is Frelimo gedwing om soveel as 42% van die nasionale begroting vir die jaar aan veiligheid en sekuriteit toe te sê (Hoile, 1994a: 73).

In 'n onderhoud op 22 Mei 1986 het Dhlakama, leier van die MNR, vir die eerste keer bekend gemaak dat onderhandelinge om samesprekings met Frelimo te hou, reeds so vroeg as 1984 plaasgevind het. Hy het egter ook daarop gewys dat daardie onderhandelinge teen

1986 nog geen vrugte afgewerp het nie, hoofsaaklik as gevolg van Frelimo se onvermoë om genoegsame toegewings te maak⁷ (Dhlakama in Hoile, 1994a: 80). Frelimo daarenteen het egter in hierdie stadium ontken dat onderhandelinge ooit met die MNR gevoer is of dat sulke onderhandelinge ooit toegelaat sou word om plaas te vind (Hoile, 1994a: 81).

Die MNR het na 1986 voortgegaan met sy aanslag teen Frelimo. In 1988 is die skade van die burgeroorlog aan Mosambiek bereken op vyf miljard Amerikaanse dollar (Hoile, 1994a: 111). In 1989 onderteken president Chissano onverwags 'n amnestie-wet wat aan MNR-lede amnestie verleen indien hulle hul anti-Frelimobedryghede sou staak. Tesame met 'n aankondiging dat Frelimo sy Marxisties-Leninistiese beleid laat vaar, en ondersteun deur die moontlikheid van direkte verkiesings van beide die president en wetgewende gesag van Mosambiek, is die deure vir die MNR oopgemaak om aan 'n parlementêre regering deel te neem (Blaustein & Lessick, 1992: 5-6). Hierdie onverwagse veranderings wou dit dus laat voorkom asof die MNR in daardie stadium in sy doel geslaag het.

Soos wat aan die begin van afdeling 4 aangedui is, was daar egter ook ander invloede wat ingewerk het op die Mosambiekse politiek-konstitusionele proses. Vervolgens word die tweede aspek of invloed, naamlik die rol van interne kritiek en Frelimo se politiek-ekonomiese beleid, kortliks bespreek.

4.4.2 Internasionale kritiek en Frelimo se politiek-ekonomiese beleid

Onmiddellik na die Frelimo-magsoorname is daar begin met die transformasie van Mosambiek na 'n Marxisties-Leninistiese staat. 'n Direkte gevolg van die gedwonge, dikwels gewelddadige wyse waarop te werk gegaan is, was die toestroming van oud-Frelimo ondersteuners na die MNR. 'n Verdere gevolg was dat daar ook teenstand binne Frelimo ontstaan het teen Marxisme-Leninisme as amptelike beleid.

President Machel se antwoord op teenstand, asook 'n gebrek aan vordering in die rigting van Frelimo se politiek-ekonomiese beleidsdoelwitte, was telkens die summiere afdanking van amptenare. Trou aan die Marxisties-Leninistiese voorskrif van die beheer van die staat oor alle sektore van die samelewing, nasionaliseer Frelimo op 1 Januarie 1978 alle banke in Mosambiek (Hoile, 1994a: 34). Om die nuwe staatsideologie nog verder uit

⁷Volgens Dhlakama was Frelimo wel bereid om sekere lede van die MNR-leierskap in ministeriële poste aan te stel, maar nie om verkiesings in 'n veelpartystelsel toe te laat nie (Dhlakama in Hoile, 1994a: 80).

te brei, is die stigting van kommunale dorpe as basiese plattelandse, sosiaal-ekonomiese struktuur⁸, op 1 Maart aangekondig. Sy teenstand teen hierdie hervormings lei daartoe dat Joaquim Ribeiro de Carvalho, Minister van Landbou, uit sy pos as minister asook uit die Sentrale Komitee van Frelimo geskors is (Hoile, 1994a: 34–35). In 1980 is daar begin met Frelimo se projek “*Decade of Victory Against Underdevelopment*”. Dié projek het egter nie onmiddellike vordering getoon nie, met die gevolg dat die ministers van Gesondheid, Handel en Openbare Werke afgedank is (Hoile, 1994a: 39).

Teen die tyd wat Chissano aan bewind gekom het⁹, was interne ideologiese verskille ten opsigte van Frelimo se politiek-ekonomiese beleid van die wetenskaplike Marxisme-Leninisme egter so te sê uitgeroei. Die gemak waarmee Chissano die bewind oorgeneem het en die gebrek aan verzet teen sy aanstelling, was merkwaardig (Finnegan, 1993: 105). Alhoewel Chissano dit dus nie nodig gevind het om ideologiese vyande binne partygeledere die stryd aan te sê nie het hy egter wel te doen gekry met korrupsie binne die Frelimo-party, veral in die staatsdiens en die weermag (Finnegan, 1993: 105–106; Hoile, 1994a: 126–127). Laasgenoemde het nie ’n ideologiese verskil tussen Frelimo amptenare en partybeleid verteenwoordig nie, maar was wel ’n belangrike rede waarom bestaende beleid nie toegepas kon word nie.

Marxisme-Leninisme het deurlopend ’n belangrike rol in besluitneming ten opsigte van die politiek-konstitusionele veranderingsproses in Mosambiek gespeel. Op die derde Frelimo-partykongres in 1977 is hierdie party byvoorbeeld geproklameer as Marxisties-Leninistiese voorhoede- (“*vanguard*”) party (Hoile, 1994a: 30) na ’n aanbeveling van die Frelimo Sentrale Komitee (Mozambique, Angola and Guine Information Centre, 1976: 33) en sou dit blyk dat alle politieke en ekonomiese beleidsbesluite voortaan in hierdie lig vertolk sou word. Die instel van die kommunale landbousisteem en die nasionalisering van die bankwese, grond, onderwys en petrolnywerheid (Hoile, 1994a: 29–31), asook eenparty staatsbestel en die partygeoriënteerde weermag, is verdere handeling wat uit die ideologie van staatsentralisme voortgevloei het¹⁰.

Die teenstand en kritiek wat Marxisme-Leninisme by die Westerse internasionale gemeenskap uitgelok het, is voortdurend deur Frelimo veroordeel. President Machel het volgens Hoile (1994a: 38) onder meer in 1980 verklaar dat Westerse moondhede nie die

⁸Die kommunale sisteem moes die bestaende stamgebaseerde, sosiaal-ekonomiese struktuur vervang.

⁹Dit was na die dood van President Machel in 1986.

¹⁰Vergelyk hierdie stelling met die voorskrifte wat in Hoofstuk 2 (bladsy 11) gestel word vir die bestaan van ’n Marxisties-Leninistiese staat.

ware betekenis van Marxisme-Leninisme, die oplossing van nasionale probleme wat dit bied en die feit dat dit ingestel is op ekonomiese ontwikkeling, vrede en sosiale welvaart, verstaan nie.

4.4.3 Die politiek-ekonomiese ommeswaai, 1987–1990

Ekonomiese hervorming weg van Marxisties-Leninistiese voorskrifte het reeds in 1987 begin met die aanvaarding van 'n nuwe ekonomiese herstruktureringprogram geborg deur die Wêreldbank en die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) (Marshall, 1989: 29). Volgens hierdie program is beoog om lone met 50% te verhoog en is belastingtoegewings asook ander toegewings gemaak om verhoogde produktiwiteit aan te moedig. Sektore soos die landbou, elektrisiteitsverskaffing, vervoer en voedselvoorsiening is ook geprivatiseer en investering in hierdie sektore is toegelaat (Muchangu, 1987: 6–9).

Op politieke gebied is Marxisme-Leninisme egter eers in 1989 as amptelike Frelimo-partybeleid afgeskaf. Dit is bloot gedoen deur die weglating van sleutelwoorde in die vyfde Frelimo-partykongres se dokumentasie. In die kongresverslag, eenparig aanvaar na afloop van die verrigtinge, is byvoorbeeld alle verwysings na Marxisme-Leninisme uitgelaat. Tydens die vierde partykongres in 1983 is gevra vir die ontwikkeling van 'n klassebewustheid onder werkers en hul onderrig in Marxisme-Leninisme. By die vyfde partykongres is hierdie woorde vervang deur bloot te vra vir hul onderrig in geregtigheid en gelykheid (Maveneka, 1989: 30). Alle verwysings na 'n klassestryd en internasionale imperialisme, hoekstene van die Marxisties-Leninistiese ideologie, is ook weggelaat. Hierdie weglatings dui daarop, sonder dat formeel gewys is op die afskaffing daarvan, dat Marxisme-Leninisme as regerings-ideologie in Mosambiek beëindig is. Alhoewel Frelimo steeds tydens hierdie kongres sosialisme as amptelike beleid behou het, het die einde van Marxisme-Leninisme as party-ideologie egter aangebreek. Ekonomiese oorlewing het belangriker geword as die ideologiese strewes van Marxisme-Leninisme (Anderson, 1992: 41–43).

Tesame met president Chissano se aanbod van amnestie aan lede van die MNR, verteenwoordig die vyfde Frelimo partykongres dus die begin van politieke en ekonomiese hervorming. Frelimo was steeds die enigste amptelike politieke party in Mosambiek, maar die deur vir verdere onderhandelinge ten opsigte van politieke hervorming het nou begin oopgaan. Nog 'n stap in die politieke ommeswaai volg op 24 Januarie 1990 toe die "*People's Assembly*" 'n nuwe grondwet vir Mosambiek goedgekeur het wat 'n veelpartystelsel in die

plek van die voormalige eenpartystelsel ingestel het. Alhoewel die MNR hierdie grondwet steeds nie as legitiem beskou het nie, sou dit hierdie grondwet wees wat hul toetrede tot parlementêre deelname in Mosambiek moontlik gemaak het (Tenney, 1992: 6-7).

Dit was egter nie net interne politieke en ekonomiese druk wat 'n invloed in Mosambiek se politiek-konstitusionele veranderingsproses gehad het nie. Geen land is 'n politieke eiland nie en ook Mosambiek is deur die internasionale gemeenskap beïnvloed.

4.4.4 Internasionale verhoudinge

Drie onderskeie invloede op die Frelimo-regering se internasionale verhoudinge het 'n belangrike rol in Mosambiek se politiek-konstitusionele veranderingsproses gespeel. Die eerste hiervan was sy verhouding met die Oosblok, tweedens die ekonomiese hulpverlening deur Westerse moondhede en derdens sy kontak met ander Afrika-state, insluitende Rhodesië/Zimbabwe en Suid-Afrika.

As gevolg van Frelimo se ondersteuning van die Marxisties-Leninistiese ideologie, is groot politieke en ekonomiese steun uit die Oosblok, en veral vanaf die Sowjet-Unie, gedurende die tydperk 1975 tot 1987 ontvang. In 1983 gaan Mosambiek onder meer 'n aantal bilaterale handelsooreenkomste met die Sowjet-Unie aan (Hoile, 1994a: 48), in 1985 gevolg deur 'n ekonomiese hulppakket aan Mosambiek van \$11,000,000 en een van \$29,000,000 in 1986 (Hoile, 1994a: 68 & 84). Daar is ook geen geheim van gemaak dat die Sowjet-Unie tegnisi en militêre raadgewers in Mosambiek het nie. Teen 1987 was daar reeds meer as 'n duisend sulke raadgewers in Mosambiek (Hoile, 1994a: 44 & 49). Ook Oos-Europese raadgewers is na Mosambiek gestuur. Anderson (1992: 36) betwyfel dit egter of sulke raadgewers, gewoon aan Europese omstandighede, Frelimo werklik van hulp kon wees.

Vanuit die Weste was die steun wat gebied is, veral ekonomies van aard. President Chissano het reeds voor Frelimo se wegbeweeg van die Marxisties-Leninistiese beleid in 1987 'n reeks lonende besoeke aan state soos die Verenigde Koninkryk en die VSA gebring. Hoile (1994a: 91) wys daarop dat die Verenigde Koninkryk in 1985 £8 miljoen se humanitêre hulp aan Frelimo verleen het, en dat die VSA selfs so ver gegaan het as om \$1 miljoen se militêre hulp aan Frelimo te skenk. Beide die Verenigde Koninkryk en die VSA het egter skerp interne kritiek ten opsigte van die hulp aan wat geag word 'n Marxistiese

regime te wees, ontvang (Hoile, 1994a: 116).

Na 1987 het hierdie steun, met Mosambiek se aanvaarding van Wêreldbank-voorskrifte en aansluiting by die IMF, toegeneem (Finnegan, 1993: 35). Hoile (1989: 107) gaan selfs so ver as om die stelling te maak dat Westerse hulp aan Mosambiek, Sowjet-Unie-ondersteuning vervang het en van 1987 tot 1990 die Frelimo-regering in staat gestel het om beheer oor Mosambiek te behou. Britse hulpverlening het byvoorbeeld toegeneem om ook militêre hulpverlening in te sluit¹¹ en die Europese Gemeenskap het soortgelyke “*non-lethal*”¹² militêre hulp van £750,000 gelewer (Hoile, 1994a: 104 & 114). Die grootste steun wat Mosambiek egter na 1987 sou ontvang, was in die aanknoop van politieke en handelsbande. Teen 1988 het Mosambiek gevestigde betrekkinge met 76 state gehad en was sy vernaamste handelsbetrekkinge met state buite Afrika nie meer net met die Sowjet-Unie nie, maar ook met Japan, die VSA, Spanje, Italië en Frankryk (Torp, 1989: 5–6).

Beide die Oos- en Wesblok het dus daarin gepoog om hul invloed in hierdie staat deur hulpverlening uit te brei¹³. Frelimo het trouens gelyktydig steun van beide die Oos- en Wesblok ontvang, ’n faktor wat ’n belangrike rol in die Mosambiekse politiek-konstitusionele veranderingsproses gespeel het. Sonder militêre en ekonomiese hulp vanuit beide die Oosblok en Wesblok sou Frelimo se magsposisie heelwat swakker daaraan toe gewees het. Dit was egter nie net die Koue Oorlog wat sy invloed in Mosambiek laat geld het nie. Optredes van buurstate het ook ’n belangrike rol gespeel in hierdie staat se politiek-konstitusionele veranderingsproses.

Sedert Rhodesië in 1976 betrokke geraak het in Mosambiek, tot en met 1990 met die aanvaarding van ’n veelpartystelsel, was die rol wat Mosambiek se buurstate in die binnelandse politiek van Mosambiek gespeel het hoofsaaklik militêr van aard. Eerstens, soos wat reeds vroeër in hierdie hoofstuk aangedui is, het Rhodesië hulp verleen met die instel van ’n militêre opposisie teen Frelimo (in die vorm van die MNR). Na Rhodesië se onafhanklikwording is ondersteuning vanuit hierdie oord aan die MNR gestaak. Zimbabwe het sy hulp aan Frelimo toegesê. Die teenwoordigheid van troepe uit Zimbabwe was

¹¹In 1988 het militêre hulp in Mosambiek deur Britse troepe die Verenigde Koninkryk reeds £230,000 gekos (Hoile, 1994a: 114).

¹²“*Non-lethal*” word gedefinieer as “*Expences of a civil nature, including transport, uniforms, fuel and food.*” (Hoile, 1994a: 104).

¹³Beide die Oos- en Wesblok het hulp aan Mosambiek gebied. Die Wesblok het reeds voor Mosambiek se wegbreek van Marxisme- Leninisme beperkte hulp aan Mosambiek gebied en die Oosblok het ondanks die voortgesette toenadering wat Mosambiek tot die Wesblok gesoek het (om hulpverlening vanuit hierdie oord te vergroot), voortgegaan om Mosambiek te ondersteun.

aanvanklik daarop gemik om die spoorlyne wat Zimbabwe met die Indiese Oseaan verbind, te bewaak. In 1988 het hierdie teenwoordigheid egter reeds gegroei tot tussen 15,000 en 20,000 troepe en het hulle aktief aan die kant van Frelimo teen die MNR geveg (Hoile, 1989: 104).

Hulp vanuit Suid-Afrika aan die MNR het in 1980 begin en het hoofsaaklik die vorm van opleiding en wapenverskaffing aangeneem. Tot 1984, met die ondertekening van die Nkomati-akkoord¹⁴, is hierdie hulp openlik en op 'n amptelike grondslag deur die Suid-Afrikaanse regering aan die MNR verleen. Na 1984 duur Suid-Afrikaanse hulp aan die MNR nie-amptelik voort en bestaan dit hoofsaaklik uit hulp met die MNR se interne kommunikasie en die verskaffing van militêre intelligensie (Hoile, 1989: 116–117).

Suid-Afrika het verder in 1986 ook die Cahora-Bassa-ooreenkoms met Mosambiek en Portugal aangegaan, waarvolgens ooreengekom is om die krag wat deur hierdie hidro-elektriese skema (gesetel binne Mosambiekse grondgebied) opgewek word, te deel. Na die dood van president Machel¹⁵ later dieselfde jaar, het Frelimo Suid-Afrika beskuldig van voortgesette hulp aan die MNR. Suid-Afrika daarenteen, het Frelimo beskuldig dat hy voortgesette steun aan die ANC gebied het en na 'n landmynontploffing in 1986 op die Mosambiek/Suid-Afrikaanse grens is die toelating van nuwe trekarbeiders uit Mosambiek gestaak (Legum, 1986: 2).

4.5 Samevatting en gevolgtrekking

Na onafhanklikwording het die Mosambiekse grondwet ten opsigte van drie belangrike aspekte verander. Die eerste hiervan was die skepping van 'n eenparty-staat gebaseer op die konsep van "*People's power*". Staatstrukture is deur Frelimo geskep, en wel op so 'n wyse dat dit nie sonder die party kon funksioneer nie. Tweedens was die president van Frelimo ook die president van Mosambiek en 'n sentrale figuur (met wydstrekkende magte) in die politiek-konstitusionele proses. Die politiek-konstitusionele veranderingsproses is

¹⁴Volgens die Nkomati-akkoord is ooreengekom dat Suid-Afrika sy hulpverlening aan die MNR sou staak in ruil vir Frelimo se onttrekking van steun aan die "*African National Congress*" (ANC), wat in hierdie stadium 'n stryd van terreur vanuit onder meer Mosambiek teen die blanke Suid-Afrikaanse regeringsoorheersing gevoer het (Hoile, 1994a: 55).

¹⁵Omdat die vliegtuig waarin Machel gereis het oor Suid-Afrikaanse grondgebied neergestort het, is die moontlikheid geopper dat die voorval dalk ook 'n geval van Suid-Afrikaanse sabotasie kon gewees het (Finnegan, 1993: 35 & 105).

dus deur Frelimo oorheers en die uitbreiding van Frelimo se magposisie is gesien as deel van die herstrukturierungsprogram na onafhanklikheid.

Teenkanting teen Frelimo se politieke doelwitte is ook nie deur hierdie party geduld nie. Die gewelddadige vervolging van teenstanders van Frelimo-partybeleid lei egter tot die vorming van die MNR en die burgeroorlog wat volg, oorheers tot en met 1990 die politiek-konstitusionele veranderingsproses.

Internasionale betrokkenheid het ook 'n belangrike rol in die Mosambiekse politiek-konstitusionele verandering gespeel. Eerstens ontvang Frelimo steun vanaf beide die Oosblok- en Westerse lande. Ekonomiese pakkette en militêre hulp, laasgenoemde ook van Afrika-state soos Zimbabwe en Zambië, het Frelimo in staat gestel om die stryd teen die MNR voort te sit. Die MNR daarenteen het ook sy kwota steun ontvang — aanvanklik vanuit Rhodesië, maar later ook uit Suid-Afrika en Malawi.

Suid-Afrika se staking van steun aan die MNR as gevolg van die Nkomati-akkoord en die Cahora Bassa-ooreenkoms en Westerse ekonomiese en militêre hulpverlening het die eenpartybeleid van Frelimo van 'n langer voortbestaan verseker omdat dit hierdie organisasie in staat gestel het om langer teen die MNR-militêre aanslag te oorleef. Die MNR het nie naastenby soveel internasionale steun as Frelimo ontvang nie. Die populêre steun van die plaaslike bevolking aan die MNR moet egter nie buite rekening gelaat of onderskat word nie. Veral na 1984 kon die MNR daarin slaag om die Mosambiekse platteland byna in sy geheel te beheer en dit met slegs weinig steun van buite.

Die veranderende internasionale omgewing het aan Frelimo se eenparty-oorheersing die finale nekslag toegedien. Om voortgesette hulp vanaf Westerse state te waarborg, was dit in 1987 vir Mosambiek nodig om aan sekere ekonomiese voorwaardes soos gestel deur die IMF en Wêreldbank te voldoen. Die verbeterde betrekkinge met Westerse moondhede en die ineenstorting van Kommunisme in Oos-Europa en die Sowjet-Unie het aan president Chissano die weg vir die toekoms aangewys en in 1990 is daar ook begin met politieke veranderinge. Hierdie veranderinge het aan die MNR die geleentheid gebied om in die toekoms op vreedsame wyse deel van die politiek-konstitusionele verandering in Mosambiek te word.

Die wyse waarop te werk gegaan is om die MNR by die politiek-konstitusionele proses in Mosambiek te betrek, word in Hoofstuk 6 in meer besonderhede bespreek. Die uit-

eensetting van verdere politiek-konstitusionele verandering tot die einde van 1994 volg ook in Hoofstuk 7. Die volgende hoofstuk, Hoofstuk 5, beskou die proses in Angola (as voortsetting van Hoofstuk 3) gedurende die tydperk 1990 tot 1994.

Hoofstuk 5

POLITIEK-KONSTITUSIONELE VERANDERING IN ANGOLA: 1989 TOT 1994

5.1 Inleiding

Op 4 April 1989 het MPLA-PT- en Unita-verteenwoordigers in Lisabon, Portugal, met vredes-samesprekings begin. Met die ondertekening van die vredesooreenkoms op 31 Mei 1991, wat uit hierdie samesprekings gespruit het, is die burgeroorlog wat vir die voorafgaande dekade en 'n half Angolese politiek-konstitusionele verandering oorheers het, formeel beëindig (Coulson, 1991: 50-51).

Die ooreenkoms het ook voorsiening gemaak vir die hou van 'n algemene verkiesing in November 1992. Dit wou voorkom asof Angola 'n nuwe tydperk in sy politiek-konstitusionele veranderingsproses betree het, 'n tydperk van vrede en demokratisering. Die hervatting van die burgeroorlog, as gevolg van Unita-ontevredenheid met die uitslag van die verkiesing, weerspreek egter hierdie standpunt gedeeltelik. Alhoewel demokratisering wel plaasgevind het, het 'n volgehoue staking van gewapende konflik nie gevolg nie (Smith, 1992: 101) en was die demokratiseringsproses teen die einde van 1994 nie voltooi nie¹.

¹Vergelyk Hoofstuk 2 (bladsy 15 tot 16) vir 'n uiteensetting van die verskillende stappe in die demokratiseringsproses.

Hierdie hoofstuk beoog om die politiek-konstitusionele veranderingsproses wat Angola in die tydperk 1989–1994 ondergaan het te identifiseer en te bespreek. Daar sal gepoog word om die demokratiseringspogings wat in hierdie tydperk aangepak is, aan te dui. Slegs dan sal die bespreking van hierdie tydperk, in kontras met die 1975–1989 Marxisties-Leninisties oorheersde tydperk in die Angolese politiek-konstitusionele geskiedenis, moontlik wees.

Sekere belangrike faktore betreffende die politiek-konstitusionele proses sal bespreek word. Hierdie faktore sluit in die vredesooreenkoms wat voor 1991 tussen die MPLA-PT en Unita onderteken is, die 1992-verkiesing, die voortsetting van gewapende konflik en die internasionale pogings om vrede te bewerkstellig.

Eerstens sal aandag gegee word aan die redes vir die staking van die burgeroorlog.

5.2 Beëindiging van die burgeroorlog

Die samesprekings tussen Unita en die MPLA-PT wat tot die 1992 algemene verkiesing in Angola gelei het sou nie moontlik gewees het sonder die voorafgaande beëindiging van die burgeroorlog nie.

Een van die belangrikste faktore wat bygedra het tot die staking van die burgeroorlog was, volgens Gonzales (1991: 102), Angola se afhanklikheid van die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) en die Wêreldbank vir ekonomiese oorlewing. Gekoppel aan toenemende internasionale druk vir hervorming in ruil vir ekonomiese bystand, het die MPLA-PT geen ander keuse gehad as om homself tot die onderhandelingsstafel te wend nie.

Unita daarenteen, is gekonfronteer met die realiteit dat internasionale hulp, as gevolg van die beëindiging van die Koue Oorlog en die MPLA-PT se bereidwilligheid om ekonomiese en politieke hervorming toe te pas, drasties afgeneem het. Dit was duidelik dat dit vir Unita onmoontlik sou wees om die stryd deur gewapende konflik suksesvol voort te sit (Coulson, 1991: 51).

Gevolglik het verteenwoordigers van die MPLA-PT en Unita mekaar (deur bemiddeling

van Portugal, die VSA en die Sowjet-Unie) vir die eerste keer formeel op 4 April 1989 in Bicesse ('n voorstad van Lissabon), met die oog op vredesamesprekings ontmoet. Die onderhandelings wat daar plaasgevind het, het op 31 Mei 1991 tot die Bicesse-ooreenkoms gelei. Die belangrikste besluite wat uit die Bicesse-ooreenkoms na vore gekom het, is volgens Campbell (1992: 8-9) en Lavy (1992: 7) dat:

- (a) 'n Algemene verkiesing voor November 1992 gehou moes word om die president en wetgewende gesag in Angola te bepaal;
- (b) die MPLA-PT verantwoordelikheid moes aanvaar vir 'n sensusopname waarvolgens die kieserslys bepaal sou word;
- (c) die MPLA-PT tot 1992 deur Unita vrye toegang tot alle gebiede onder laasgenoemde se beheer gegee sou word vir die uitvoer van bogenoemde taak;
- (d) die Verenigde Nasies (VN) toegelaat sou word om die verkiesing te monitor om sodoende te oordeel oor die vryheid en regverdigheid daarvan;
- (e) die Unita-beweging as legitieme politieke organisasie deur die MPLA-PT aanvaar moes word; en
- (f) die ontbinding van beide die MPLA-PT weermag (Fapla) en Unita gewapende magte moes plaasvind sodat 'n nuwe nasionale weermag saamgestel kon word.

'n Direkte gevolg van die Bicesse-ooreenkoms was verder die aanstelling van Jose Franca van Dunem as Eerste Minister van Angola op 20 Julie 1991 (die eerste persoon om hierdie pos te vul sedert die afskaffing daarvan in 1977) en die vrylating van alle politieke gevangenes deur die MPLA-PT op 22 Desember (Lavy, 1992: 7-8).

Op ekonomiese gebied is ook enkele hervormings deurgevoer ter bevordering van 'n vryemarkstelsel. Die Angolese geldeenheid, die Kwanza, is in November (en weer in Desember) gedevalueer, belastingherstrukturering het plaasgevind, die minimum salarisvlak is verhoog en prysbeheer oor produkte deur die regering is laat vaar. Vroeg in 1992, gedurende die elfde gewone sitting van die "*People's Assembly*", verklaar president Dos Santos ook dat 'n verkiesing op 29 en 30 September 1992 gehou sou word (Lavy, 1992: 8).

5.3 Die September 1992 algemene verkiesing

Die politiek-konstitusionele proses in Angola is gedurende 1992 deur die aanloop tot die algemene verkiesing oorheers. Setels vir die "*People's Assembly*", nou herdoop tot die "*National Assembly*", is toegeken op die basis van vyf vir elk van die agtien provinsies, ongeag bevolkingsgrootte. Agtien politieke partye en dertien presidensiële kandidate is geregistreer.

Volgens Campbell (1992: 10) kan die belangrikste politieke partye wat na vore gekom het in drie kategorieë verdeel word. Eerstens was daar die geskiedkundige partye, partye wat ook betrokke was in die burgeroorlog, naamlik die MPLA-PT, FNLA en Unita. Tweedens was daar partye wat hul ontstaan te danke gehad het aan prominente politici. Hierdie partye het partye soos die "*Party for the Renewal of Democracy*" (PRD) onder leiding van Nito Alves², die "*National Democratic Party of Angola*" (PNDA) onder Daniel Chependa³ en die "*Democratic Party of Angola*" onder Antonio Alberto Neto⁴ ingesluit. Laastens was daar partye waarvan die leiers 'n verbintenis gehad het met een van die sterk (geskiedkundige) partye. Hierdie partye het partye soos die "*Convention for National Democracy in Angola*" (CNDA), die "*Social Democratic Party of Angola*" (PSDA) en die "*Democratic Party for the Progress and the National Alliance of Angola*" (PDP-ANA)⁵ ingesluit.

Een van die opvallendste kenmerke van die verkiesingsveldtog was die feit dat daar bykans geen verskil tussen die beleidsoogmerke van die verkillende partye was nie. Die MPLA-PT, Unita en FNLA het byvoorbeeld almal aangedring op die liberalisering en privatisering van die ekonomie en het almal gewys op die noodsaaklikheid van internasionale investering om die Angolese ekonomie te red.

Met die sluiting van registrasie vir die verkiesing wat reeds in Augustus 1991 plaasgevind het, was 4,655,462 kiesers geregistreer. Unita het aantygings gemaak dat die MPLA-PT, Unita-ondersteuners oorgesien het in die registrasieproses. Die MPLA-PT, daarenteen, het Unita beskuldig van 'n gebrek aan samewerking om MPLA-PT-amptenare in Unita-beheerde grondgebied toe te laat (Campbell, 1992: 11). Nieteenstaande hierdie geskil is daar egter sonder enige verdere beswaar op 29 en 30 September met die verkiesing

²Hy was betrokke by die gepoogde staatsgreep in 1977.

³Voorheen 'n MPLA-PT-verkiesingsorganiseerder in Oos-Angola.

⁴Hy was 'n jeugorganiseerder gedurende die anti-koloniale periode (voor 1975).

⁵Self ook 'n alliansie tussen twee kleiner partye.

voortgegaan (Lavy, 1992: 8).

Internasionale monitering deur middel van VN-verteenwoordigers het verklaar dat daar gedurende die verkiesing slegs enkele ongerymdhede was. Hierdie ongerymdhede was egter na hul mening so klein, dat dit nie die verkiesingsuitslae beduidend sou verander nie. Gevolglik is die verkiesing deur die VN as vry en regverdig verklaar (Sellström, 1992: 5 & Hamill, 1994: 9).

In die verkiesing vir die “*National Assembly*” het die MPLA-PT ’n oorwinning met 19,64% behaal (53,74% steun teenoor Unita se 34,1%). Die verteenwoordigers in die “*National Assembly*” is op proporsionele grondslag bepaal en die MPLA-PT het dus ’n genoegsame meerderheid in hierdie liggaam (waarin die meerderheidsbeginsel van demokrasie vir besluitneming sou geld) behaal om dit te domineer.

In die presidensiële verkiesing het Dos Santos (van die MPLA-PT) 49,67% teenoor Savimbi (van Unita) se 40,07% behaal. Alhoewel die MPLA-PT hier ook ’n meerderheid in die “*National Assembly*” verkry het, moes ’n tweede presidensiële verkiesing, met Dos Santos en Savimbi as enigste kandidate, steeds plaasvind⁶ (Smith, 1992: 102) om die finale uitslag te bepaal.

Hierdie tweede verkiesing het nooit plaasgevind nie. Ondanks die VN se versekering dat die verkiesing vry en regverdig was, het Unita (ontevrede met die uitslag), die MPLA-PT van verkiesingsbedrog beskuldig en is die burgeroorlog met hernude ywer hervat (Lavy, 1992: 9).

5.4 Voortsetting van die burgeroorlog

Hamill (1994: 9–10) glo dat daar hoofsaaklik twee redes was waarom die Bicesse-ooreenkoms nie met die 1992-verkiesing tot vrede in Angola gelei het nie. Eerstens beskuldig hy die internasionale gemeenskap daarvan dat dit te tegemoetkomend was teenoor beide Unita en die MPLA-PT nadat die Bicesse-ooreenkoms in 1991 onderteken is. Veral die moniteringsmag vir die integrasie tussen Unita en Fapla was na sy mening onvoldoende.

⁶Omdat Dos Santos nie die 50% + 1 stem wat nodig was vir ’n volslae oorwinning behaal het nie, moes ’n tweede verkiesing gehou word.

Slegs vyfhonderd internasionale toesighouers was verantwoordelik vir die moniteringsproses waarvolgens 150,000 troepe in 'n uitgestrekte grondgebied (twee keer die gesamentlike grootte van Duitsland, Frankryk en Italië) gedemobiliseer moes word. Hamill (1994: 9) skryf die internasionale gemeenskap se apatiese houding teenoor die proses in Angola toe aan 'n onvermoë om genoeg aandag aan al die probleme wat na die Koue Oorlog in die wêreldpolitiek opgeduik het, te skenk. Probleemgebiede soos Somalië, Haïti en Joego-Slawië was groter prioriteite en het gevolglik meer internasionale aandag ten koste van Angola gekry.

Tweedens beskou hy die verloop van die vredesproses as oorhaastig. Hy glo dat 'n langer proses, ondersteun deur 'n groter opbou van selfvertroue deur voorafgaande gesprekvoering oor die heropbou van Angola en oor Angola se moontlike toekomstige regionale rol asook oor die moontlike sukses van 'n regering van nasionale eenheid in Angola, meer suksesvol sou gewees het. Insteede hiervan is slegs gekonsentreer op die maatreëls wat nodig was vir die hou van die verkiesing, en is min aandag geskenk aan die versoeningsproses.

Pereira (1994: 14) is van oortuiging dat die gebreke van die Bicesse-ooreenkoms vir die voortsetting van die oorlog verantwoordelik is. Hierdie gebreke het die volgende ingesluit:

- (a) 'n Polarisasie van die Angolese gemeenskap tussen Unita en die MPLA-PT wat deur die ooreenkoms aangehelp is;
- (b) die gebrek wat die ooreenkoms gehad het ten opsigte van die insluiting van 'n samewerkingsooreenkoms om na die verkiesing geïmplementeer te word; en
- (c) 'n onrealistiese verwagting dat beperkte internasionale betrokkenheid vrede sou waarborg.

Unita, ontevrede met die uitslag van die verkiesing, het die MPLA-PT van verkiesingsbedrog beskuldig (FAIS, 1993: 1) en het etlike aanvalle op provinsiale sentra geloods om sy magsposisie op militêre gebied te herwin⁷. As gevolg van hierdie optrede kon Unita aan die einde van Oktober 1992 aanspraak maak op die beheer van tussen dertig en veertig persent van die Angolese grondgebied. Unita se 15,000 troepe⁸ het egter te staan gekom

⁷Na gedeeltelike demobilisasie a.g.v. die Bicesse-ooreenkoms.

⁸Unita self het daarop aanspraak gemaak dat hy in daardie stadium 30,000 gewapende soldate gehad het (Alden, 1995: 114).

teenoor 130,000 gewapende soldate van die MPLA-PT. Alhoewel die MPLA-PT onverhoeds betrap is deur Unita se skielike optrede in Oktober 1992, was dit onwaarskynlik dat laasgenoemde ooit die oorhand in 'n gewapende stryd sou behaal (Finkel, 1993: 28; Smith, 1992: 103).

5.5 Internasionale pogings om die burgeroorlog te beëindig

Herhaalde oproepe vir die hervatting van vredesamesprekings het vanuit die internasionale gemeenskap gevolg. Unita, gekritiseer vir sy optrede deur die internasionale gemeenskap, was egter steeds nie gewillig om die stryd te staak nie. Die sterftesyfer was hoog, veral rondom die stad Quito-Quanavale waar duisende mense dood is as direkte en indirekte gevolg van die burgeroorlog⁹. Internasionale ondersteuning, soos wat Unita voor 1990 vanuit state soos Suid-Afrika¹⁰ en die VSA gekry het, het ook nie voortgeduur nie. Sulke en soortgelyke voormalige ondersteuners van Unita het hierdie organisasie se optrede nou gekritiseer en hul politieke by die MPLA-PT geskaar. Unita, geïsoleer deur die internasionale gemeenskap, het daarin geslaag om die stryd tot einde 1994 voort te sit, voordat 'n terugkeer na die onderhandelingsstafel bewerkstellig is en 'n skietstilstand deur generaal van beide kante op 20 November 1994 onderteken is (EIU, 1994a: 9).

Die internasionale gemeenskap het dus 'n belangrike rol in die politiek-konstitusionele proses in Angola gespeel deur nie aan Unita ondersteuning te verleen nie. Die belangrikste bydrae tot die politiek-konstitusionele proses in die tydperk 1990 tot 1994 was egter die veranderinge aan die grondwet gedurende 1990 tot 1991, wat in 'n tydperk van voortdurende onderhandeling tussen Unita en die MPLA-PT plaasgevind het. Hierdie verandering het die algemene verkiesing van 1992 moontlik gemaak deur die Angolese staat konstitusioneel te demokratiseer om sodoende 'n algemene verkiesing op 'n legitieme wyse moontlik te maak. As gevolg van die voortsetting van die burgeroorlog het die proses van demokratiserende verandering egter tydelik tot stilstand gekom.

⁹Hongersnood veroorsaak deur die oorlog se verhinderende van internasionale voedselhulp aan die gebied (Quito) was een van die hoofoorse van die hoë sterftesyfer van bykans 10,000 mense (Campbell, 1992: 10).

¹⁰Die MPLA-PT het Suid-Afrika wel daarvan beskuldig dat dié land voortgesette hulp aan Unita verleen het. Geen bewyse dat die Suid-Afrikaanse regering aan Unita verdere steun verleen het, kon egter deur die outeur opgespoor word nie.

5.6 Politiek-konstitusionele verandering in Angola

Alhoewel die Angolese regering steeds teen die einde van 1994 deur die MPLA-PT oorheers is en die realiteit van die bestaande regeringstelsel nog ver van die demokratiese ideaal af was, het die aanpassings in die beleid van die MPLA-PT 'n daadwerklike koersverandering van die voormalige Marxisties-Leninistiese beleid ingehou. Demokrasisering verwys na, soos reeds in Hoofstuk 2 aangedui is, 'n proses waar state in die rigting van demokrasie beweeg (Lindblom, 1988: 83). Dit sluit onder meer in dat reëls neergelê word¹¹ waarvolgens 'n verkiesing moontlik gemaak kan word.

Gonzales (1991: 114–115) wys daarop dat president Dos Santos in sy voorbereiding vir vrede met Unita 'n plan uiteengesit het waarvolgens bepaal is dat MPLA-PT-beleid voorsiening moes maak vir waarborge wat effektiewe deelname van alle Angolese burgers aan die politieke proses moontlik sou maak. Gevolglik is beplan om die reg tot vrye assosiasie van burgers te erken¹², 'n algemene sensus te hou en die Verkiesingswet na te sien. Alhoewel dit ook nie in Dos Santos se 1990-nuwejaarsboodskap duidelik gestel is nie (Dos Santos, 1990: 1–4), blyk dit dat daar reeds onder die MPLA-PT-leierskap die mening bestaan het dat vrede slegs deur die daarstel van 'n veelpartyregering¹³ moontlik sou wees.

Gedurende 'n Junie 1990-sitting van die MPLA-PT Sentrale Komitee is amptelik besluit dat die veelparty-stelsel in Angola ingestel moes word, en dat konstitusionele hersiening moes plaasvind om te verseker dat die "*People's Assembly*"¹⁴ totale beheer oor die regering verkry¹⁵ (Gonzalez, 1991: 118).

Bogenoemde besluite van die MPLA-PT se Sentrale Komitee is deur die partykongres in Desember 1990 ondersteun en kort daarna tot die grondwet toegevoeg. Hierdie veranderinge het verder ook die wettiging van ander politieke partye buiten die MPLA-PT (Lavy, 1992: 7) en skeiding tussen die pos van voorsitter van die MPLA-PT en die presidentskap van Angola ingesluit¹⁶ (Lavy, 1992, 6). Dit wou dus voorkom asof die MPLA-PT

¹¹Sien ook Hoofstuk 2 (bladsy 15)

¹²Ook van die individu se reg tot vrye assosiasie met politieke opponente van die MPLA-PT, soos Unita.

¹³Soos waarop Unita aangedring het.

¹⁴In hierdie stadium het die "*National Assembly*" nog nie so geheet nie.

¹⁵'n Erkenning dat die "*People's Assembly*" nie voorheen totale beheer oor die regering gehad het nie. Sien ook Hoofstuk 3 (bladsy 27).

¹⁶Voortaan sou die voorsitter van die MPLA-PT nie meer outomaties die president van Angola word nie.

heeltemal van sy Marxisties-Leninistiese beleid van die vorige dekade en 'n half afgesien het.

In die konsep-grondwet, wat die MPLA-PT op 28 November 1991 voorgelê het vir aanvaarding na die 1992-verkiesing (Lavy, 1992: 7), was die koersaanpassing weg van die Marxisties-Leninistiese beleid nog duideliker sigbaar.

5.7 Die MPLA-PT- en Unita-konsep-grondwette van 1991

Die konsep-grondwet van die MPLA-PT van 28 November 1991 het dit duidelik gemaak dat die MPLA-PT amptelik 'n nuwe ideologiese rigting ingeslaan het. Artikel 2 van hierdie grondwet het byvoorbeeld voorgestel dat “...to protect the foundation of Angola as a multi-party pluralist democracy there shall be no merger of a political party with the state or any element of the state nor shall any political party exercise any governmental function...” (Blaustein & Flanz, 1992b: 35). Artikel 23 stel dat alle burgers van Angola die reg moes hê “...to participate in peaceful political activities and to form and join political parties...” (Blaustein & Flanz, 1992b: 43). Artikel 28 wou die vryheid van spraak, uitdrukking, denke, gewete, geloof, godsdiens, vergadering, assosiasie, die weerhouding van arbeid en beweging aan Angolese burgers waarborg (Blaustein & Flanz, 1992b: 45).

Artikel 33, wat te make gehad het met die taak van die “*National Assembly*”, het voorgestel dat hierdie liggaam uit twee liggame moes bestaan, naamlik 'n algemene vergadering en 'n raadsvergadering wat tesame met die president van Angola die reg sou hê om wetgewing voor te stel. Die Sentrale Komitee en voorsitter van die MPLA-PT sou dus nie meer 'n monopolie oor hierdie funksie van die regering hê nie¹⁷. Verder het hierdie artikel ook bepaal dat die lede van die “*National Assembly*” deur 'n algemene verkiesing bepaal moes word en volgens Artikel 32 is voorgestel dat dit die belangrikste wetgewende orgaan van die staat moes wees (Blaustein & Flanz, 1992b: 47–48).

Die uitvoerende gesag, soos deur die MPLA-PT konsep-grondwet voorgestel, was vol-

¹⁷Vergelyk Hoofstuk 3 (bladsy 27).

gens artikels 44 en 48 in die hande van die president van Angola¹⁸ en 'n "Council of State"¹⁹ (Blaustein & Flanz, 1992b: 50–53). Artikel 51 het voorgestel dat die regsprekende gesag onafhanklik moes wees van beide die uitvoerende en wetgewende gesag (Blaustein & Flanz, 1992b: 53).

Op ekonomiese gebied het Artikel 7 voorgestel dat "Government will seek to encourage and protect a vital private sector, individual economic initiative..." (Blaustein & Flanz, 1992b: 37) en Artikel 22 dat "All persons shall have the right to acquire, own and dispose of all forms of immovable and moveable property" (Blaustein & Flanz, 1992b: 42–43). Artikel 60 het verder voorsiening gemaak vir die skep van 'n Angolese Reserweraad om 'n monetêre en fiskale beleid vir Angola saam te stel (Blaustein & Flanz, 1992b: 57).

Geeneen van bogenoemde bepalings het ooreengekom met die bepalings van die Marxisties-Leninistiese ideologie nie. Marxisme-Leninisme staan byvoorbeeld 'n eenpartystaat met streng beheer oor politiek en ekonomie in die hande van daardie een party voor²⁰. Hierdie konsep-grondwet het 'n veelpartystaat voorgestel, met die vryhede en regte van 'n meer liberale, demokratiese staat²¹.

Die MPLA-PT was egter nie die enigste party om 'n konsep-grondwet in te dien nie. Unita het ook 'n soortgelyke dokument ingedien. Laasgenoemde was egter nooit direk deel van die amptelike grondwetskrywende proses nie en die breë oogmerke van Unita se konsep-grondwet het ook nie veel verskil van dié van die MPLA-PT nie. Dit het ook 'n veelparty-demokrasie met soortgelyke politieke en ekonomiese bepalings as dié van die MPLA-PT voorgestel. Artikels 18 tot 21 het byvoorbeeld te make gehad met basies dieselfde vryhede as wat in die MPLA-PT se konsep-grondwet in artikels 23 en 28 voorkom. (Blaustein & Flanz, 1992c: 67-70). Alhoewel Unita se konsep-grondwet nie 'n spesifieke getal lede vir die "National Assembly" voorgestel het nie, het dit soos in Artikel 32 van die MPLA-PT se konsep-grondwet op hierdie liggaam aangedring as belangrikste wetgewende orgaan van die staat (Blaustein & Flanz, 1992c: 75–76).

Alhoewel Unita amptelik demokratiese beginsels voorgestaan het, het sy optrede na die 1992-verkieping hierdie demokratiese beleid egter weerspreek. As gevolg van die heruit-

¹⁸Bepaal deur algemene verkiesing en nie noodwendig lid van die regerende party in die "National Assembly" nie.

¹⁹Bepaal deur die algemene vergadering van die "National Assembly".

²⁰Vergelyk Hoofstuk 2 (bladsy 11).

²¹Vergelyk Hoofstuk 2 (bladsy 11 & 15).

breek van die burgeroorlog is die beplande grondwetskrywende onderhandeling wat na die 1992-verkieping moes volg ook nooit begin nie. Die skietstilstand in November 1994 tussen Unita en die MPLA-PT het egter weer die moontlikheid van hernude onderhandeling daargestel. Skeptisisme oor of hierdie skietstilstand blywend van aard sou wees, het egter teen die einde van 1994 die Angolese politiek-konstitusionele proses oorheers.

5.8 Samevatting en gevolgtrekking

Die MPLA-PT/Unita-vredesooreenkomst van 31 Mei 1991 het die burgeroorlog wat sedert 1975 die politiek-konstitusionele verandering in Angola oorheers het, beëindig. Die koste van die burgeroorlog tesame met druk van die IMF, Wêreldbank en internasionale gemeenskap, het dit vir die MPLA-PT noodsaaklik gemaak om af te sien van sy Marxisties-Leninistiese beleid. Unita is gekonfronteer met die afname van internasionale hulp en het ook na die onderhandelingsstafel begin kyk vir 'n moontlike oplossing in die jarelange stryd met die MPLA-PT en deur bemiddeling van Portugal, die VSA en Sowjet-Unie, is die Bicesse-ooreenkomst, waarvolgens 'n algemene verkiesing in 1992 in die vooruitsig gestel is, onderteken.

In die tydperk voor die verkiesing het die MPLA-PT in onderhandelinge met Unita voortgegaan met politiek-konstitusionele veranderings. Die instelling van 'n veelpartystelsel en etlike ekonomiese hervormings ter bevordering van 'n vryemarkstelsel is deurgevoer.

Verskeie politieke partye het ook kort voor die verkiesing te voorskyn getree. Dit was egter die geskiedkundig-gevestigde partye, die MPLA-PT en Unita, wat die verkiesing oorheers het. In die verkiesing vir die "*National Assembly*" het die MPLA-PT 'n oorwinning met 53,74% teenoor Unita se 34,1% behaal. Die uitslag van die presidensiële verkiesing (Dos Santos se 49,67% teenoor Savimbi se 40,07%), is nie deur Unita aanvaar nie en het 'n tweede presidensiële verkiesing tussen die twee kandidate genoodsaak. Hierdie verkiesing het nooit plaasgevind nie.

Alhoewel 'n internasionale moniteringverslag (deur VN-vertegenwoordigers) verklaar het dat die verkiesing vry en regverdig was, het Savimbi die MPLA-PT van verkiesingsbedrog beskuldig en die burgeroorlog voortgesit.

Verskeie redes waarom die vredesproses in 1992 skipbreuk gely het, kom in nabetraging na vore. Die eerste hiervan het die skuld voor die deur van onvoldoende betrokkenheid deur die internasionale gemeenskap gelê. Tweedens is 'n gebrek aan voldoende demilitarisering van die strydende partye genoem en derdens is daarop gewys dat die kort tydsduur van die proses, 31 Mei 1991 tot Oktober 1992²², en die feit dat daar dus nie genoeg tyd vir werklike versoening was nie, in ag geneem moes word.

Unita, sonder die ondersteuning wat hierdie organisasie vanuit die internasionale gemeenskap voor 1990 gekry het, het dit onmoontlik gevind om die burgeroorlog suksesvol voort te sit. Met slegs 15,000 tot 30,000 troepe teenoor die MPLA-PT se ongeveer 130,000, was dit dus onwaarskynlik dat Unita ooit suksesvol in die burgeroorlog sou wees. Daarom het Unita hom weer tot onderhandeling gewend. Hierdie onderhandelinge het teen die einde van 1994 tot 'n skietstilstand gelei wat onderhewig was aan skeptisisme oor die blywende aard daarvan.

Die belangrikste bydrae tot die politiek-konstitusionele veranderingsproses in Angola gedurende hierdie tydperk (en wat in hierdie hoofstuk bespreek is), het plaasgevind in die aanloop tot die 1992-verkieping. Na hierdie verandering is reeds verwys.

Konsep-grondwette is ook onderskeidelik deur die MPLA-PT en Unita in hierdie tydperk voorgelê. Uit hierdie dokumente, samesprekings tussen die MPLA-PT en Unita asook grondwetlike verandering voor 1992, is dit duidelik dat die Marxisties-Leninistiese beleid van die MPLA-PT (wat voor 1990 in 'n groot mate die politiek-konstitusionele proses in Angola bepaal het), vervang is met demokraties georiënteerde beginsels.

Die aanvaarding van demokrasie as politieke stelsel geskied slegs indien die waardes wat demokrasie ondersteun, deur die gemeenskap aanvaar word²³. In Angola is hierdie waardes na die 1992-verkieping nie deur Unita aanvaar nie. Die vraag ontstaan nou of dit na 1994 wel aanvaar sal word.

In Hoofstuk 5 is gekyk na die politiek-konstitusionele verandering van Angola in die tydperk 1989 tot 1994. Hoofstuk 6 spits hom toe op die politiek-konstitusionele proses in Mosambiek van 1990 tot 1994, 'n tydperk waarin soortgelyke demokratiserende veran-

²²Vanaf die ondertekening van die Bicesse-ooreenkoms tot en met die heruitbreek van die burgeroorlog na die algemene verkiesing in 1992.

²³Die proses van sosialisering wat hiermee na verwys word, word in Hoofstuk 2 (bladsy 15) kortliks in 'n onderskrif bespreek.

dering in laasgenoemde staat plaasgevind het, waarna die verhandeling afgesluit sal word deur 'n vergelykende perspektief (Hoofstuk 7), wat die politiek-konstitusionele veranderingsprosesse in beide state sedert onafhanklikwording sal saamvat.

Hoofstuk 6

POLITIEK-KONSTITUSIONELE VERANDERING IN MOSAMBIEK: 1990 TOT 1994

6.1 Inleiding

Met die aanvaarding van die 1990-grondwet deur die Frelimo- oorheersde “*People’s Assembly*”, het deure vir groter politieke deelname in Mosambiek begin oopgaan. Die MNR was aanvanklik skepties oor die betekenis van Frelimo se aanbod vir onderhandelinge, veral omdat dit gevolg het op ’n tydperk waarin leiers van Frelimo hulself telkens onbereid verklaar het om ooit met die MNR te onderhandel¹. Die ommeswaai in Frelimo beleid ten opsigte van onderhandeling was te skielik en onverwags.

Onderhandeling het egter wel in 1990 begin plaasvind. ’n Oorgangs- of tussentydse grondwet is deur die Frelimo-oorheersde regering aanvaar, wat samesprekings moontlik gemaak het. Hierdie samesprekings het gelei tot ’n algemene verkiesing op 27 Oktober 1994 (Haines & Wood, 1995: 5).

Kort voor die hou van die verkiesing het die MNR Frelimo vir ongerymdhede in die verkiesingsproses verantwoordelik gehou en gedreig om die verkiesing te boikot. Die verkiesing het egter voortgegaan. Frelimo het die verkiesing gewen en die MNR, alhoewel ontevrede met die uitslag van die verkiesing, het ingestem om die uitslag te aanvaar

¹Vergelyk Hoofstuk 4 (bladsy 44).

(Haines & Wood, 1995: 5-6 & 12).

Hierdie hoofstuk beoog om die politiek-konstitusionele veranderingsproses, van 1990 tot 1994 in Mosambiek, te bespreek. Soos in Hoofstuk 5 die geval was, sal ook in hierdie hoofstuk op die demokratiseringsproses gekonsentreer word. Sodoende kan die kontras met die 1975-1990 Marxisties-Leninisties oorheersde politiek-konstitusionele verandering in Mosambiek aangedui word.

Belangrike bydraende faktore tot die politiek-konstitusionele proses sal bespreek word, insluitende die bepalings van die 1990-grondwet (soos wat dit eensydig deur die Frelimo-oorheersde "*People's Assembly*" aanvaar is), die vredes-ooreenkoms tussen die MNR en Frelimo, die aanloop tot die 1994-verkiesing, die verkiesing self, internasionale betrokkenheid gedurende 1990 tot 1994 en die aanvaarding van die verkiesingsuitslae deur die verskillende partye.

Eerstens sal aandag gegee word aan die bepalings van die 1990-grondwet.

6.2 Die 1990-grondwet

Die aanvaarding van 'n nuwe grondwet vir Mosambiek deur die "*People's Assembly*" in 1990 is fel deur die MNR, ontevrede met van die bepalings daarin vervat² en die eensydigheid daarvan³, gekritiseer. Die 1990-grondwet bly egter die instrument waarmee die beëindiging van die burgeroorlog tussen die MNR en Frelimo bewerkstellig is. Die bepalings daarin vervat was gemik op 'n ommeswaai in die Mosambiekse politieke ideologie, weg van die vorige Marxisties-Leninistiese beleid na een wat meer inklusief van aard sou wees. Sedert 1990 was die demokratiese ideologie amptelik in Frelimo se politieke beleid vervat, en aangesien die MNR ook in hul politieke beleid demokratiese beginsels aangehang het, is konstruktiewe dialoog tussen die twee strydende partye dus moontlik gemaak (EIU, 1994b: 5-6).

²Gebreke het volgens die MNR 'n tekort aan vryheid van spraak en beweging ingesluit (Hoile 1994a: 150). Artikel 74 van die grondwet toon egter dat die MNR se besware geen gronde gehad het nie. In hierdie artikel is verwys na die vryheid van uitdrukking ("*expression*") wat ook die vryheid van spraak insluit (Blaustein & Flanz, 1992a : 38).

³Die grondwet is in 1990 deur die "*People's Assembly*" aanvaar terwyl slegs Frelimo die reg gehad het om in hierdie liggaam te dien.

Soos reeds aangedui, was die grondwet van 27 Oktober 1990 op demokratiese beginsels geskoei. Die veelparty demokratiese aard van die grondwet is in artikel 30 en 31 gedefinieer (Blaustein & Flanz, 1992a: 24). Artikel 30 het verwys na Mosambiekse burgers se reg tot insae in die regering deur “*universal, direct, secret and periodic suffrage, through referenda on major national issues, and through permanent democratic participation by citizens in the affairs of the nation*”. Die belangrikheid van politieke partye is in Artikel 31 (1) vervat as die uitdra van politieke pluralisme. In hierdie artikel is die taak van politieke partye bestempel as om kompetisie ten opsigte van die samestelling en verteenwoordiging van populêre mening te verteenwoordig, ’n taak wat slegs verrig kon word indien partye sou dien as die “*...fundamental instruments for political participation*”. In bogenoemde artikels is dus amptelik wegbeweeg van die vorige eenparty-grondwet van Mosambiek.

Artikel 74 (1) en (2) het verder gekonstitusioneel dat alle burgers die reg moes besit tot die vryheid van uitdrukking en dat vryheid van die pers, informasie en assosiasie gewaarborg moes wees (Blaustein & Flanz, 1992a: 38).

Ten opsigte van ekonomiese beleid, het die 1990-grondwet die vryemarkhervormings wat reeds sedert 1987⁴ in Mosambiek se wetgewing te voorskyn begin tree het, ondersteun. Artikel 41 (2) het byvoorbeeld die reg tot privaat besit verseker en artikel 44 het selfs so ver gegaan as om staatsondersteuning vir burgers se deelname in die sakesektor te belooft deurdat die staat “*...shall support its (die ondernemings se) development as a way of making good use of the capacities and creativity of the people*” (Blaustein & Flanz, 1992a: 27–28).

Alle staatsbeheer oor die ekonomie is egter nie laat vaar nie. Artikel 45 (1) het die staat se reg bevestig om beheer oor internasionale investering te behou. In Artikel 46 (1) is geproklameer dat alle “*...ownership of land is vested in the state...*” en in Artikel 47 (1) dat “*The state shall determine the conditions under which land may be used*” (Blaustein & Flanz, 1992a: 28). Volkome ekonomiese hervorming was dus in hierdie stadium nog nie bereik nie.

Afgesien van bepalings soos die bogenoemde wat in ’n mate versekering van hervorming gegee het, is spesifieke artikels ingesluit om die hou van die verkiesing te vergemaklik. Artikel 107 (1) het geproklameer dat “*Representative organs shall be chosen through elections in which all citizens shall have the right to participate*”, Artikel 107 (2) dat “*The*

⁴Vergelyk Hoofstuk 4 (bladsy 47).

election of representative organs shall take place through....periodic vote" en Artikel 133 (1) dat een van hierdie organe, die *"Assembly of the Republic is the highest legislative body in the Republic of Mozambique..."* (Blaustein & Flanz, 1992a: 48 & 56).

In Artikel 137 (a)–(d) is aan die president van Mosambiek, kommissies en afgevaardigdes van die *"Assembly"* en lede van die *"Council of Ministers"* die alleenreg gegee om konsep-wetgewing aan die *"Assembly"* voor te lê (Blaustein & Flanz, 1992a: 58). Die belangrikste verandering ten opsigte van hierdie gedeelte van die grondwet was dat mense wat in bogenoemde liggame of posisies gedien het, nie meer die goedkeuring van die Sentrale Komitee van Frelimo nodig gehad het om hul posisies te beklee nie. In hierdie aspek is die Mosambiekse grondwet dus verteenwoordigend gemaak van die demokratiese hervorming wat besig was om plaas te vind⁵.

Uit die voorafgaande bespreking van die 1990-grondwet is dit duidelik dat fundamentele verandering besig was om plaas te vind. Alhoewel baie nog gedoen moes word, onder meer om die MNR te betrek by die proses, was dit duidelik dat Frelimo amptelik van sy Marxisties- Leninistiese eenpartystaat-ideologie afgesien het. Frelimo was met die aanvaarding van hierdie grondwet steeds die enigste politieke party in die regering. Die deure vir verandering van hierdie posisie was egter nou oop. Die MNR moes nou nog net reageer op die inisiatief wat deur Frelimo geneem is.

6.3 Die ooreenkoms tussen die MNR en Frelimo

Deur die bemiddeling van die Rooms-Katolieke Kerk het die MNR- en Frelimo-verteenvoordigers mekaar vir die eerste keer van 8 tot 10 Julie 1990 in Rome ontmoet (Haines & Wood, 1995: 4; Hoile, 1994a: 141). Onderhandelinge het egter eers in 1992 tot 'n protokol vir die bereiking van vrede in Mosambiek gelei (Newitt, 1995: 576).

Die eerste sukses met die samesprekings was 'n gedeeltelike skietstilstand-ooreenkoms waarvolgens ooreengekom is dat indien Zimbabwe troepe⁶ sou onttrek na posisies binne 1,8 km van die Beira- en Limpopo-spoorlyne, hulle nie deur MNR-magte aangeval sou word nie (Hoile, 1994b: 147). Hierdie sukses is opgevolg met 'n ooreenkoms op 7 Augustus 1992

⁵Vergelyk Hoofstuk 4 (bladsy 43) vir 'n beskrywing van die wyse waarop wetgewing onder die vorige grondwetlike bestel voorgelê is.

⁶In Mosambiek ter ondersteuning van Frelimo. Vergelyk Hoofstuk 4, (bladsy 49).

om die burgeroorlog in Oktober van dieselfde jaar te beëindig. Op 4 Oktober 1992 het die MNR en Frelimo die Algemene Vredesooreenkoms onderteken en is sestien jaar van burgeroorlog gestaak (Snyman, 1992: 79). In hierdie ooreenkoms is konsensus verkry oor die volgende sake:

- (a) Die demobilisasieproses, met eenhede van die verskillende kante wat binne een maand van die bekragtiging van die ooreenkoms deur die eenparty Frelimo-parlement, by gespesifiseerde vergaderpunte moes byeenkom;
- (b) die samestelling van 'n 30,000-man nasionale weermag om bogenoemde troepe te vervang;
- (c) die onttrekking van Zimbabwe-troepe uit Mosambiek binne vier weke na ratifikasie;
- (d) die hou van 'n presidensiële verkiesing en 'n verkiesing vir 'n wetgewende liggaam binne een jaar na die voltooiing van demobilisasie; en
- (e) VN-monitering en fasilitering van die hele proses. (EIU, 1994b: 8; Hoile, 1994b: 147–148)

Gelyktydig met die onderhandelingsproses het Frelimo voortgegaan om wetgewing deur te voer om die bepalings van die 1990-grondwet, asook ander demokratiserende beginsels, te ondersteun. Tussen 11 en 13 Februarie 1991 het die Departement van Verdediging maatreëls aangekondig waarvolgens 'n skeiding tussen Frelimo en die Nasionale Weermag moontlik gemaak is en op 4 Julie is wetgewing wat die reg tot assosiasie en om vergaderings te hou verhinder het, geskrap (Hoile, 1994a: 144 & 148).

Volgens Hoile (1994b: 146) het gebrek aan vertroue tussen die MNR en Frelimo egter daartoe gelei dat daar nie by die tydsbepalings van die vredes-ooreenkoms gebly is nie. Gevolglik is die verkiesing, oorspronklik beoog vir Oktober 1993, uitgestel na Oktober 1994⁷ (EIU, 1994d: 8).

⁷Hoile (1994a: 146) verwys onder meer na 'n poging deur Frelimo om MNR onderhandelaars te vermoor.

6.4 Die algemene verkiesing van Oktober 1994

In die aanloop tot die verkiesing (tot 27 Oktober 1994) het vyftien nuwe politieke partye te voorskyn getree. Tesame met Frelimo en Renamo (die MNR) was daar dus sewentien politieke partye wat aan die verkiesing deelgeneem het (Alden, 1995: 125). Indien Campbell (1992: 10)⁸ se klassifikasie van partye in Angola op Mosambiek van toepassing gemaak word, was Frelimo en die MNR die historiese tipe partye (partye wat hul oorsprong in die burgeroorlog gehad het). Geen ander indeling volgens die Campbell-klassifikasie (partye wat hul ontstaan te danke gehad het aan prominente politici en bestaande (historiese) partye), is egter moontlik nie. Ander politieke partye soos "*Partido Independente de Mocambique*" (PIMO) onder leiding van Ayacob Simbunde (Hoile, 1994a: 192), "*Partido Nacionalista Federalista*" (PANAFE), onder leiding van Marcos Juma (Hoile, 1994a: 192) en "*Partido Congresso Demicratico*" (PACODE) onder Vasco Momboya, was kombinasies van beide of die produk van die opbreek van ander nuwe politieke partye⁹.

Aantuigings ten opsigte van die verbreking van verkiesings reëls¹⁰ is deur beide die MNR en Frelimo gemaak en slegs ure voordat die stembusse geopen het, het die MNR verklaar dat hy die verkiesing gaan boikot. Die MNR is egter deur bemiddeling van Suid-Afrika en Zimbabwe daarvan oortuig om van hierdie voorneme af te sien. Haines & Wood (1995: 5–6) skryf die MNR se redes vir hertoetrede aan drie faktore toe. Eerstens is daar gevrees dat die boodskap van die beplande boikot as gevolg van swak kommunikasie nie betyds by ondersteuners sou uitkom nie en hulle buitendien sou voortgaan om te stem. Tweedens was daar die feit dat die MNR teen daardie tyd reeds in 'n groot mate op militêre gebied gedemobiliseer was en dat die kans om die burgeroorlog suksesvol te hervat, dus baie skraal was. Laastens was daar druk deur die internasionale gemeenskap op die MNR om voort te gaan om aan die verkiesing deel te neem.

Frelimo het die verkiesing vir die wetgewende vergadering ("*National Assembly*"¹¹) met 44,33% steun teenoor die 37,78% steun van die MNR gewen. Slegs een ander party,

⁸Vergelyk Hoofstuk 5 (bladsy 56).

⁹PIMO se leierskap het byvoorbeeld ook voormalige MNR-lede gehad, PANAFE het sy ontstaan te danke gehad aan die opbreek van 'n ander politieke party ("*Partido Democratico de Mocambique*" (PADEMO)) en PACODE soortgelyk aan die opbreek van 'n party genaamd die "*National Convention Party*" (PCN) (Hoile, 1994a: 189–193).

¹⁰Soos die verwydering van verkiesingsplakkate en intimidasie van joernaliste (Haines & Wood, 1995: 5).

¹¹Eers na die aanvaarding van die grondwet het die naamsverandering van "*People's Assembly*" na "*National Assembly*" plaasgevind (Marshall, 1992: 286)

die “*Democratic Union*”¹², het genoeg steun gekry om ook volgens die verkiesingswet¹³ in die wetgewende vergadering opgeneem te word (Haines & Wood, 1995: 6). In die presidensiële verkiesing het Chissano (van Frelimo) met 53% steun teenoor die 33% van sy naaste teenstander, Dhlakama van die MNR (Alden, 1995: 126) gewen.

Die enigste vraag was nou, veral in die lig van die MNR se dreigement om die verkiesing te boikot, in watter mate die verkiesingsuitslag aanvaar sou word.

6.5 Reaksie op die verkiesingsuitslae

Haines en Wood (1995: 12) beskou die aanloop tot die verkiesing en die verkiesing self, as ’n tydperk waarin die burgers van Mosambiek die MNR en Frelimo gedwing het om vrede te maak. Vir dieselfde redes¹⁴ waarom die MNR op die vooraand van die verkiesing nie die dreigement van ’n verkiesingsboikot deurgevoer het nie, kon dit ook nie na die verkiesing terugkeer na gewapende konflik met Frelimo nie.

Verder het die MNR ook na die verkiesing die verdere aansporing van ’n redelike sterk parlementêre posisie gehad. Frelimo het wel die verkiesing gewen in die “*National Assembly*” met 129 setels teenoor die 112 van MNR en 9 van die “*Democratic Union*” (totaal van 121)¹⁵ gewen, maar moes steeds laasgenoemde twee partye se posisies in ag neem (Alden, 1995: 126). Indien slegs nege van sy eie partylede (wat setels beklee) nie stem nie of vyf vir die opposisie stem kon Frelimo dit onmoontlik vind om sekere wetgewing deur te voer (Chapman, 1995: 17). Chapman (1995: 17) wys ook daarop dat daar binne Frelimo-geledere ontevredenheid bestaan het met die party se beleid ten opsigte van grondbesit. President Chissano kon dit dus moeilik vind om kontroversiële wetgewing, soos wette wat die staat se alleenreg tot die besit van grond verskans, deur te

¹²’n Party bestaande uit die samesmelting van die “*Liberal and Democratic Party*” (PALMO) “*Mozambique National Party*” (PANAMO) en “*National Democratic Party*” (PANADE) (Haines & Wood, 1995: 6).

¹³’n 5%-stem was nodig om volgens die proporsionele stelsel wat aanvaar is, enige verteenwoordigers in die “*National Assembly*” te kry (Alden, 1995: 126).

¹⁴Suksesvolle demobilisasie van sy gewapende magte en volgehoue internasionale druk vir demokratisering.

¹⁵Alhoewel Frelimo slegs 44,33% van alle stemme in die algemene verkiesing behaal het, veroorsaak kleiner partye wat wel gesamentlik heelwat steun gekry het, maar individueel nie die 5%- minimum grens vir partye om setels te ontvang kon bereik nie, dat Frelimo ’n volslae meerderheid van setels in die “*National Assembly*” gekry het. Daar was ook ’n groot aantal bedorwe stembriewe. Haines en Wood (1995: 24) beraam dat ongeveer 8,5% van al die stemme uitgebring is, bedorwe was.

voer.

Die MNR se posisie (en tevredenheid met die verkiesingsuitslae) is ook verder verstewig deur die feit dat dié party in die verkiesing die beheer oor vyf provinsies¹⁶ verkry het en dat president Chissano 'n posisie van versoening na die verkiesing ingeneem het deur in Desember 1994 ses ministeriële poste aan die MNR aan te bied (Chapman, 1995: 17–18).

Laastens kan die internasionale gemeenskap se rol in die versekering van 'n vreedsame oplossing in Mosambiek nie buite rekening gelaat word nie. Daar is reeds verwys na die rol van Suid-Afrika en Zimbabwe in die afwering van 'n MNR verkiesingsboikot. Die belangrikste internasionale rolspeler was egter die VN. Newitt (1995: 577) verwys na die besef in die VN dat dit “...*must face up to the need for a greater level of intervention...*”

Reeds in 1992 het die VN in antwoord op die vredesooreenkoms tussen Frelimo en die MNR 'n resoluëie (Resoluëie 797 van 1992) aanvaar waarvolgens die “*United Nations Operation in Mozambique*” (UNOMOZ) goedgekeur is. Unomoz was verantwoordelik vir die demobilisasie van die gewapende magte in Mosambiek, humanitêre hulpverlening asook hulp met en die monitering van die 1994-verkiesing (Alden, 1992: 105 & 108–111). As gevolg van die ontoereikende betrokkenheid in Angola en die gevolglike voortsetting van die burgeroorlog in daardie staat het die VN 'n belangrike les geleer. Die Unomoz-operasie het 'n heelwat groter omvang in Mosambiek aangeneem en dit het 'n groot rol in die verkiesings- en vredesproses gespeel.

Toe dit duidelik word dat die verkiesing, oorspronklik beplan vir Oktober 1993, uitgestel moes word, het die VN ook toegestem om die tydperk van hul teenwoordigheid tot na die verkiesing te verleng (Alden, 1995: 113; EIU, 1994c: 10). Heelwat meer VN-troepe¹⁷ is ook gestuur om die demobilisasieproses te vergemaklik.

Besware ten opsigte van stemme wat uitgebring is deur mense wat nie burgers van Mosambiek was nie¹⁸ en die groot aantal bedorwe stembriewe is wel geopper, maar nadat die VN die verkiesing as vry en regverdig verklaar het, het Dhlakama as leier van die MNR die uitslag aanvaar. Aan die einde van 1994 het dit gelyk asof die proses van

¹⁶Manica, Nampala, Sofala, Tete en Zambezia.

¹⁷Op 27 Oktober 1994 was daar sewe duisend VN-troepe in Mosambiek (Chapman, 1995: 17) vergeleke met Angola waar slegs vyfhonderd soldate hierdie werk moes verrig. Sien Hoofstuk 5 (bladsy 58).

¹⁸Die moontlikheid het volgens die MNR bestaan dat burgers van Zimbabwe wat die Frelimo-saak ondersteun het moontlik aan die verkiesing kon deelneem (Haines & Wood, 1995: 6).

demokratisering wat in Mosambiek aangepak is, begin vrugte afwerp het. Verdere onderhandeling en die samestelling van 'n nuwe Mosambiekse grondwet (waarin al die politieke partye verteenwoordig in die "*National Assembly*" geken sou word) moes volg. Die proses van demokratiserende politiek-konstitusionele verandering in Mosambiek het dus teen die einde van 1994 steeds voortgeduur.

6.6 Samevatting en gevolgtrekking

Frelimo se aanvaarding van 'n veelparty demokratiese grondwet in 1990 het suksesvolle onderhandelinge met die MNR moontlik gemaak. In hierdie grondwet het Frelimo eensydig, maar onder druk van die internasionale gemeenskap en die voortdurende burgeroorlog, amptelik van sy Marxisties-Leninistiese beleid afgesien.

Alhoewel die MNR besware teen die inhoud van die nuwe grondwet gehad het (en ook ontevrede was omdat dit eensydig deur Frelimo opgestel is), het die grondwet vredesonderhandelinge tussen die strydende partye moontlik gemaak.

Onderhandeling het in 1992 tot 'n ooreenkoms (waarvolgens ooreengekom is op demobilisasie en die hou van "*National Assembly*" - en presidensiële verkiesing onder toesig van die VN in Oktober 1993) gelei. In hierdie samesprekings het die Rooms-Katolieke Kerk die bemiddelende rol gespeel.

Gedurende die onderhandelings het Frelimo, in daardie stadium steeds alleen in beheer van die "*National Assembly*", voortgegaan om maatreëls deur te voer waarvolgens hul 1990 demokratiserende grondwet bekragtig en verbeter is.

Na die ondertekening van die ooreenkoms het 'n gebrek aan vertroue tussen Frelimo en die MNR die demobilisasieproses vertraag. Gevolglik is in oorleg met die VN, wat verantwoordelik was vir die uitvoer en monitering van die demobilisasieproses, besluit om die beplande verkiesing na Oktober 1994 uit te stel.

In die aanloop tot die verkiesing is verskeie nuwe partye op die been gebring. Slegs een van hierdie partye, die "*Democratic Union*", het egter daarin geslaag om verteenwoordiging in die "*National Assembly*" met Frelimo en die MNR te deel.

Enkele ure voor die hou van die verkiesing het die MNR gedreig om 'n boikot daarteen uit te roep. Suid-Afrika en Zimbabwe het die MNR egter daarvan oortuig om van hierdie plan af te sien. As gevolg van die feit dat swak kommunikasiëkanale die MNR sou verhinder om nuus van die boikot betyds by sy ondersteuners uit te bring, dat die oorgrote meerderheid van sy troepe reeds gedemobiliseer was en 'n terugkeer na 'n burgeroorlog nie die internasionale gemeenskap se steun sou wegdra nie, het die MNR besluit om aan Suid-Afrika en Zimbabwe se versoek gehoor te gee en nie met die boikot voort te gaan nie.

In die uitslag van die verkiesing het Chisano (van Frelimo) die presidensiële verkiesing met 53% steun gewen. In die "*National Assembly*" het Frelimo ook 'n oorwinning behaal. Omdat ontevredenheid binne Frelimo-geledere teen 1994 bestaan het oor sekere beleidsaspekte van die party (soos die staat se alleenreg tot grondbesit), het die MNR in 'n heelwat sterker posisie verkeer as wat sy 112 setels in die "*National Assembly*" aangedui het.

Die VN-verteenwoordigers in Mosambiek het deurlopend 'n belangrike rol in die aanloop tot, en in die verkiesingsproses self, gespeel. Die Unomoz operasie was van 'n heelwat groter omvang in Mosambiek as in Angola, waar te min internasionale betrokkenheid gedeeltelik geblameer is vir die voortsetting van die burgeroorlog in daardie staat. Gevolglik het dit geblyk dat die proses in Mosambiek meer suksesvol was.

In hierdie hoofstuk is aangetoon dat die tydperk 1990 tot 1994 die amptelike einde van die Marxisties-Leninistiese beleid wat die Frelimo-regering sedert 1975 gevolg het, beteken het. Bogenoemde beleid is laat vaar ten gunste van 'n veelparty demokratiese stelsel. Frelimo was steeds in beheer van die Mosambiekse regering aan die einde van hierdie periode, maar die 1990-grondwet, die uitslag van die 1994-verkiesing en die tegemoetkoming wat president Chissano teenoor die MNR getoon het (deur byvoorbeeld ses ministeriële poste aan laasgenoemde politieke party aan te bied), het bewys dat 'n nuwe realiteit van demokratisering in Mosambiek aangebreek het.

Hiermee is die bespreking van die politiek-konstitusionele verandering sedert onafhanklikwording in Mosambiek afgesluit (soos wat Hoofstuk 5 'n afsluiting was van die veranderingsproses sedert onafhanklikwording in Angola). Hoofstuk 7 sal ter samevatting 'n vergelyking tref tussen die politiek-konstitusionele veranderingsprosesse in Angola en Mosambiek sedert die twee state sy vrywording in 1975.

Hoofstuk 7

ANGOLA EN MOSAMBIEK IN VERGELYKENDE PERSPEKTIEF: 'N SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

7.1 Inleiding

Angola en Mosambiek het sedert hul onafhanklikwording in 1975 ingrypende politiek-konstitusionele verandering ondergaan. Koloniale beheer het plek gemaak vir Marxisties-Leninistiese beleidsrigtings wat vir 'n dekade en 'n half die betrokke politieke stelsels oorheers het. Burgeroorloë wat kort na onafhanklikwording in albei state uitbreek het, het 'n belangrike rol gespeel in hul politiek-konstitusionele verandering deurdat dit, tesame met druk vanuit die internasionale gemeenskap teen die einde van die Koue Oorlog (1989), hierdie state in die rigting van demokratisering gedwing het.

Onderhandeling tussen die strydende partye met die oog op die beëindiging van burgeroorlog het onderskeidelik in 1989 en 1990 in Angola en Mosambiek begin. Algemene verkiesings, volgens internasionaal aanvaarde demokratiese beginsels, is ook in 1992 en 1994 in die onderskeie state gehou.

In Angola het burgeroorlog weer uitbreek nadat die uitslag van die verkiesing nie deur Unita aanvaar is nie. Die demokratiserende verandering in Mosambiek het meer

suksesvol geblyk te wees met die aanvaarding van die verkiesingsuitslae deur die MNR.

Vervolgens word 'n vergelyking tussen die politiek-konstitusionele veranderings in Angola en Mosambiek, waarop in die voorafgaande hoofstukke gefokus is, getref. Hierdie vergelyking word aangebied as 'n samevatting van die resultate van die navorsing oor die politiek-konstitusionele veranderings wat in Angola en Mosambiek gedurende 1975 tot 1994 plaasgevind het. Die verhandeling word afgesluit deur 'n geheelbeeld te bied van die politiek-konstitusionele verandering in hierdie twee state in die genoemde tydperk en ooreenkomste en verskille aan te toon.

Vergelykings wat getref sal word, sluit die proses waarvolgens onafhanklikheid verkry is in, asook die Marxisties-Leninisties-oorheersde periode (van 1975 tot ongeveer 1989) en die periode van demokratisering (van ongeveer 1990 en daarna) in die politiek-konstitusionele geskiedenis in Angola en Mosambiek. Spesifieke aandag word gegee aan die invloed van die burgeroorloë, internasionale betrokkenheid en die aanvaarding van verkiesingsuitslae (al dan nie) as bepalende faktore in die politiek-konstitusionele verandering wat in Angola en Mosambiek plaasgevind het.

Eerstens word aandag gegee aan die verkryging van onafhanklikheid in die onderskeie state.

7.2 Die onafhanklikwording van Angola en Mosambiek

Die belangrikste faktor wat aanleiding gegee het tot die onafhanklikwording van beide Angola en Mosambiek was die suksesvolle staatsgreep in 1974 in Portugal. Hierdie staatsgreep was in reaksie op die kostes wat Portugal moes aangaan om sy koloniale ryk in stand te hou.

Verder was daar ook in beide Angola en Mosambiek, reeds voor die staatsgreep in Portugal, bevrydingsbewegings wat hulself vir onafhanklikheid beywer het. In Angola het drie sulke organisasies, wat hul ondersteuning uit drie verskillende etniese groepe verkry het¹, tot stand gekom. Die groepe (die MPLA, FNLA en Unita) kon nie hul

¹Sien Hoofstuk 3 (bladsy 23) vir die verskillende etniese groepe se ondersteuning aan die onderskeie bewegings.

bevrydingspogings koördineer nie en verskeie voorvalle van onderlinge gewapende konflik het voorgekom. Gevolglik was dit vir Portugal moontlik om deur middel van die vergroting van hul militêre teenwoordigheid, relatiewe beheer oor Angola te behou.

In Mosambiek was daar voor onafhanklikheid slegs een aktiewe bevrydingsbeweging (Frelimo) en is 'n groter mate van militêre sukses teen die Portugese owerhede daardeur moontlik gemaak. Soos in Angola, was daar egter ook nie werklik die moontlikheid dat politieke bevryding deur middel van 'n militêre oorwinning oor Portugese gewapende magte sou kon plaasvind nie.

Om die onafhanklikheid van Angola en Mosambiek te vergemaklik, het die nuwe Portugese regering onderskeidelik die Alvor- en Lusaka-ooreenkomste met verteenwoordigers van die bevrydingsbewegings aangegaan. Die Lusaka-ooreenkoms met Frelimo in Mosambiek, is reeds op 7 September 1974 onderteken. Die Alvor ooreenkoms met die MPLA, FNLA en Unita in Angola, is egter eers vroeg in 1975 onderteken (nadat bemiddeling deur Kenia die verskillende bevrydingsbewegings oortuig het om gesamentlik vir Angola se verkryging van onafhanklikheid te onderhandel).

Angola en Mosambiek het volgens die bepalinge van die Alvor- en Lusaka-ooreenkomste onderskeidelik op 25 Junie 1975 en 11 November 1975 hul onafhanklikheid verkry. In Angola is die regering in die hande van 'n oorgangsregering geplaas en het die MPLA, Unita en die FNLA ooreengekom om 'n verkiesing voor die einde van September 1975 te hou. Die beplande verkiesing het egter nooit plaasgevind nie. Voorvalle van geweld tussen die verskillende bevrydingsbewegings het voorgekom en nadat die MPLA die FNLA uit Luanda verdryf het, het beide die FNLA en Unita hulle aan die oorgangsregering onttrek. Die MPLA was dus kort na onafhanklikwording alleen in beheer van die Angolese regering. Die uitbreek van 'n burgeroorlog was egter die prys wat hierdie organisasie vir sy optrede betaal het.

In Mosambiek het Frelimo, as enigste organisasie met werklike mag, sonder opposisie oorgeneem. Frelimo se verbanning van alle politieke partye en die vervolging van politieke opponente na onafhanklikheid het egter tot die stigting van die MNR gelei. Ook in Mosambiek het 'n burgeroorlog dus op onafhanklikheid gevolg. Anders as met die uitbreek van 'n burgeroorlog in Angola (waar die opposisie reeds voor onafhanklikheid bestaan het), het die opponerende mag in Mosambiek sy ontstaan direk te danke aan Frelimo-beleid (en kom dit eers na onafhanklikheid in 1977 na vore). In beide gevalle

was dit egter Marxisties-Leninistiese beleidsrigtings (en spesifiek Marxisties- Leninistiese voorskrifte vir 'n eenparty of “*vanguard*” regerende politieke party²) wat tot burgeroorlog aanleiding gegee het.

Marxisme-Leninisme het in die Angolese en Mosambiekse post- onafhanklikheidsperi- ode 'n groot invloed op politiek-konstitusionele verandering gehad. Soos reeds aangedui, was dit in 'n groot mate verantwoordelik vir die uitbreek van die burgeroorloë in hier- die state. In albei state het dit egter ook op meer konkrete wyse in die grondwetlike prosesse beslag gevind en het dit die politiek-konstitusionele verandering van Angola en Mosambiek, sedert die middel sewentiger- tot aan die einde van die tagtigerjare, oorheers.

7.3 Die Marxisties-Leninistiese tydperk

Die Angolese grondwet het in 1976-1980 etlike veranderings ondergaan om dit met die MPLA se Marxisties-Leninistiese beleidsrigtings te versoen. In Mosambiek was die onaf- hanklikheidsgrondwet uit die staanspoor Marxisties-Leninisties van aard om by Frelimo- beleid aan te pas. In albei state is gepoog om die politieke mag in die hande van 'n paar uitverkore partyleiers te plaas.

Die Angolese grondwet van 1980 het byvoorbeeld die MPLA-PT as enigste wettige party in hierdie staat bevestig. Verder het dit ook aan die Politburo, die Sentrale Komitee en die president beheer oor die wetgewende vergadering (“*People's Assembly*”) verleen³. In Mosambiek was 'n soortgelyke stelsel reeds in die 1978-grondwet vervat onder die voorwendsel dat dit leiding gee en samewerking in die “*people's struggle*” bewerkstellig⁴.

Albei state het van leier verander. In Angola (met die dood van president Neto in 1979) het dit beteken dat daar vir 'n kort tydperk 'n magstryd in MPLA-PT-geledere was. Dos Santos het dadelik na sy aanstelling as president sy magsoorsie gekonsolideer deur die ledetal van die MPLA-PT se sentrale komitee aan te vul met sy eie ondersteuners en die daarstel van toesighoudende magte oor die Angolese Raad van Ministers⁵.

²Vergelyk Hoofstuk 2 (bladsy 11) vir die voorskrifte van Marxisme-Leninisme ten opsigte van die samestelling van die regering van 'n staat.

³Die Politburo, Sentrale Komitee en president het die indiening van wetgewing oorheers. Vergelyk Hoofstuk 3 (bladsy 27).

⁴Sien ook Hoofstuk 4 (bladsy 43).

⁵'n Bespreking hiervan kom voor in Hoofstuk 3 (bladsy 30 tot 30).

In Mosambiek het die verandering van leiers egter meer vlot verloop. President Chissano is eenparig deur Frelimo se Sentrale Komitee aanvaar na president Machel se dood in 1986. Die probleemlose oornome van Chissano kan toegeskryf word aan die groot mate van konsensus wat binne Frelimo-geledere oor die politiek-ekonomiese beleid van die party bestaan het. President Machel het reeds voor sy dood heelwat aandag hieraan gegee⁶. Die MPLA-PT daarenteen, is tydens Dos Santos se oornome van mag deur 'n groot afname in sy ledetal⁷ geteister en daar was ook nie dieselfde mate van ooreenstemming oor beleid soos in Frelimo-geledere nie.

Alhoewel die MPLA-PT en Frelimo daarop aanspraak gemaak het dat hul beleid vanaf 1975 op wetenskaplike Marxisme-Leninisme geskoei was, was dit nie die geval nie. Elemente van die Leninisme ('n leierskorps wat die leiding neem om sodoende die werkersklas in 'n revolusie teen 'n kapitalistiese stelsel te lei⁸), was wel teenwoordig, maar van die wetenskaplike sy van sosialisme was daar min sprake. In die swak ekonomiese posisies en verdere verval van Angola en Mosambiek was daar nooit werklik 'n moontlikheid vir die MPLA-PT en Frelimo om daarop aanspraak te maak dat hulle ooit 'n suksesvolle "welvaartstaat" (of 'n samelewing van oorvloed) en 'n gelyke verdeling van hulpbronne sou kon bewerkstellig nie⁹. Die sogenaamde Marxisties-Leninistiese stelsel waarvolgens geregeer is, het ook nooit gepoog om totaal verteenwoordigend van die werkersklas te wees nie. Dit was as gevolg van die voortslepende burgeroorloë nie moontlik nie. Wat wel waar was, was dat beide Angola en Mosambiek sedert 1975 tot met die begin van die demokratiseringspogings vasgevang was in die sogenaamde oorgangsfase van Leninisme waarvolgens die leierskorps seker moes maak dat sosialisme suksesvol in 'n betrokke staat gevestig word. Omdat die burgeroorloë voortgeduur het (en ook in 'n groot mate suksesvol was), het dit beteken dat die voortbestaan van sosialisme nooit in Angola en Mosambiek verseker was nie. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat nooit verby die eerste fases van die Marxisme-Leninistiese ideologie gevorder is nie.

Verder het kapitalistiese elemente steeds in beide Angola en Mosambiek bly voortbestaan. VSA-betrokkenheid in die Angolese olie-industrie en interne ontevredenheid met

⁶Vergelyk Hoofstuk 4 (bladsy 45) vir die maatreëls wat president Machel in Mosambiek getref het om interne kritiek teen Frelimo se Marxisties-Leninistiese politiek-ekonomiese beleid hok te slaan.

⁷Die mate waartoe die MPLA-PT-ledetal afgeneem het word in Hoofstuk 3 (bladsy 26) aangedui.

⁸Vir besonderhede oor Lenin se belangrikste bydrae tot die sosialistiese ideologie en die verband wat dit het met die wetenskaplike benadering tot sosialisme, vergelyk Hoofstuk 2 (bladsy 11).

⁹Beide die skep van 'n suksesvolle "welvaartstaat" en 'n samelewing van oorvloed deur die gelyke verdeling van hulpbronne is deel van die Marxisties-Leninistiese ideologie. Vergelyk Hoofstuk 2 (bladsy 11) vir 'n meer volledige uiteensetting.

Frelimo se ekonomiese voorskrifte soos geskoei op die Marxisme-Leninisme, beteken dat daar nooit werklik totaal van kapitalistiese norme afgesien is nie. Eksterne invloede, byvoorbeeld die politieke inmenging van kapitalistiese moondhede soos die VSA en Suid-Afrika, het ook voortdurend 'n rol gespeel. Die rede vir Angola en Mosambiek se onvermoë om ekonomiese voortuitgang te bewerkstellig, kon dus dikwels, verkeerdelik, aan 'n eksterne rede (internasionale inmenging), toegeskryf word. Angola en Mosambiek kon dus in hierdie tydperk (1975–1989) hoogstens as sosialisties georiënteerde state¹⁰ geklassifiseer word.

Die politiek-konstitusionele stelsels in Angola en Mosambiek het verder ook elemente van wetenskaplike sosialisme bevat (soos waarna hierbo ook verwys is). Minder klem is egter op die konsep van “*the people*”, as op die uitbuiting van die werkersklas onder kapitalisme, geplaas. Omdat die MPLA-PT en Frelimo-regerings ook nie al “die mense” verteenwoordig het nie (as gevolg van die burgeroorloë wat in Angola en Mosambiek voorgekom het kon hierdie aanspraak nie gemaak word nie) en was dit makliker om daarop aanspraak te maak dat hulle die werkersklas verteenwoordig. Daar is dikwels na die belang van “*the people*” verwys. Om hul posisie te verdedig en te verduidelik waarom op politieke en ekonomiese gebied nie sukses behaal kon word nie, is die klem egter eerder op die verteenwoordiging deur bogenoemde partye van die werkersklas se belange, geplaas. Gevolglik kan beide Angola en Mosambiek ook as Afrika-Marxisties beskou word¹¹.

Een van die grootste invloede op die politiek-konstitusionele verandering van beide state was dus die voortslepende burgeroorloë. Nie net het dit 'n invloed gehad op die samestelling van die ideologiese beleidsrigtings van die MPLA-PT en Frelimo nie, dit het ook 'n meer direkte gevolg, naamlik die ekonomiese ineenstorting van Angola en Mosambiek, gehad. In Angola was aanvalle deur Unita verantwoordelik vir die grootskaalse ineenstorting van die landbousektor en die petrolnywerheid, albei slagare van die Angolese ekonomie.

Op soortgelyke wyse was die MNR se aanvalle teen Frelimo verantwoordelik vir die vernietiging van die Mosambiekse ekonomie. Die tekening van die ekonomie om die bestaande Angolese en Mosambiekse regerings tot politieke verandering te dwing, was meer suksesvol in Mosambiek as in Angola. Alhoewel die skade wat gely is in albei

¹⁰Hoofstuk 2 (bladsy 11) gee 'n meer volledige uiteensetting van wat 'n sosialisties georiënteerde staat behels.

¹¹Die beskrywing van wat 'n Afrika-Marxistiese staat behels kan in Hoofstuk 2 (bladsy 12) gevind word.

gevalle hoog was, kon Angola steeds daarin slaag om deur middel van beperkte olie-uitvoer buitelandse valuta te verdien. Mosambiek het nie 'n soortgelyke produk gehad waarmee totale ekonomiese verval voorkom kon word nie. Gevolglik was Mosambiek die eerste van die twee state (reeds in 1987) wat toegegee het aan internasionale eise vir ekonomiese hervorming as voorwaarde vir ekonomiese hulpverlening van die Wêreldbank en die IMF¹². Hierteenoor het die eerste teken van 'n MPLA-PT-bereidwilligheid om hervorming toe te pas, eers na 1989 — met die einde van die Koue Oorlog — te voorskyn getree. Dit het die vorm aangeneem van 'n ooreenkoms met die Wêreldbank en die IMF wat Angola se aansluiting by hierdie organisasies en onderhandeling vir die herskedulering van sy internasionale skuld moontlik gemaak het. Hiervoor moes die MPLA-PT ook ooreenkom om ekonomiese hervorming in ooreenstemming met IMF- en Wêreldbank-voorskrifte aan te pak.

Nog een van die belangrike faktore wat tot hervormings deur die MPLA-PT en Frelimo gelei het, was die veranderende internasionale milieu na 1989. Nie net ekonomiese hervorming het egter hieruit gevolg nie, maar ook politieke hervorming. Voor die einde van die Koue Oorlog is die duur van die Angolese burgeroorlog uitgerek deur die VSA se teenstrydige beleid waarvolgens beide die MPLA-PT en Unita steun ontvang het¹³. In Mosambiek het ekonomiese druk, en die noodsaaklikheid om daardie druk met internasionale hulpverlening te verlig, hervorming tot gevolg gehad. Omdat slegs Westerse hulp voortaan beskikbaar was, was dit Westerse ekonomiese en politieke voorskrifte waaraan gehoor gegee is.

Demokratiserende politiek-konstitusionele verandering in Mosambiek het begin met die weglating van Marxisties-Leninistiese sleutelbegrippe uit die vyfde Frelimo partykongres (gehou in 1989)se dokumentasie¹⁴. Dit is gevolg deur die eensydige aanvaarding van 'n nuwe grondwet in 1990 deur 'n Frelimo-beheerde "*People's Assembly*", wat veelparty demokratiese verkiesings op 27 Oktober 1994 moontlik gemaak het. In Angola het sameprekings vir vrede tussen die MPLA-PT en Unita, as gevolg van gesamentlike druk deur die VSA en die Sowjet- Unie op hierdie organisasies, in April 1989 begin.

Beide die MPLA-PT en Frelimo is tot verandering, weg van hul voormalige Marxisties-

¹²Vergelyk Hoofstuk 4 (bladsy 47).

¹³In Hoofstuk 3 (bladsy 33) is aangedui hoe die VSA, alhoewel dit die MPLA-PT se Marxisties-Leninistiese beleid veroordeel het, steeds olie vanuit hierdie staat aangekoop het en dus ekonomiese ondersteuning aan hierdie organisasie gegee het.

¹⁴Hoofstuk 4 (bladsy 47) gee 'n aanduiding van die wyse waarop Marxisties-Leninistiese konsepte uit die genoemde dokumentasie weggelaat is.

Leninistiese beleid, gedwing deur internasionale druk vir demokratisering en ekonomiese verval wat deur voortslepende burgeroorloë meegebring is. 'n Nuwe tydperk van demokratiserende politiek-konstitusionele verandering en vryemark ekonomiese hervorming het teen die begin van die negentigerjare aangebreek.

7.4 Die tydperk van demokratisering

Daar is reeds verwys na die samesprekings wat in 1989 tussen die MPLA-PT en Unita aangeknoop is. Soortgelyke samesprekings is deur die MNR en Frelimo gedurende Julie 1990 begin. Hierdie onderhandelinge het tot groter samewerking tussen die strydende partye in beide Angola en Mosambiek gelei.

Daar is onder meer deur hierdie ooreenkomste in albei state konsensus bereik oor die demobilisasie van gewapende magte, die hou van verkiesings en die wyse waarop die internasionale gemeenskap by die oorgang na demokrasie betrek moes word¹⁵. In Angola is nie voorsiening gemaak vir voldoende internasionale betrokkenheid ten opsigte van die demobilisasieproses nie en was die toegelate tyd vir demobilisasie ook te kort. In Mosambiek het 'n heelwat groter internasionale betrokkenheid — en die uitstel van verkiesings toe dit geblyk het dat aanvanklik nie voldoende tyd vir demobilisasie toegelaat is nie — suksesvolle demobilisasie tot gevolg gehad. Die noodsaaklikheid van groter internasionale betrokkenheid en die voorsiening vir genoegsame tyd om demobilisasie af te handel, kan direk toegeskryf word aan die lesse wat uit die voortsetting van die burgeroorlog in Angola geleer is¹⁶.

Verkiesings het onderskeidelik in 1992 in Angola en in 1994 in Mosambiek plaasgevind. In albei gevalle het die vorige regeerders van hierdie state die verkiesings vir die laer huis ("*National Assembly*") van die regering met 'n klein minderheid gewen. In Mosambiek het Chissano ook 'n oorwinning as presidensiële kandidaat behaal, terwyl in Angola 'n verdere verkiesing vir die amp van president (as gevolg daarvan dat nie Dos Santos of Savimbi 'n volslae meerderheid behaal het nie) moes plaasvind¹⁷. In albei gevalle is die owerhede van verkiesingsbedrog beskuldig. In Angola het Unita die MPLA-PT daarvan

¹⁵Vergelyk Hoofstuk 5 (bladsy 55) en Hoofstuk 6 (bladsy 70) vir 'n duideliker uiteensetting van die belangrikste bepalinge in die ooreenkomste wat bereik is.

¹⁶Vergelyk Hoofstuk 6 (bladsy 73).

¹⁷Vergelyk Hoofstuk 5 (bladsy 57) en Hoofstuk 6 (bladsy 72) vir 'n kort uiteensetting van die verkiesingsuitslae in Angola en Mosambiek.

beskuldig dat die kieserslys (laasgenoemde was vir die opstel daarvan verantwoordelik) nie verteenwoordigend was nie (heelwat Unita-ondersteuners se name het nie daarop verskyn nie) en in Mosambiek het die MNR gedreig om die verkiesing te boikot as gevolg van beweerde planne van Frelimo om verkiesingsbedrog (deur burgers van Zimbabwe, wat die Frelimo-saak ondersteun het, toe te laat om te stem), te pleeg. In Mosambiek is die verkiesingsuitslae egter deur die MNR aanvaar. In Angola het ontevredenheid met die uitslag van die verkiesing tot die voortsetting van die burgeroorlog gelei.

Die welslae van die verkiesing in Mosambiek kan toegeskryf word aan die suksesvolle demobilisasie van gewapende magte in daardie staat, die versoeningspoging van president Chissano wat 'n aantal ministeriële poste aan die MNR aangebied het, asook die moontlikheid van die MNR om as suksesvolle parlementêre opposisie toe te tree¹⁸. In Angola het die demobilisasie nie onder genoegsame internasionale toesig plaasgevind nie en kon Unita daarin slaag om kort na die verkiesing die oorlog teen die MPLA-PT te hervat. Eers teen die einde van 1994, toe dit duidelik geword het dat Unita nie deur middel van gewapende optrede die stryd sou kon wen nie, het hierdie organisasie na die onderhandelingsstafel teruggekeer.

Gedurende die verkiesings in beide Angola en Mosambiek het 'n groot aantal nuwe politieke partye na vore gekom. Die enigste van hierdie partye wat genoegsame steun kon trek om in die regering opgeneem te word, was die "*Democratic Union*" wat voortaan in Mosambiek deel van die "*National Assembly*" sou wees¹⁹.

Alhoewel demokratiserende verandering nie in albei state dieselfde mate van sukses gehad het nie, het dit tog duidelik geword dat Marxisties-Leninistiese voorskrifte nie meer deurslaggewend was in die bepaling van die politiek-konstitusionele samestelling van hierdie state nie. Die Mosambiekse 1990-grondwet asook konsep-grondwette, wat voor 1992 in Angola deur die MPLA-PT en Unita vir oorweging ingedien is, gee 'n aanduiding van die wyse waarop demokratisering as nuwe politiek-konstitusionele veranderingsrigting by Marxisme-Leninisme oorgeneem het. In hierdie dokumente is byvoorbeeld voorsiening gemaak vir veelparty stelsels en is die wetgewende liggame ("*National Assemblies*") onafhanklik van sentrale beheer gemaak²⁰.

¹⁸Vergelyk Hoofstuk 6 (bladsy 72).

¹⁹Sien Hoofstuk 6 (bladsy 72).

²⁰Hoofstuk 3 (bladsy 27) en Hoofstuk 4 (bladsy 43) dui die wyse aan waarop indirekte sentrale beheer oor wetgewing verkry is deur die voorlegging daarvan aan die "*People's Assemblies*" te beheer.

7.5 Afsluiting

Dit is duidelik uit hierdie studie van Angola en Mosambiek sedert hul onafhanklikwording in 1975 dat ingrypende politiek-konstitusionele verandering plaasgevind het. Twee duidelike ideologiese invloede op die veranderingsproses het ook na vore getree. Die Marxisme-Leninisme het sedert 1975 tot en met die einde van die Koue Oorlog in beide Angola en Mosambiek 'n belangrike rol gespeel, maar is na die beëindiging van die Koue Oorlog met demokratiese invloede vervang. Dat 'n groot mate van demokratisering in albei state plaasgevind het kan nie ontken word nie. Wat egter ook duidelik is, is dat teen die einde van 1994 meer sukses ten opsigte hiervan in Mosambiek behaal is as in Angola.

Mosambiek se relatiewe sukses kan toegeskryf word aan die mate waartoe politieke polarisasie, as gevolg van 'n suksesvolle demobilisasie van gewapende magte, afgeneem het. In Angola, waar die samelewing teen die einde van 1994 steeds in twee gewapende kampe verdeel was (die MPLA-PT en Unita), is demokratiseringspogings vertraag. Dat daadwerklike pogings tot demokratisering wel in Angola aangepak is, is egter waar. Die langer tydsduur van die demokratiseringsproses in Mosambiek (1990-1994) teenoor dié in Angola (1990-1992), het egter veroorsaak dat die samelewing meer tyd gehad het om aan die politieke verandering gewoond te raak. Die sosialiseringsproses (die proses van aanvaarding van verandering) kon dus in Mosambiek meer suksesvol sy loop neem. Die internasionale gemeenskap het hierin 'n belangrike rol gespeel deurdat uit die foute van die demokratiseringsproses in Angola geleer is, foute wat nie in Mosambiek herhaal is nie.

Internasionale druk op Angola om die burgeroorlog wat in 1992 weer uitgebreek het te beëindig, het teen die einde van 1994 tot hernude samesprekings tussen die MPLA-PT en Unita gelei. Die sukses van verdere demokratiseringspogings in Angola sal daarvan afhang of die lesse wat uit die eerste poging tot demokratisering (1990-1992) en die relatiewe sukses van die proses in Mosambiek geleer is, toegepas gaan word. Slegs die demobilisasie van die gewapende magte en die tydsame deurvoer van die proses (op so wyse dat beide Unita en die MPLA-PT daarmee tevrede is), sal demokratisering in Angola verseker.

BIBLIOGRAFIE

- [1] ABEGUNRIN, O. 1990. Economic dependence and regional cooperation in Southern Africa: SADC and South Africa in confrontation. Lewiston: Mellen.
- [2] ALDEN, C. 1995. The UN and the resolution of conflict in Mozambique. *The Journal of Modern African Studies*, 33 (1): 103-128.
- [3] ANDERSON, H. 1992. Mozambique: A war against the people. New York, N.Y.: St. Martin's Press.
- [4] AUGUSTO, G. 1989. Angola's home grown reforms. *Southern African Economist*, 2 (3): 15-17, Jul.
- [5] BARADAT, L.P. 1988. Political Ideologies: Their origins and impact. 3rd. ed. Englewood Cliffs, N.Y.: Prentice Hall.
- [6] BARRATT, J. 1976. The Angolan conflict — Internal and international aspects. Braamfontein: The South African Institute for International Affairs.
- [7] BLAUSTEIN, A.P., SIGLER, J. & BEEDE, B.R. 1977. Documents of the world. Dobbs Ferry, N.Y.: Oceana Publications, Inc.
- [8] BLAUSTEIN, A.P. & FLANZ, G.H. 1981. Constitutional Law of the People's Republic of Angola. (*In* Blaustein, A.P. & Flanz, G.H. *ed.* *Constitutions of the Countries of the World*. Dobbs Ferry, N.Y.: Oceana Publications, Inc.).
- [9] BLAUSTEIN, A.P. & FLANZ, G.H. 1992a. Constitution of the Republic of Mozambique. (*In* Blaustein, A.P. & Flanz, G.H. *ed.* *Constitutions of the Countries of the World*. Dobbs Ferry, N.Y.: Oceana Publications, Inc.).
- [10] BLAUSTEIN, A.P. & FLANZ, G.H. 1992b. MPLA Draft Constitution of the Republic of Angola. (*In* Blaustein, A.P. & Flanz, G.H. *ed.* *Constitutions of the Countries of the World*. Dobbs Ferry, N.Y.: Oceana Publications, Inc.).
- [11] BLAUSTEIN, A.P. & FLANZ, G.H. 1992c. Unita Draft Constitution of the Republic of Angola. (*In* Blaustein, A.P. & Flanz, G.H. *ed.* *Constitutions of the Countries of the World*. Dobbs Ferry, N.Y.: Oceana Publications, Inc.).

- [12] BLAUSTEIN, B. & LESSICK, S. 1992. Mozambique: Chronology (*In* Blaustein, A.P. & Flanz, G.H. *ed.* *Constitutions of the Countries of the World*. New York, N.Y.: Oceana Publications, Inc.)
- [13] BIRMINGHAM, D. 1992. *Frontline Nationalism in Angola and Mozambique*. London: Africa World Press.
- [14] BOTHA, P. 1988. *Generic aspects of Marxism-Leninism in Africa*. Pretoria: African Institute of South Africa.
- [15] BOTHA, P. 1995. Die Evolusie van Kommunistiese Denke oor Nie- Kapitalistiese Ontwikkeling en Nasionale Demokrasieë — Hoofstuk V, Ekonomiese aspekte. (Hoofstuk in onvoltooide proefskrif. Ongepubliseerd.)
- [16] BYRNES, R.M. 1991. Angola — Government and politics. (*In* Collelo, T. *ed.* *Angola — A country study*. 3rd. ed. Washington: Library of Congress, Federal Research Division.
- [17] CALVOCORESSI, P. 1987. *World politics since 1945*. 5th ed. London: Longman.
- [18] CAMPBELL, H. 1992. Peace, Democracy and elections in Angola. *Southern Africa Political and Economic Monthly*, 5 (12): 8–11, Sept.
- [19] CHAN, S. 1990. *Exporting Apartheid: Foreign policies in Southern Africa, 1978–1988*. London: Macmillan.
- [20] CHAPMAN, M. 1995. Mozambique: The newest kid on the deocratic bloc, *Africa Insight*. 25 (1): 15–20.
- [21] CLARK, N. 1991. Angola — The Economy (*In* Collelo, T. *ed.* *Angola — A country study*. 3rd. ed. Washington: Library of Congress, Federal Research Division.
- [22] COETZEE, D. 1990. Winding down the Angolan war. *Work in Progress*, 70 (71): 49–51, Nov—Dec.
- [23] COKER, C. 1984. The Soviet Union and Eastern Europe: Patterns of Competition and Collaberation in Southern Africa (*In* Nation, R.C. & Kauppi, M.V. *ed.* *The Soviet Impact in Africa*. Toronto: Lexington).
- [24] COVANCE, L.A. *ed.* 1994. *The Political Economy of Mozambique since Independence*. Harare: SAPES Trust.
- [25] COULSON, A. 1991. Angola: Politics after peace. *Africa Report*, 36 (3): 49–51, Jul–Aug.
- [26] CHIRKIN, V.Y. 1985. *Constitutional law and political institutions*. Moscow: Progress Publishers.
- [27] CHIRKIN, V.Y. & YUDIN, Y.A. 1978. *A Socialist-orientated state: instrument of revolutionary change*. Moscow: Progress Publishers.

- [28] DAHL, R.A. 1971. *Polyarchy: participation and opposition*. New Haven: Yale University Press.
- [29] DELURY, G.E. *ed.* 1987. *World Encyclopedia of Political Systems & Parties*. 2nd. ed. Volume I. Oxford: Facts on File Publications.
- [30] DOS SANTOS, J.E. 1990. *New Year Message to the Angolan People*, Luanda, 30 December 1989. London: ANGOP.
- [31] EIU
kyk
ECONOMIST INTELLIGENCE UNIT.
- [32] ECONOMIST INTELLIGENCE UNIT. 1994a. Angola. *Country Report*, 94 (4): 1–31, Nov.
- [33] ECONOMIST INTELLIGENCE UNIT. 1994b. Mozambique. *Country Profile*, 93/94.
- [34] ECONOMIST INTELLIGENCE UNIT. 1994c. Mozambique, Malawi. *Country Report*, 94 (1): 1–32, Jan.
- [35] ECONOMIST INTELLIGENCE UNIT. 1994d. Mozambique, Malawi. *Country Report*, 94 (3): 1–39, Jul.
- [36] ESTERHUYSEN, P. 1985. Mosambiek, 1975–1985: Politieke en konstitusionele verwickelinge. *Afrika Instituut van Suid-Afrika Bulletin*, 25 (6–7): 86–87.
- [37] ESTERHUYSEN, P. 1992. *Africa at a glance*. Pretoria: Belmor.
- [38] FAIS
kyk
FREE ANGOLA INFORMATION SERVICE.
- [39] FATTON, R. 1990. Liberal Democracy in Africa. *Political Science Quarterly*, 105 (3): 455–473.
- [40] FAURE, A.M., KRIEK, D.J., LABUSCHAGNE, G.S., DU P LOUW, A. & VENTER, J. 1988. *Suid-Afrika en die demokrasie*. Pinetown: Owen Burgess Uitgewers.
- [41] FINNEGAN, W. 1993. *A Complicated War — The Harrowing of Mozambique*. London: University of California Press, Ltd.
- [42] FINKEL, V.R. 1993. Savimbi's sour grapes. *Africa Report*, 38 (1): 25–28, Jan–Feb.
- [43] FREE ANGOLA INFORMATION SERVICE. 1990. *The case for democracy in Angola*. Washington: FAIS.
- [44] FREE ANGOLA INFORMATION SERVICE. 1993. *Electoral Fraud in Angola: The Subversion of a Nascent Democracy*. Washington, DC: FAIS.

- [45] GAMBARI, I.A. 1993. Africa's Place in the International System. (Oorspronklike lesing gelewer op 21–23 Maart by die 1993 “*Royal African Society's Conference on Africa for 1993*”). Oxford: St. Catherine's College.
- [46] GERVASI, S. 1975. Continuing escalation in the Angola crises. New York, N.Y.: Africa Fund.
- [47] GIBBON, P. 1992. The World Bank and African Poverty, 1973–91. *The Journal of Modern African Studies*, 30 (2): 193–220, Feb.
- [48] GONZALEZ, D. 1991. Changes in Angola: A viewpoint. *Revista de Africa y Medio Oriente*, 3 (1): 101–134.
- [49] GUNN, G. 1987. Cuba and Angola. *Africa Notes*, 70 (3): 1–4, Mar.
- [50] HAINES, R. & WOOD, G. 1995. Mozambique's Democratic Transition: The 1994 Elections and Beyond. Port Elizabeth: University of Port Elizabeth. (Institute for Planning Research. Occasional Paper no. 50.)
- [51] HAMIL, J. 1994. Angola's Road from under the rubble. *The World Today*, 50 (1): 6–11, Jan.
- [52] HAT
kyk
ODENDAL, F.F., *red.*
- [53] HOILE, D. 1989. Mozambique: A nation in crises. Georgia: Claridge Press.
- [54] HOILE, D. 1994a. Mozambique 1962–1993: A Political Chronology Georgia: Claridge Press.
- [55] HOILE, D. 1994b. Mozambique: Resistance and freedom. Georgia: Claridge Press.
- [56] ISAAK, A.C. 1985. Scope and Method of Political science. 4th. ed. Pacific Grove C.A.: Brooks Cole Publishers.
- [57] KLINGHOFFER, A.J. 1980. The Angolan War: A study in Soviet Policy in the Third World. Boulder, Colo.: Westview Press Inc.
- [58] KOTZE, H.J. & VAN WYK, J.J. 1988. Politieke konsepte. Johannesburg: Perskor.
- [59] KRAUSE, J. 1984. Soviet Arms Transfers to Sub-Saharan Africa. (In Nation, R.C. & Kauppi, M.V. *ed.* The Soviet Impact in Africa. Toronto: Lexington).
- [60] KRIEGER, J., *ed.* 1993. The Oxford Companion to Politics of the World. Oxford: Oxford University Press.
- [61] LAQUEUR, W., *ed.* 1971. A Dictionary of Politics. London: Tinling and Company Ltd.

- [62] LAVY, T.L. 1992. Angola : Chronology 1981–1992. (In Blaustein, A.P. & Flanz, G.H. *ed.* *Constitutions of the Countries of the World*. Dobbs Ferry, N.Y.: Oceana Publications, Inc.).
- [63] LAZITCH, B. 1988. *The Battle for Angola 1974–1988: A set-back for communism in Africa*. London: Better Britain Soc.
- [64] LEGUM, C. 1986a. *Political Shake-up in Angola*. Richmond: CSI Syndication Service.
- [65] LEGUM, C. 1986b. *Mozambique's Gravest Hour Since Independence*. *Third World Reports*, HQ2. Richmond: CSI Syndication Service.
- [66] LINDBLOM, C.E. 1988. *Democracy and Market System*. Denmark: Norwegian University Press.
- [67] LUSAKA AGREEMENT. 1974. *The Lusaka Agreement* (In South African Institute of International Affairs *ed.* *Frelimo and the Transitional Government*. Braamfontein: The South African Institute of International Affairs).
- [68] MACHEL, S. 1974. *Policy Statement of Samora Machel, President of FRELIMO* (In South African Institute of International Affairs *ed.* *Frelimo and the Transitional Government*. Braamfontein: The South African Institute of International Affairs).
- [69] MACHEL, S. M. 1976. *Establishing peoples power to serve the masses*. Toronto: TCLSAC.
- [70] MARAIS, G. 1992. Afrika se trek na demokrasie. *Finansies & tegniek*, 44 (33): 47–48, Aug.
- [71] MARCUM, J.A. 1987. *The people's Republic of Angola: A Radical Vision Frustrated*. (In Keller, E.J. & Rothchild, D. *ed.* *Afro-Marxist Regimes — Ideology and Public Policy*. London, Lynne Rienner Publications.)
- [72] MARSHALL, J. 1989. *Structural Adjustment and Social Policy in Mozambique*. *African Connexion*, 4 (1): 40–41, 43, 45–46.
- [73] MARSHALL, J. 1992. *Literacy, Power and Democracy in Mozambique*. Oxford: Westview Press.
- [74] MAVENEKA, L. 1989. *Frelimo rethinks the party line*. *The Southern African Economist*, 2 (4): 30–32, Aug–Sept.
- [75] MAXWELL, K. 1990. *The Portuguese colonies and decolonization*. *Africa Journal*, (15): 59–73.
- [76] MELDRUM, A. 1993. *Avoiding another Angola*. *Africa Report*, 38 (5): 46–49, Sept–Okt.
- [77] MEYER, A.G. 1957. *Leninism*. Cambridge, Mass.: Harvard University Press.

- [78] MOZAMBIQUE, ANGOLA and GUINE INFORMATION CENTRE. 1976. Documents — MPLA Central Committee. London: Mozambique, Angola and Guine Information Centre.
- [79] MUCHANGO, M. 1987. The Economic Recovery Programme. (Toespraak gelewer deur Mosambiek se Eerste Minister in Januarie 1987.) Mozambique Information Agency, no. 127, February 1987.
- [80] MUNSLOW, K. 1990. Ending the Cold War in Southern Africa. London: Third World Foundation for Social and Economic Studies.
- [81] NEETHLING, T. G. 1989. Die OAE en die bevrydingstryd in Suider-Afrika. Potchefstroom: PU vir CHO (Verhandeling — M.A.)
- [82] NEWITT, M. 1995. A History of Mozambique. London: C.Hurst & Co. Ltd.
- [83] ODENDAAL, C. 1977. Die Staatsregtelike Opset in Mosambiek Sedert Onafhanklikwording. (Skripsie voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad LLB). Universiteit van Pretoria. Ongepubliseer.
- [84] ODENDAL, F.F., red. 1992. Verklarende Handwoordeboek vir die Afrikaanse taal. Johannesburg: Perskor.
- [85] PEREIRA, A.W. 1994. The Neglected Tragedy: the Return to War in Angola, 1992–93. *The Journal of Modern African Studies*, 32 (1): 1–28.
- [86] PRZEWORSKI, A. 1988. Transitions from Authoritarian Rule. (In O'DONNELL, G., SCHMITTER, P.C. & WHITEHEAD, L. eds. *Transitions from Authoritarian Rule. Comparative Perspectives*. Londen : John Hopkins University Press. p. 47–64.)
- [87] ROBERTSON, D.A., ed. 1993. A Dictionary of Modern Politics. London: Staples Ltd.
- [88] ROTH, D.F., WARWICK, P.V. & PAUL, D.W. 1989. Comparative Politics — Diverse States in an Interdependant World. New York, N.Y.: Harper & Row.
- [89] ROTHCHILD, D. & FOLEY, M. 1987. Ideology and Policy in Afro-Marxist Regimes: The Effort to Cope with Domestic and International Constraints. (In Rothchild, D. & Keller, J.K. ed. *Afro Marxist Regimes: Ideology and Public Policy*. London: Liener Publishers.)
- [90] SELLSTRÖM, T. 1992. Observer's Report on the Angolan Elections, 29–30 September 1992. NEPRU Working Paper no.19.
- [91] SCHMITTER, P.C. & O'DONNELL, G. 1989. Transitions from authoritarian rule: Tentative conclusions about uncertain democracies. 2nd ed. London: John Hopkins University Press.
- [92] SHAW-KERPEN, K. 1981. Angola 1977–1980 : Constitutional Chronology. (In Blaustein, A.P. & Flanz, G.H. ed. *Constitutions of the Countries of the World*. Dobbs Ferry, N.Y.: Oceana Publications, Inc.).

- [93] SINGLETON, S. 1984. From Intervention to Consolidation: The Soviet Union and Southern Africa (*In Nation, R.C. & Kauppi, M.V. ed. The Soviet Impact in Africa. Toronto: Lexington*).
- [94] SMALDONE, J.P. 1991. Angola — National Security (*In Collelo, T. ed. Angola — A country study. 3rd. ed. Washington: Library of Congress, Federal Research Division*).
- [95] SMITH, P. 1992. Angola: Free and Fair Elections. *Review of African Political Economy*, (55): 101-106, Nov.
- [96] SMITH, S. 1990. Frontline Africa: The Right to a Future, an Oxfam report on conflict and poverty in Southern Africa. Oxford: Oxfam.
- [97] SOMERVILLE, K. 1986. Angola, Economics and Society. London: Frances Pinter.
- [98] SNYMAN, M. 1992. Africa Monitor. *Africa Insight*, 22 (1): 73-80.
- [99] TENNEY, C. 1992. Mozambique: Chronology (*In Blaustein, A.P. & Gisbert, H.F. ed. Constitutions of the Countries of the World. New York, N.Y.: Oceana Publications, Inc.*)
- [100] TORP, J.E. 1989. Mozambique. (*In Szajkowski, B. ed. Marxist Regimes. London : Pinter Publishers Ltd.*).
- [101] VAN ASWEGEN, H. 1984. Institutional developments in Mozambique, 1974-1984. *Studies in Marxism*, 1 (3): 7-22, November.
- [102] WARNER, R. 1991. Angola — Historical Setting (*In Collelo, T. ed. Angola — A country study. 3rd. ed. Washington : Library of Congress, Federal Research Division*).